# KINDERBERADING:
# 'n BYBELS-NARRATIEWE MODEL

**Johanna Petronella Pretorius**
BA (Maatskaplike Werk)
BA Honns (Teologie)

Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike vereiste vir die graad Magister Artium in die vakgroep Praktiese Teologie aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Studieleier: Prof. Dr. G.A. Lotter

Potchefstroom
2000

## VOORWOORD

My innige dankbaarheid aan 'n God wat stories skryf en vertel. Mag hierdie werk 'n bydrae lewer om sy Woord op die bes moontlike wyse aan ander oor te dra.

Die volgende persone verdien vermelding:

My man, Gerard, wat die lewenspad saam met my loop.

Oom Jan en Tannie Ansie, wat altyd daar is vir my.

My maat(jie)s Vonita, Marcia, Marita, Annie, Ina, Heinrich, Carin en Stefan, wat Josef se verhaal saam met my gedink en droom het.

Juffrou Ryna, wat my kleintyd toegelaat het om haar storieboeke-met-'n-boodskap te lees.

My studieleier, Prof. Lotter, vir aanmoediging en professionele leiding.

Bothaville
November 2000

## ABSTRACT

Counseling Children: A Biblical-narrative model

The purpose of this research is to examine the possibilities of the Biblical narrative (Genesis 37, 39-50 as the focus of this study) in therapy with children. A practical, reformed view of humans has been established, to give a clearer understanding of how Christian therapists view a child in therapy. The specific role of the therapist in the use of Narrative therapy was explored.

Narrative therapy can be approach in two different ways: the use of the persons problem-oriented story, or the use of external narratives. Both uses have been discussed, combined and illustrated through the use of case studies. The story of Joseph (Genesis 37, 39-50) was selected for use in this studie. It has been studied in a context of Revelation history, while the case for the use of this narrative has been argued. The main reason being that Joseph seems to be an exceptional example of virtue for any person to follow.

On the strenth of this study the author wishes to make the conclusive propositions: Children with problems should not only be helped to cope with their problems, but should also be taught to build a relationship with God during the therapy proses. Since stories have been used through the ages to convey a spesific message (also by Jesus himself), this method could (and should) be employed while working with children. The Christian therapist is priviledged to have the Word of God, written in narrative form, to utilize in practice.



Key words: Pastoral counseling<br>Child<br>Narrative therapy

## OPSOMMING

Kinderberading: 'n Bybels-Narratiewe model

Die doel van hierdie studie is om die moontlike gebruik van die Bybelse narratief (Genesis 37, 39-50 as fokus van hierdie studie) in terapie met kinders te ondersoek. 'n Praktiese, Gereformeerde siening van die mens is saamgestel, ten einde 'n beter verstaan van die Christen terapeut se siening van die kind in terapie daar te stel. Die spesifieke rol van die terapeut wat Narratiewe terapie gebruik, is ondersoek.

Narratiewe terapie kan vanuit twee hoeke beskou word: die gebruik van die persoon se probleem-georienteerde verhaal, of die gebruik van eksterne narratiewe. Beide gebruike is bespreek, gekombineer en geillustreer deur die gebruik van gevallestudies. Die verhaal van Josef (Genesis 37, 39-50) is as fokus vir hierdie studie gekies. Die verhaal is in konteks van die Openbaringshistoriese konteks daarvan ondersoek, terwyl redes vir die gebruik van die spesifieke verhaal ondersoek is. Een van die belangrikste redes vir die gebruik van die verhaal, is die moontlikheid van Josef as uitsonderlike voorbeeld vir enige persoon om na te volg.

Na afloop van hierdie studie, wil die navorser die volgende opmerking maak: Kinders met probleme behoort nie net gehelp te word om probleme te hanteer nie, maar moet ook geleer word om te midde van die terapeutiese proses 'n verhouding met God te bou. Aangesien stories deur die eeue gebruik is om 'n spesifieke boodskap oor te dra (oor deur Christus), kan (en moet) hierdie metode ook gebruik word wanneer met kinders gewerk word. Die Christen terapeut is bevoorreg om oor die Woord van God, in verhaal vorm, te beskik wat vir hierdie doel in die praktyk gebruik kan word.

Trefwoorde: Pastorale berading
Kind
Narratiewe terapie

# Inhoud

## HOOFSTUK 1
## Inleiding

1.1 Titel 1
1.2 Probleemstelling 1
1.3 Doelstellings 4
1.3.1 Doelstelling 4
1.3.2 Doelwitte 5
1.4 Sentrale teoretiese argument 5
1.5 Metode 6
1.6 Tegniese aspekte 7
1.6.1 Die volgende terme word in die verhandeling gebruik 7
1.6.2 Logos en Internet bronne 7
1.7 Hoofstukindeling 8

## HOOFSTUK 2
## 'n Bybels-Reformatoriese mensbeskouing met spesifieke verwysing na die kind

2.1 Inleiding 10
2.2 Beeld van God 11
2.2.1 In verhouding tot God 12
2.2.2 In verhouding tot die medemens 13
2.2.3 In verhouding tot homself 14
2.2.4 In verhouding tot die natuur 15
2.2.5 In verhouding tot kultuur 16
2.3 Denke, gevoelens en verwoording daarvan 17

## Inhoud (vervolg)


| | | |
|---|---|---|
| 2.3.1 | Denke | 17 |
| 2.3.2 | Gevoelens | 19 |
| 2.3.3 | Verwoording van denke en gevoelens | 20 |
| 2.4 | Besluitneming en morele keuses | 21 |
| 2.5 | Sonde | 22 |
| 2.6 | Vergifnis | 23 |
| 2.7 | Herstel | 25 |
| 2.8 | Mensbeeld en die kind: Enkele opmerkings | 26 |
| 2.9 | Samevatting | 30 |

**HOOFSTUK 3**

**Terapeut en die verhaal van die beradene in narratiewe terapie**

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Inleiding | 32 |
| 3.2 | Die rol van die terapeut in narratiewe terapie | 33 |
| 3.3 | Narratiewe terapie | 37 |
| 3.3.1 | Definisie van narratiewe terapie | 37 |
| 3.3.2 | Model | 40 |
| 3.3.2.1 | Die skryf van 'n probeem-bevryde storie | 40 |
| 3.3.2.2 | Bevryding van die dominerende invloed van die probleem | 44 |
| 3.3.2.3 | God skenk homself aan die mens | 47 |
| 3.3.2.4 | Die mens kom tot 'n nuwe verstaan van sy lewe en konstrueer 'n sinvolle lewe | 48 |
| 3.3.2.5 | God vra reaksie | 50 |
| 3.3.2.6 | Getuig van en vier van God se | |

## Inhoud (vervolg)


| | | |
|---|---|---|
| | verlossingsdade | 52 |
| 3.4 | Samevatting | 53 |

**HOOFSTUK 4**

**Gebruik van die eksterne verhaal, van toepassing op die kind**

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | Inleiding | 54 |
| 4.2 | Gebruik van metafore | 56 |
| 4.3 | Gebruik van stories/mites | 59 |
| 4.4 | Gebruik van die Bybelverhaal | 61 |
| 4.5 | Gebruik van metafore met die kind | 65 |
| 4.6 | Ontwikkelingsvlak en persoonlikheid | 66 |
| 4.7 | Samevatting | 69 |

**HOOFSTUK 5**

**Genesis 37, 39-50 as besondere fokus**

| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | Inleiding | 71 |
| 5.2 | Afbakening van die perikoop | 71 |
| 5.3 | Literêre genre en belang by interpretasie | 72 |
| 5.4 | 'n Kultuur-historiese agtergrond | 77 |
| 5.5 | Interpretasie | 79 |
| 5.6 | Sintese | 80 |
| 5.6.1 | Kernboodskap | 80 |
| 5.6.2 | Konteks van die Bybel | 81 |
| 5.6.3 | Openbaringshistoriese plek | 82 |
| 5.6.4 | Besondere klem van die geleentheid | 85 |

## Inhoud (vervolg)


5.7 Redes vir die gebruik van die Josef-verhaal 87
5.8 Samevatting 93

**HOOFSTUK 6**
**Toepassing van Genesis 37, 39-50 in 'n Bybels-Narratiewe model**

6.1 Inleiding 94
6.2 Gebruik tydens 'n aanvangsonderhoud 94
6.3 Bespreking van gevallestudies 96
6.3.1 Egskeiding 96
6.3.2 Antwoord op geloofskwessies 99
6.3.3 Maak van keuses 103
6.4 Paradigma vir gebruik van die Josef-verhaal in berading 107
6.4.1 Individuele berading 107
6.4.2 Gebruik by lewensvaardigheids-opvoeding 110
6.5 Samevatting 114

**HOOFSTUK 7**
**Gevolgtrekking**

7.1 Inleiding 115
7.2 'n Bybels-Reformatoriese mensbeskouing 117
7.3 Terapeut en die verhaal van die beradene in narratiewe terapie 119

## Inhoud (vervolg)


| | | |
|---|---|---|
| 7.4 | Gebruik van die eksterne verhaal, van toepassing op die kind | 120 |
| 7.5 | Genesis 37, 39-50 as besondere fokus | 120 |
| 7.6 | Toepassing van Genesis 37, 39-50 | 123 |
| 7.7 | Finale gevolgtrekking | 123 |
| 7.8 | Voorstelle vir verdere studie | 124 |
| **BRONNELYS** | | 125 |
| **Bylaag** | | 142 |

# HOOFSTUK 1

## Inleiding

### 1.1 Titel

Kinderberading: 'n Bybels-narratiewe model

Trefwoorde: Pastorale berading, kind, narratiewe terapie
Pastoral counseling, child, narrative therapy

### 1.2 Probleemstelling

Reeds in die gelykenisse van Christus maak die Christen kennis met die gebruik van verhale ten einde sekere konsepte aan die mens te verduidelik (vgl. Mattheus 13:1-35; Snyman, 1983:288; Eberhardt; 1996:27). In die moderne Christelike literatuur word dit ook al meer 'n metode wat op die voorgrond tree in titels soos *God skryf 'n storie* (Cilliers, 1998) en *Prente van 'n passie* (Vosloo, 1999).

In die Psigologie word tans ook al hoe meer aandag geskenk aan die moontlikhede wat verhale vir terapie bied. Sommige psigoloë is voorstanders vir die gebruik van die persoon in terapie (hierna beradene genoem) se eie lewensverhaal. Hierdie metode beoog om die beradene van sy probleem te skei, en hom te help met die ontwikkeling van nuwe perspektiewe rondom die probleem. Sodoende word nuwe hanteringsmeganismes geskep (White, 1995:41ev; White & Denborough, 1998:2).

In die Reformatoriese tradisie is daar reeds teoloë wat die waarde van hierdie metode in die Pastorale praktyk besef. Die beradene se lewensverhaal kan aantoon hoe die spoor van God se vernuwingsproses in sy lewe gevolg word (Van Heerden en Kotze, 1997:92). Dit blyk dus dat hierdie metode met enkele aanpassings in die Pastorale praktyk van nut kan wees.

'n Ander metode om van verhale gebruik te maak, is deur verhale met 'n spesifieke doel te skep. Hierdie verhale word aan die beradene voorgehou ten einde insig of gedragsverandering te bewerkstellig. Bronne wat hierdie metode illustreer is onder andere:

- Tales of Enchantment (Lankton & Lankton, 1989)
- The language of love (Smalley & Trent, 1991)

Aangesien dit reeds bekend is dat Christus hierdie metode self gebruik het (Vermeulen, 1999:4), is dit waarskynlik dat dit ook vir die Pastorale praktyk met kinders tot nut kan wees.

Voorstelle is ook al gemaak vir die gebruik van Bybelverhale in terapie met kinders (vgl. Stover & Stover, 1994:28). Daar word tans baie aandag gegee aan die wyses waarop die Bybel aan kinders oorgedra en geleer behoort te word (vgl. Roux, 1994; Hymans, 1996; Cram, 1996).

Deuteronomium 6:4 gebruik die woord *Shema* om aan te toon dat kinders geleer moet word om na die Woord van God te luister, dit in ag te neem en te gehoorsaam (Bible, 1996:215). Sweeney en Landreth (1993:356) beskou die ware doel van terapie met kinders as

die aanleer van 'n gesonde selfbeeld, ten einde die kind nader aan sy Skepper te laat beweeg.

Dit lyk dus asof die Christen terapeut nie net opdrag het om kinders by te staan in die hantering van hul probleme nie, maar ook om hulle met geestelike groei in die proses van beproewing te help. 'n Lewende verhouding met die Skepper is dus die einddoel van terapie. Dit wil dus voorkom asof die kind se verhaal rondom sy lewe en probleme in lyn met die Woord van God behoort te loop tydens terapie.

Stutterheim (1993:46) meen dan ook dat verhale wat deur die terapeut gebruik word, 'n verband moet toon met die kind se eie lewensomstandighede, as gevolg van die kind se interaksiemetode met sy wêreld. Dit behoort dan ook vir gebruik van die Bybel te geld.

Indien bogenoemde in ag geneem word, blyk die verhaal van Josef (Genesis 37, 39-48) 'n moontlike keuse vir gebruik in terapie te wees, aangesien Josef talle probleme ervaar waarmee die kind in die moderne samelewing kan identifiseer. Voorbeelde hiervan is onder andere konflik met ander kinders in die gesin (Genesis 37:4), eensaamheid (Genesis 37:24), seksuele teistering (Genesis 39:7) en vergifnis van persone wat die kind leed aandoen (Genesis 45). Teoloë verwys ook soms na Josef as die Ou Testamentiese persoon wat die meeste soos Christus is (vgl Leupold, 1972:951; Seamands, 1995:161).

Integrasie van hierdie verskillende aspekte van die gebruik van verhale, en dan ook spesifiek die gebruik van die Bybelverhaal behoort dus plaas te vind. Daar moet egter in gedagte gehou word dat, alhoewel 'n dieptesnit van een verhaal gemaak word, die verhaal

gebruik word in die konteks van die Openbaringsgeskiedenis, en in lyn met die res van die Skrif. Ten einde die moontlikheid te ondersoek, moet enkele vrae beantwoord word, naamlik:

Oorkoepelend: Op watter wyse kan die kind met probleme se lewensverhaal met die Skrif in lyn gebring word, ten einde terapeutiese doelwitte te bereik, asook die kind met geestelike groei in die proses van beproewing te help?

Spesifiek:

- Watter teoretiese grondslag bestaan in die Reformatoriese tradisie as riglyn vir die terapeut se mensbeskouing, met spesifieke verwysing na die kind?
- Wat is narratiewe terapie en hoe word dit aangepas vir gebruik met die kind?
- Wat is die riglyne vir die gebruik van die narratief wat in die Bybel na vore kom en in die praktyk van toepassing gemaak kan word?
- Waarom word die Josef-verhaal uitgesonder vir gebruik in die praktyk?
- Hoe vind integrasie van inligting, rondom narratiewe terapie en Skrifgebruik, wat ingesamel is, plaas?

## 1.3 Doelstellings

### 1.3.1 Doelstelling

Die doel van hierdie studie is om die moontlikhede vir die daarstelling van 'n unieke pastorale terapie model vir kinders deur die gebruik van

die kind se verhaal en 'n verhaal uit die Bybel te ondersoek en, indien moontlik so 'n model voor te stel.

### 1.3.2 Doelwitte

- Die vasstel van 'n Bybels-Reformatoriese mensbeskouing vir die Christen terapeut in terapie met die kind.
- Inligting rondom narratiewe terapie te sistematiseer en evalueer, ten einde 'n definisie te vorm, asook in die praktyk met die kind van toepassing te maak.
- 'n Ondersoek na Bybelse riglyne vir die gebruik van die narratief, ten einde in die praktyk van toepassing te maak.
- Die terapeutiese en opvoedkundige waarde wat die Josef-verhaal vir die kind het, te illustreer en die verhaal in Openbaringshistoriese konteks te bespreek.
- Om kennis rondom die kind se ontwikkelingsfase in konteks te bespreek en te evalueer, ten einde hierdie inligting in die ontwikkeling van 'n model in ag te neem.
- Om praktiese gebruik van al die inligting ingesamel te illustreer, en 'n model voor te stel, wat gevallestudies insluit.

## 1.4 Sentrale teoretiese argument

Die sentrale teoretiese argument van hierdie navorsing is dat die Bybel self riglyne en narratiewe verskaf wat deur die Christen terapeut met die kind gebruik kan word in terapie, en dat 'n model vir hierdie doel saamgestel kan word.

## 1.5 Metode

In hierdie studie word aansluiting gevind by die model wat Zerfass (1974:166ev) vir die Praktiese Teologie ontwerp het (vergelyk ook Venter, 1996:25-26). Die metode behels die vorming van basisteorieë uit die teologiese tradisie, die vorming van metateorieë uit die Psigologie en Maatskaplike Werk en 'n ordening van resultate uit die verskillende refleksievelde in 'n wisselwerking met die oog op praktykteoretiese perspektiewe. Gevallestudies sal later in die bespreking gebruik word, ten einde praktykteoretiese gebruik aan te toon. Waar gevallestudies gebruik word, sal ook 'n aanduiding gegee word van wyses waarop die model by verskillende ontwikkelingsfases van kinders aangepas kan word.

Wat die ontwerp van basisteorieë betref, sal hoofsaaklik eksegeties te werk gegaan word volgens die grammaties-historiese metode (vgl Coetzee, 1990:15-30; Lotter, 1993:11) en die hermeneutiese uitgangspunte van die Reformatoriese tradisie (Floor, 1990:3). 'n Bybels-Reformatoriese mensbeskouing (Van Wyk, 1996:22-23; Van Der Walt, 1999:611) word dus op hierdie wyse saamgestel, terwyl die verhaal van Josef vanuit sy Openbaringshistoriese konteks bestudeer kan word.

Op metateoretiese vlak sal vanuit die Psigologie en Maatskaplike Werk deur analise, interpretasie en sintese, die tersaaklike materiaal gekeur en gerangskik word om in te pas by die opset van die navorsing.

1.6 Tegniese aspekte

1.6.1 Die volgende terme word in die verhandeling gebruik

**Beradene** - Dit is iemand wat vir berading na die terapeut kom. Die persoon is dus op soek na hulp, en ontvang die terapie. Die Engelse term *counselee* word vir die doeleindes van die verhandeling as *beradene* aangedui.

**Terapeut** - Die persoon wat berading verskaf word vir die doeleindes van die verhandeling terapeut genoem, aangesien Christen sielkundiges, maatskaplike werkers, pastorale beraders en predikers met die tersaaklike agtergrond en opleiding almal van hierdie model gebruik kan maak, en 'n koepelterm dus gebruik behoort te word. In Engels *counselor* genoem.

**Storie en verhaal** - Hierdie twee terme word in hierdie navorsingstuk as sinonieme gebruik. Deur konstruksie van sinne, en verduidelikings waar nodig, word onderskeid getref waar nodig. Definisie van die woord *storie* word in 3.3.1 bespreek. Terwyl die woord *narratief* ook met diesefde betekenis as bogenoemde terme gebruik word.

**Hy en hom** - is manlike terme wat bloot ten doel het om lees te vergemaklik, en sluit die vroulike in.

1.6.2 Logos en Internet bronne

Van Der Walt (2000:36) toon aan dat bronne op kompakskywe en die Internet, in wetenskaplike studies met slegs die datum in

aanhalingstekens gebruik word - geen bladsynommers kom voor nie. Die metode deur Van Der Walt voorgestel, word in hierdie studie gebruik.

## 1.7 Hoofstukindeling

In HOOFSTUK 2 word ondersoek ingestel na teoretiese aspekte van 'n Bybels-Reformatoriese mensbeskouing, met spesifieke verwysing na die kind.

HOOFSTUK 3 bespreek en sistematiseer metateoretiese inligting rondom die taak van die terapeut tydens narratiewe terapie, asook die gebruik van die beradene se eie lewensverhaal in konteks van die narratiewe proses.

HOOFSTUK 4 fokus op die gebruik van eksterne verhale, vir die doel van die studie metafore, stories/mites en die Bybelverhaal. Aandag word ook geskenk aan die ontwikkelingsvlak van die middelkinderjare kind (6-12 jaar), terwyl persoonlikheid ook aangeraak word.

In HOOFSTUK 5 word Genesis 37, 39-50 in konteks van die Openbaringsgeskiedenis, bespreek, ten einde redes aan te voer vir die uitsondering van hierdie verhaal vir gebruik in die praktyk.

HOOFSTUK 6 integreer die inligting wat in die voorgaande hoofstukke ingesamel is deur middel van gevallestudies, ten einde 'n antwoord op die sentrale teoretiese argument daar te stel.

HOOFSTUK 7 sluit hierdie studie af met die samevatting en finale gevolgtrekking met betrekking tot inligting wat bespreek is. Voorstelle vir verdere studie word ook gemaak.

# HOOFSTUK 2

## ‘n Bybels-Reformatoriese mensbeskouing met spesifieke verwysing na die kind.

### 2.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die mens, vanuit die konteks van die Skrif bespreek, ten einde ‘n mensbeskouing daar te stel vir gebruik in die ontwikkeling van ‘n model wat in hoofstuk 6 uiteengesit gaan word. Hierdie mensbeskouing dien as basis vir die wyse waarop die kind hanteer word, terwyl enkele aspekte ten opsigte van die kind wat aandag behoort te geniet, spesifiek genoem sal word.

Ten einde die Reformatoriese mensbeskouing in perspektief te sien, word by Van Der Walt (1999:264) aangesluit, waar melding gemaak word van die feit dat die Reformatoriese ontologie, in die lig van die Skrif, die volgende aanvaar:

- dat God bestaan,
- dat Hy die aardse werklikheid in aansyn geroep het, en
- dat Hy Sy Woord/wil/wet/orde vir die skepping gestel het om daaraan gehoorsaam te wees.

Die Skrif bied nie ‘n volledige mensbeskouing aan nie, maar wel ‘n aantal beginsels wat as grondslag vir ‘n mensbeskouing dien (Hammond, 1990:68; Van Der Walt, 1997:10). In Genesis 1:26 (ook Genesis 1:27; 5:3; 9:6) word verklaar dat God die mens na Sy Beeld geskape het. Die mens is dus in sekere aspekte *soos* God (Venter, 1987:1), wat die mens van die res van die Skepping onderskei (Bible,

1996:3; Van Der Walt, 1997:32). Die mens is 'n persoonlike wese met die vermoë om te dink, te voel en besluite te neem. Die mens kan morele keuses maak (Deuteronomium 30:19), en geestelike groei of verval toon. Die mens was tydens sy skepping heilig, maar het na die val in so mate verander dat hy sonde bo regverdiging verkies (Venter, 1987:3; Bible, 1996:3). Die mens moet dus vergifnis van God ontvang sodat sy verhouding met God herstel kan word (1 Korintiërs 15:49).

Louw (1997:182) waarsku dat, om die mens net vanuit die konteks van Genesis 1:26 te verklaar, gevaarlik kan wees. Daar moet dus gewaak word om blindelings 'n mensbeskouing te vorm, sonder om hierdie Skrifgedeelte in konteks van die Skrif (vgl. Van Der Walt, 1997:10) en Openbaringshistoriese konteks te bespreek. Bogenoemde opsomming word dus gebied om struktuur aan die bespreking te gee.

## 2.2 Beeld van God

> *The doctrine of the image of God is the foundation for human dignity and for the biblical ethic.* (Calvyn, in McNeill, 1950:696)

Volgens Calvin beteken hierdie beeld van God dan ook *holiness, righteousness and knowledge of the truth* en is Calvin ook van mening dat hierdie beeld eerder dinamies as staties is (vgl Van Der Walt, 1997:35).

Volgens Furgeson en Wright (1988:328) word twee betekenisse vir die

mens as beeld van God onderskei, naamlik:

- die mens is nie presies dieselfde as God nie, en
- die mens is 'n refleksie van God en moet dus hiervolgens leef

Helberg (1986:2) stem met bogenoemde saam, en voeg by dat die mens juis in hierdie opsig in 'n besondere verhouding met God staan – die mens staan dan ook as kind van God (vgl. Oppenheimer, 1994:1) bekend. Volgens Louw (1997:183) toon die term kind van God, wat ook op Christus van toepassing gemaak word, die unieke verhouding en verwantskap met God aan, asook die sin wat hierdie verwantskap aan die bestemmingsfunksie van die menslike lewe gee.

Botha (1993:166) merk tereg op dat daar verskeie menings oor die betekenis van die mens as beeld van God bestaan, maar bespreek die mens vanuit die Calvinistiese verbondbeskouing, waarvolgens die mens 'n verbonds- of verbandswese is (vgl. Pieterse, 1993:164), en betrek ook die relasie van die hele kosmos en menslike samelewing tot die mens in sy antropologie. Die mens staan dus in verhouding tot God, homself, sy medemens (vgl. Boyd & Bruce, 1990:69), die natuur en kultuur (Van Der Walt, 1999:611).

2.2.1 In verhouding tot God

Binne hierdie formele struktuur van menswees, is die mens *aangesprokene* en *antwoordende* wese (Heyns, 1984:128; Van Heerden, 1996:54), en selfs die ontkennende antwoord bly 'n antwoord – juis daarom kan die mens nooit buite sy verhouding tot God verstaan word nie (vgl ook Louw, 1997:186). Die

konsep *antwoordende* wese word deur Van Der Walt (1997:43) verduidelik in konteks van die mens se verhouding van gehoorsaamheid (vgl. Romeine 14:7-9) of ongehoorsaamheid aan God. Die mens se "antwoord" is dus in terme van sy gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid aan God. Die wyse waarop die mens op God se opdrag (as *aangesprokene*) reageer, toon dus aan óf hy God óf 'n afgod dien (Wolters, 1992:31,55; Van Der Walt, 1999:298).

God word dan ook deur die Christen as 'n eenheid wat uit drie dele bestaan (Vader, Seun en Heilige Gees), verstaan (Boyd & Bruce, 1990:27) waar in hierdie drie-eenheid 'n spesifieke verhouding onderling bestaan. Oppenheimer (1994:162) meen egter dat die mens nie in staat is om werklik hierdie konsep van drie, maar een, te verstaan nie: die menslike pogings om hierdie konsep te verstaan, is dus slegs pogings om hierdie grootheid van God wat die mens nie verstaan nie, te beskryf ( Vardy, 1990:43/44;141; Gaarner, 1998:273).

Die verhouding van mens tot God, deurtrek en bepaal alle ander verhoudings waarin die mens staan (Helberg, 1986:2; Botha, 1993:167; Van Der Walt, 1997:15).

### 2.2.2 In verhouding tot die medemens

Onderlinge afhanklikheid van en hulp vir mekaar word ten eerste gevind in die skepping van die mens as man en vrou (Heyns, 1984:130). Verantwoordelikheid vir mekaar word dan ook gevind in die geskiedenis van Kain en Abel (Genesis 4:9), waarna dit herhaaldelik in die Skrif voorkom (Heyns, 1984:130).

Volgens Johannes 13:35 beveel Christus dan ook dat mense mekaar moet liefhê. Boyd & Bruce (1990:37) reageer soos volg op hierdie Skrifgedeelte (vgl. ook Lukas 10:25-37):

*People cannot by their own decision have warm, loving feelings for other people. Fortunately, the command does not demand this. Christian love means doing what is best for the other person, no matter what the cost to oneself. It is a decision to act in a certain way, an act of the will.*

Wanneer God dan ook by mense betrokke raak, doen Hy dit gewoonlik deur ander mense (Vardy, 1990:143; Oppenheimer, 1994:43). Die profete (2 Samuel 12:1-14; 1 Konings 17/18; 2 Konings 2:19-22; 2 Konings 20:1-11), rigters (Rigters 3:31; 4/5; 6-8; 13-16) en dissipels (Handelinge 2:37-42; 3: 1-10; 9:36-43) kan as voorbeeld van hierdie betrokkenheid dien. Die mens se gerigtheid op God, en weerkaatsing van God se barmhartigheid en liefde, word dus konkreet in die liefdesgerigtheid teenoor ander persone (Helberg, 1986:72; Louw, 1997:183; Van Der Walt, 1997:68).

### 2.2.3 In verhouding tot homself

Heyns (1984:134) is van mening dat, saam met die mens se selfbewussyn, talle ander bewyse van die mens se verhouding met homself bestaan - selfkennis, selfrespek, selfkritiek, selfontplooiing en selfliefde. Die persoonlikheid van die mens, met hierdie vermoë om abstrak te kan dink en geestelik op te tree, toon ook die Beeld van God aan (Hammond, 1990:72).

Heyns (1984:134) voeg by dat ware selfkennis begin by die wete dat jy self nie Skepper is nie, maar net 'n skepsel, deur God goed geskape is met gawes en talente (Mattheus 25:14), dat jy in sonde geval het en alleen deur Christus gered kan word.

Die mens moet bewus bly van die feit dat hy nie *vanself* orent kan bly op die lewenspad, veral waar moeilike morele keuses gemaak moet word nie: afhanklikheid van God bly hoofsaak (Deist, 1991:67). Boyd & Bruce (1990:15) voeg hierby dat dit vir die mens nodig is om Christus en ander mense lief te hê.

### 2.2.4 In verhouding tot die natuur

Die mens is vir sy bestaan van die natuur afhanklik, en vir bewerking is die natuur van die mens afhanklik (Heyns, 1984:135) (Genesis 1:28 en 29, 2:15). Van Der Walt (1997:44) let spesifiek op dat die eerste opdrag wat God aan die mens gee, is om die Skepping te versorg.

Die teendeel is egter ook waar. Deist (1991:42) vra tereg hoe die mens so ver kan gaan om die natuur te vernietig, diere te mishandel en die natuur te besoedel wanneer God self sorgsaam teenoor mens en skepping optree. Pieterse (1993:163) meen in hierdie opsig dat dit belangrik is om die mens se verhouding tot ander lewende wesens in konteks van die teologie te plaas (vgl. Spreuke 12:10), aangesien tegnologie reeds die mens in staat gestel het om alle lewe te vernietig, soos gesien kan word in onder andere die vernietiging van natuurlike hulpbronne (Wolters, 1992:44; Van Der Walt, 1997:58).

Die mens het wel die opdrag van God gekry om om te skep, te *doen* (Deist, 1991:42), Hy *delegeer* dus Sy mag (Helberg, 1986:2; Boyd & Bruce, 1990:74; Hammond, 1990:72). Hierdie mag moet egter versigtig gebruik word, aangesien die mens aan straf onderhewig is (Wolters, 1992:14).

### 2.2.5 In verhouding tot kultuur

Heyns (1984:137) is van mening dat die mens deur sy arbeid in die natuur, die natuur omskep in kultuur (gedefinieër as *bewoonbaargemaakte en genietbare kultuur*).

Die beeld van God kom na vore wanneer die mens morele ooreenkoms met God aangaan en deur menslike wette wat onderlinge verhoudings reguleer, waaronder regeringstelsels (Hammond, 1990:72). Die mens, in sy kultuur, vestig ook strukture waaraan die Christen soms gehoorsaam moet wees, soms teen moet veg en ander wat spesifieke verantwoordelikhede van hom verg (Heyns, 1984:137).

Dit blyk dus dat die mens, gesien as die beeld van God, deur die aard van hierdie verhouding met God, op bepaalde wyse behoort op te tree (Ferguson & Wright, 1988:328; Louw, 1997:183). Daar rus dus 'n verantwoordelikheid op die mens, wat in diens van God staan, sy opdrag van God ontvang en aan God verantwoording moet doen vir sy hantering van die skepping (Helberg, 1986:2; Louw, 1997;186).

Die struktuur van die mens en sy verhoudings (Pieterse, 1993:166) is dus gebaseer op sy kennis van God en verwagtinge wat God van die mens het. Helberg (1986:3) meen dat die besef dat die mens die

verteenwoordiger en beeld van die magtige God is, oorweldig die mens en wek die begeerte om elke dag opnuut te probeer, al skiet die mens ver te kort.

## 2.3 Denke, gevoelens en verwoording daarvan

Wanneer die mens in konteks bespreek word, word denke en gevoelens dikwels as een aspek bespreek. Adams (1973:112) beskryf die woord gevoel egter as *a perception of a bodily state as pleasant or unpleasant* en voeg by dat gevoelens te veel krediet in die sosiale wetenskappe ontvang. Dit veroorsaak dat gedagtes, opinies en houdings gereduseer word tot gevoelens, en verantwoordelikheid by die beradene hierdeur verminder word.

Denke en gevoelens word dus hier afsonderlik bespreek, terwyl dit vir hierdie studie ook belangrik is om op te let na die wyse waarop die mens beide sy gedagtes en gevoelens kommunikeer.

### 2.3.1 Denke

Paulus doen 'n beroep op die Efesiërs (Efesiërs 4:21-24) om te leef volgens die waarheid waarin Christus hulle onderrig het (vgl. Romeine 12:2; Wolters, 1992:30). Hy beveel dat hulle gees en gedagtes nuut moet word, en dat hulle heilig moet wees. Die *New International version* vertaal **gees en gedagte** met *mind*, wat die Engelse ekwivalent van die Griekse woord *nous* is (Bible, 1996:2096).

Die verstaan van die woord *nous* verdien aandag, aangesien Louw en Nida volume 1 (1989:325) tereg meld dat baie tale nie 'n ekwivalent hiervoor het nie. Die begrippe **om te dink, om te beredeneer, en**

**om te verstaan** is die Afrikaanse ekwivalente wat die beste beskrywing bied (vgl Louw en Nida volume 1, 1989:350). Sonder om die betekenis te verander, word hierdie drie ekwivalente na die voorbeeld van Venter, (1987:7) saamgevat in die woord *denke*.

Hierdie vermoë om te dink word aan die menslike siel gebied, ten einde te kan onderskei tussen goed en kwaad, reg en verkeerd, asook leiding in wat nagevolg behoort te word (McNeill, 1950:195; Venter, 1987:7). Spreuke 1:1-7 dui aan dat, om egter werklik begrip te kan hê, die mens God eers moet begryp (Helberg, 1986:58, Van Der Walt, 1997:35).

Die mens beskik dus oor vryheid, wat nou in verband staan met die mens se rasionele denke (Hammond, 1990:78). Soms beteken vryheid eenvoudig om impulse te onderdruk. Die mens is dus onder andere 'n rasionele wese, maar tree nie altyd rasioneel op nie.

Oppenheimer (1994:16) maak dan ook onderskeid tussen weet en glo. Die argument rondom God, Sy bestaan en Sy werk is deur die eeue heen reeds een van die probleme waarmee die filosofie hom besig hou (Vardy, 1990:24-36). Die filosowe probeer om die mens se behoefte om te "weet" deur rasionele denke te bevredig. Kant (vgl. Gaarder, 1998:275) het die "rasionele" bewyse vir die bestaan van God in sy tyd afgeskiet, terwyl hy self tog uiteindelik tot die gevolgtrekking kom dat God wel bestaan. Hy maak dit egter duidelik dat hy deur *geloof* tot hierdie gevolgtrekking kom, en nie deur die gebruik van sy denke en/of sintuie nie; slegs geloof kan die vakuum vul wat gelaat word waar waarneming en kennis kortkom. Dit wil dus voorkom asof geloof 'n brug kan bou tussen denke en gevoel.

### 2.3.2 Gevoelens

Louw (1997:242), binne die raamwerk van die Pastoraat, is van mening dat gevoel en menslike emosie 'n groot rol binne die persoonsdinamika speel. Emosies bied dan ook toegang tot 'n beter verstaan van die dinamika tussen ek en self. Louw (1997:242) meen ook dat begrip vir emosies een van die belangrikste vaardighede in die voer van die pastorale gesprek is. As voorbeeld kan Psalm 42:12 uitgesonder word om aan te toon dat in die Skrif met emosies geworstel word. Dié besondere Skrifgedeelte toon egter ook hoe die skrywer, wat in wanhoop na God roep, sy rus uiteindelik vind. Dit gebeur wanneer die skrywer *besef* dat hy nie van God weggeruk kan word nie, en dit blyk dat hy 'n *besluit* neem om God te loof en te vertrou (Bybel, 1993:792). Dit wil voorkom asof hierdie Skrifgedeelte, benewens 'n aantoning van die mens se stryd met sy emosies, ook aantoon hoe die mens sy *denke* en *besluitnemingsvermoë* kan gebruik om sy emosies te beheer.

Volgens Helberg (1986:55) verskil die klaagliedere wat in die Psalms voorkom, oor die algemeen van die literatuursoort in daardie tyd: *"Die gevoelens is onder die dissipline van die gebed gebring; daar is koers en doel aan die gevoelens gegee."* So byvoorbeeld, het ook die prediking van Petrus mense *diep in die hart* getref, 'n bepaalde gemoedstoestand het dus tot gevolg gehad dat die mense bedroef was oor hulle sonde, wat hulle gewillig gemaak het om na die Woord te luister (Beukes, 1983:31)

Dit blyk dus dat menslike emosie 'n belangrike onderbou van die mens is, maar tog deur die aanleer van vaardighede en geloofsvertroue hanteer kan word.

### 2.3.3 Verwoording van denke en gevoelens

*What we tell others, and especially ourselves, in time we tend to believe.*

Hierdie stelling van Adams (1973:103) beskryf die belangrikheid van taal. Die belangrikheid van taal kan selfs in die Skrif duidelik gesien word, reeds vanaf Genesis 1:1 – die hele skepping ontstaan as gevolg van die gebruik van taal. Die mens het ook in die tuin van Eden deur dialoog (taal) direk met God gekommunikeer (Pieterse, 1993:165).

Die Heilige Gees werk ook deur die Woord (Boyd & Bruce, 1990:33), terwyl die Skrif ook duidelik is oor die invloed van die *stories* (gelykenisse) wat Christus aan die mense om hom vertel het (Matteus 13:24-30, 36-43; Lukas 13:6-9).

Skrywers begin al meer om in terme van die mens as **storieverteller** te dink (vgl. Van Heerden, 1996:59; Crabb, 1997:34). Van Heerden (1996:59) waarsku egter dat die mens nooit 'n objektiewe weergawe van sy eie lewensverhaal gee nie, sy waarneming hiervan is vertolkend. Crabb (1997:34) is van mening dat, wanneer versigtig na 'n persoon se storie geluister word, sy denkwyse en lewensbeskouing na vore kom.

Taal, vir die mens, behels meer as 'n manier waarop informasie verwerk word. Taal word deur die mens gebruik om aan ander sekere dinge te wys: dinge wat ver is, sowel as dinge wat naby is, dinge wat vreugde verskaf, sowel as dinge wat nuttig is, teoreties, sowel as prakties (Oppenheimer, 1994:45).

## 2.4 Besluitneming en morele keuses

Volgens die Skrif is dit duidelik dat die mens geskep is met 'n vrye wil, wat beteken dat hy *keuses* kon maak. Hammond (1990:72) noem die sonde van Adam *disobedience by choice*, wat aantoon dat die mens nie nodig het om te sondig nie, maar wel die reg om te kies (Van Der Walt, 1997:58). Die mens het egter ook 'n *gewete* (Venter, 1987:10; Wolters, 1992:24) wat as innerlike getuie betrokke is (Romeine 9:1; 2 Korintiërs 1:12). Hierdie gewete het as spieël die wet van God (Eksodus 20:1-17; Deuteronomium 5:1-21).

Hammond (1990:82) stel die feit dat, so ver as wat dit God aangaan, die mens 'n morele wese is, en deur sy gewete en die openbaring bewus is van hierdie status. Elke gelowige het dan ook die reg om persoonlik tot Christus te bid, en het direkte, persoonlike gemeenskap met God en is 'n tempel van die Heilige Gees (Helberg, 1986:12). Die individu kan self besluit of hy na God wil luister (Deist, 1991:54), en die gevolge van sy besluit te dra. Goddelike voorsienigheid laat dus ruimte vir menslike verantwoordelikheid (Vosloo et. al., 1991:175).

Vir Oppenheimer (1994:9) is moraliteit sentraal tot die geloof. Kennis van God word ook dikwels in die Skrif in verband gebring met gehoorsaamheid aan God. Dit is dan ook God wat graag in verhouding met die mens wil staan (Helberg, 1986:32; Oppenheimer, 1994:2). Boyd & Bruce (1990:13) voeg egter by dat slegs die mens self hierdie verbintenis kan verbreek (Mattheus 28:19; Romeine 8:35).

Die nakom van Christelike waardes en die maak van korrekte morele keuses word goed saamgevat in 1 Johannes 5:2-5: liefde vir God kom neer op die nakom van Sy wette, wat nie vir die Christen 'n straf is nie

- net die persoon wat in Christus glo, is in staat om die wêreld te oorkom. Denke en gevoel kom in die maak van morele keuses in 'n simbiotiese verhouding na vore: prakties gesproke verg moraliteit en sedelikheid meer as intellektuele denke, dit verg ook wat Deist (1990:54) 'n "gevoelige binnekant" noem.

## 2.5 Sonde

Hammond (1990:76) meen dat die Skrif veral konsentreer op die mens se geestelike verliese, in terme van die Sondeval. Veral die mens se vermoë om direk met God te kommunikeer, is aangetas.
Die resultaat van die sonde is lyding (Psalm 22; 25; 73). Die mens se *original righteousness* is ook deur sy eie toedoen van hom weggeneem, en hy kan slegs hierdie regverdiging in dankbare gehoorsaamheid, deur Christus verkry (Boyd & Bruce, 1990:6/15; Hammond, 1990:76).

Genesis 8:21 en Psalm 51:5 toon aan dat die mens reeds by geboorte aan sonde onderwerp word, die mens het dus sy vermoë om regverdig te word en te bly, verloor (Hammond, 1990:76). Deur die sonde raak die mens verwaand teenoor God, wat impliseer dat die mens die opponent van God word, en nie meer as Beeld van God optree nie (Helberg, 1986:3).

Die Skrif is baie duidelik oor wat sonde is ( vgl. voorbeelde uit Romeine 12:9-21; Galasiërs 5:13-26; Kolossense 3:1-17). Die Skrif toon aan dat sonde wel oorkom kan word: hoofsaaklik word van die mens vereis om God bo alles anders in sy lewe te plaas (Exodus 20:2-7), asook dat die mens die liefdeswet van Christus nakom (Lukas 10:25-37) (Boyd & Bruce, 1990:16). Sonde kan dus tereg as

parasities beskou word (Wolters, 1992:55), alhoewel dit nie deel is van die mens nie, teer dit op die mens se swakhede. Dit word uiteindelik slegs deur Christus oorwin.

Dit blyk ook uit Matteus 18:6 en 7 dat die mens in staat is daartoe om ander tot afvalligheid (sonde) te lei: die mens moet dus nie net waak teen sonde in sy eie lewe nie, maar ook in die lewens van ander, veral kinders.

## 2.6 Vergifnis

Hammond (1990:84) is van mening dat elkeen wat die Woord van God hoor, geen verskoning vir sonde het nie. Die menslike gewete se rol kom duidelik na vore, deurdat dit die gewete van die mens is wat die mens se kennis aangaande die Woord gebruik, ten einde die mens van sy skuld aan sonde te oortuig, en hom dus bewus maak van sy behoefte aan vergifnis. Die Heilige Gees speel in hierdie bewusmaking/ontbloting (Grieks: '*elencho*'; Bible, 1996:1263) van sonde 'n onontbeerlike rol (vgl. Johannes 16:8-11).

Boyd & Bruce (1990:17) noem drie dinge wat die mens veronderstel is om te doen wanneer hulle bewus word van sonde in hul lewe:

- erken teenoor hulself en God dat hulle sonde gedoen het (vgl ook Vardy, 1990:162)
- bid vir hulp deur die Heilige Gees om sonde te oorkom
- probeer om die sonde in die vervolg te vermy.

Die Skrif is duidelik met betrekking tot die mens se posisie: indien ons ons sondes bely, God is getrou en regverdig en sal vergewe

(Psalm 130; Daniël 9:9; Handelinge 10:43). Helberg (1986:3) is van mening dat die hele Ou Testament 'n geskiedenis is van hoe God die mens opsoek en vashou, dit is dus nie uit die mens se eie toedoen dat hy tot by vergifnis en redding kom nie, maar slegs deur God wat die mens tot ander insigte bring. Ook in die Josef-novelle ken die skrywer 'n God wat voorsien, wat met sy uitverkorenes is (Holbert, 1995:41).

Christus tree as versoeningsoffer by God vir die mens se sonde in (Venter, 1987:4; Wolters, 1992:59). Die optrede van Christus vervul die Christen met dankbaarheid en maak dit vir hom *sinvol* om God na te volg (Deist, 1991:63). Christus maan die mens dan ook deur sy gelykenis van die kindertjies op die markplein (Matteus 11:16-19) om betrokke te raak en geleenthede vir groei raak te sien (Burger, 1999:58). Dit is hier waar die mens se wilsbesluit (Deist, 1991:63) na vore kom. Die besluit wat die mens neem, moet egter te alle tye in konteks van God se genadegawe van geloof in Christus beskou word. Dit bly steeds God wat aan sommige mense die gawe van geloof skenk en volgens *hierdie besluit maak God genadiglik die harte van die uitverkorenes ontvanklik* (vgl. die Dordste leerreëls, hoofstuk 1.6 *in* Anon, 1996:78).

Die versoeningsoffer van Christus het ook verder tot gevolg dat aardse gebrokenheid in beginsel geheel is (Hebreërs 10:10-12) wat volgens Venter (1987:4) beteken dat die mens as 'n verloste leef, en op grond hiervan in staat is om teen aggressie, neurose, angs, ensovoorts te stry.

## 2.7 Herstel

God wil, in Sy plan, hê dat persone wat Christus navolg, soos Christus word (Hammond, 1990:86). 'n Lewe as geredde mens (Romeine 8:29, 2 Korintiërs 4:4, Efesiërs 4:24 ev) veronderstel koninklike diensbaarheid teenoor ander mense en teenoor die hele skepping (Helberg, 1986:3; Vosloo et al., 1991:183). Prins (1995:25) verwys na Jakobus 2:14-18, 24 en 26 om aan te dui dat daar sonder 'n lewe van gehoorsaamheid uit dankbaarheid nie sprake van ware geloof is nie.

Ware bevryding lei dan ook, volgens Helberg (1986:5) tot die onderhouding van God se gebooie. Die gebooie behoort egter nie onderhou te word in 'n poging om kind van God te word, of uit vrees vir vervreemding van God nie, maar juis uit dankbaarheid (Beukes, 1983:33) vir die redding wat God reeds uit genade geskenk het. Die mens wat tot God bekeer is, ontvang uit genade 'n nuwe hart met nuwe waardes (Galasiërs 5:22-23), en kry die geleentheid om na God terug te keer (Kolossense 3:10; 1 Korintiërs 15:49) (Deist, 1991:71). Dus: die mens moet leef soos kind van God (Helberg, 1986:5).

Die geroepe mens word self deur God op sy weg geplaas (Heyns, 1984:140), die toekoms is onbekend en die mens mag nooit in sy soeke na die toekoms so daarop fokus dat hy sy take en verpligtinge vir die hede nie raaksien of nakom nie. Geroepenheid en lewe-met-die-oog-op-die-toekoms beteken nie dat die mens afgesonder is van die gebrokenheid van die wêreld nie, maar laat hom juis volledig erns maak met die wêreld en sy moontlikhede in die lig van die voleinding (Heyns, 1984:140; Wolters, 1992:60,75). Paulus waarsku in 2 Tessalonisense 3:10 teen persone wat so met hul godsdiens behep is,

dat hulle later 'n las vir ander word omdat hulle nie hul verpligtinge nakom nie (Helberg, 1986:19; Prins, 1991:252). Om God te dien, beteken dus om nie net aandag aan 'n verhouding met God te gee nie, maar om verantwoordelik op te tree in verhouding met God, medemens, die self, natuur en kultuur.

Die mens wat in 'n herstelde verhouding met God leef, kleef ook aan die belangrike feit dat God groter is as wat die mens ooit kan verstaan (Oppenheimer, 1994:26). Alhoewel die mens nie in staat is om alles te weet nie, toon die onverstaanbare en onbegryplikheid van God aan die mens dat daar 'n einde aan die mens se insig en krag is (Deist, 1991:43). God, alhoewel Hy aan die mens 'n spesiale posisie in Sy skepping gee, bly dus in beheer van alles (vgl. Vardy, 1990:129; Vosloo et al., 1991:170; Oppenheimer, 1994:63), volgens Helberg (1986:43) is die boek Esra 'n goeie voorbeeld van God se beheer.

Die uiteindelike *beloning* vir die gelowige, is gesetel in sy verhouding met God (Daniël 12:3; Matteus 25:23; Romeine 2:10 en 11; Efesiërs 2:8 - 10 en Efesiërs 6:8). Paulus self het talle probleme ervaar tydens sy bediening, tog sien hy sy lewe in terme van 'n wedloop wat tot oorwinning ly: met 'n volkome verhouding met God as uiteinde (2 Timoteus 4:6-8) (Boyd & Bruce, 1990:72).

2.8 Mensbeeld en die kind: Enkele opmerkings

'n Bybels-Reformatoriese mensbeeld is van toepassing op alle mense: ook kinders. Ten einde egter werklik tot die kind se wêreld toe te tree,

is dit nodig om enkele aspekte in ag te neem, naamlik:

- Die mens se onvermoë om werklik die konsep "drie-eenheid" werklik te verstaan of verduidelik moet ook in alle eerlikheid aan die kind verduidelik word vanuit die raamwerk dat hierdie pogings tot verduideliking slegs 'n *poging* is om die, in werklikheid onverstaanbaarheid, van God te verduidelik (Oppenheimer, 1994:162).

- Die verhouding waarin die kind tot God staan, moet, net soos in die geval van volwassenes, deur homself en ander as van uiterste belang beskou word, aangesien hierdie verhouding alle ander verhoudings waarin die kind staan, beïnvloed (vgl. 2.2.1).

- Kinders behoort van kleins af geleer te word dat die mens nie vanself goed is nie (Deist, 1991:67).

- Die natuur (vgl. 2.2.4) behoort as 'n leerskool vir kinders te dien: *... it is a way to practice attending and to learn how to appreciate* (Oppenheimer, 1994:38).

- Die mens behoort dit wat hy reeds geleer het, aan kinders oor te dra, sodat hulle daardie kennis kan gebruik om self nog meer te ontdek (Spreuke 22:6; Titus 2:1-8), terwyl hierdie onderrig ook aangaande God, en gehoorsaamheid aan God behoort te sentreer (Boyd & Bruce, 1990:77; Sweeney & Landreth, 1933:356; vgl. ook Deuteronomium 6:4).

- Die leerder (kind) word, op sy beurt, deur die Skrif gemaan om na die instruksies van hul opvoeders te luister (Spreuke 1:8-9; Spreuke 6:20-23).

- Tydens onderrig moet in ag geneem word dat ook die kind as Beeld van God hanteer moet word (vgl. 2.2.), dit is egter nie altyd 'n maklike taak nie: *It ought to rule out patronizing them, fobbing them off with soothing stories, stereotyping them, or using them for our own greater glory* (Oppenheimer, 1994:1).

- Dit gebeur ook dikwels dat kinders se drang om kennis te bekom onderdruk word, deurdat kinders ontmoedig word om vrae te vra: vraagstelling is egter die wyse waarop kinders leer (Beukes, 1983:22; Deist, 1991:4; Oppenheimer, 1994:19). Christus self is 'n sprekende voorbeeld van 'n kind wat vrae gevra het (Lukas 2:46), en die evangelieskrywer Lukas maak melding van die feit dat ander verbaas was oor sy insig (Lukas 2:47).

- Oppenheimer (1994:16/17) is van mening dat kinders die maklikste van die waarheid oortuig word wanneer die Skrifwaarheid as 'n geheelbeeld aan hulle voorgehou word, daar so goed as moontlik aan kinders verduidelik word hoe die Skrif in mekaar steek, en geleentheid dan geskep word vir die feite om self die kind te oortuig (vgl. ook Beukes, 1983:22). Oppenheimer (1994:11) voeg ook by dat dit beter is om 'n voorbeeld te stel eerder as om vir kinders te probeer voorskryf, aangesien geen mens daarvan hou om voorgesê te word nie.

- Kinders word ook dikwels aan kritiek blootgestel wanneer hulle geleer word om besluite te neem en dan 'n verkeerde besluit in die proses maak: positiewe kommentaar volg egter selde op goeie besluite (Boyd & Bruce, 1990:94). Paulus, eerder as om kritiek te lewer, verkies om mense aan te spoor om hom in sy voorbeeld na te volg, indien hulle hom as navolgingswaardig beskou (Filippense 4:8-9; vgl. ook Johnson, 1986:262).

- Dit is ook nodig om te waarsku dat, alhoewel kinders maklik verstaan wat *gewete* beteken (Deist, 1991:23; Oppenheimer, 1994:80), soveel persone al leiding deur hierdie *innerlike stem* gebruik het om grusame dade te pleeg, dat kinders in dieselfde asem van integriteit behoort te leer.

- Die opvoeder moet egter te alle tye onthou dat kinders deur stadiums van emosionele en intellektuele rypheid beweeg, wat deur die opvoeder gerespekteer behoort te word (Wolters, 1992:22): natuurlike nuuskierigheid en speelsheid moet onder andere nie verontagsaam word nie.

Die Skrif toon duidelik aan dat God kinders belangrik genoeg ag om selfs soms van hulle gebruik te maak wanneer hy verandering te weeg wil bring (Exodus 2:7; 2 Konings 5:2,3). Christus self word as kind reeds gebruik as instrument om volwassenes meer van God te leer (Lukas 2:41-50). God sluit ook kinders by die verbond wat Hy met die mensdom sluit, in en toon dus aan dat hulle ingesluit is by die spesiale

verhouding wat hy met die mens wil handhaaf. (Genesis, 17:7; Handelinge 2:39).

Alhoewel Matteus 18:1-9 deur teoloë verstaan word as van toepassing op die jong Christen (France, 1990:270; Vosloo en Van Rensburg, 1999:1156), moet hierdie Skrifgedeelte ook in ag geneem word wanneer met die jong kind, aan wie (Blomberg, 1992:237) Christus self groot waarde heg, gewerk word.

## 2.9 Samevatting

Die mens, ook die kind, se lewe is gesentreer rondom sy verhouding met God: hy moet dan ook as verteenwoordiger (beeld) van God in die wêreld optree. Die mens moet die verskillende verhoudings waarin hy staan, gebruik om tot eer van God as sy verteenwoordiger op te tree, maar ook hierdie verhoudings as openbaring van God aan homself, sowel as ander persone sien. Die mens doen hierdeur kennis op, wat hy moet gebruik om sy taak te verrig, maar ook om (saam met die korrekte gebruik van sy gevoelens) morele keuses uit te voer.

Die mens moet te alle tye bewus wees van sy geneigdheid tot sonde, homself beywer om die wil van God te doen, en bewus wees van die genade wat God skenk, deurdat Hy wel sonde sal vergewe wanneer Hy deur Sy kind daarom gevra word. Die mens moet uit dankbaarheid God se wette nakom, terwyl hy altyd bewus bly van die grootheid en onverstaanbaarheid van God: dus leef hy nie net met sy rasionele denke en gevoelens in verhouding met God nie, maar veral uit geloof.

Aangesien dit blyk dat verhoudinge, veral die verhouding tot God, belangrik is in elke mens se lewe, behoort spesifiek aan hierdie

verskillende verhoudinge aandag gegee word tydens 'n kind se opvoeding. Dit het tot gevolg dat berading, as deel van die opvoeding van 'n kind in krisis, hierdie selfde uitgangspunt behoort te hê.

Die mensbeskouing wat in hierdie hoofstuk, op grond van die Skrif as geheel, saamgestel is, kan nou as basis dien vir bespreking van die hantering van kinders se probleme volgens 'n narratief-terapeutiese model.

# HOOFSTUK 3

## Terapeut en verhaal van die beradene in narratiewe terapie.

### 3.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die taak van die terapeut omskryf, terwyl die gebruik van die lewensverhaal van die beradene bespreek word. Die inligting wat in hierdie hoofstuk bespreek word, word met die inligting in Hoofstuk 4 (rakende die eksterne verhaal en die kind) gekombineer vir die ontwikkeling van 'n model vir Bybels-narratiewe kinderberading. Waar van toepassing, word spesifiek gefokus op die kind as beradene.

Volgens Müller (1996:101) stel die hermeneuties-narratiewe metode hoë eise aan die terapeut, aangesien van hom vereis word om tegelyk in staat te wees tot nugtere analises en verbeeldingryke metafore. Alhoewel Müller (1996:182) nie die belangrikheid van kennis en vaardigheid onderskat nie, is hy van mening dat pastorale gesinsterapie sonder intuïsie nie moontlik is nie: die terapeut tree tydens narratiewe terapie in 'n posisie van 'not knowing' (vgl. Morgan, 1998:45).

Die rol van die terapeut in die narratiewe pastoraat, verskil dus in sekere opsigte van dit wat normaalweg voorgehou word. Verder moet in ag geneem word dat anders met kinders kommunikeer word as met volwassenes (Lobovits et al, 2000).

Müller (1996:9) trek 'n verband tussen narratiewe terapie en die hermeneutiese pastoraat, wat oplet na 'n rekonstruksie van 'n lewensverhaal vanuit 'n dubbele narratiewe struktuur, naamlik:

- die eie lewensverhaal, en
- die gemeenskap en geskiedenis van ander verhale.

Die gebruik van die eie lewensverhaal impliseer in die geval van narratiewe terapie dat na verhale geluister, of verhale vertel word, wat handel oor mense en die probleme in hul lewens (Lobovits et al, 2000).

3.2 Die rol van die terapeut in narratiewe terapie

Die terapeut poog in die narratiewe terapie om mense aan *the roads less travelled* voor te stel, aldus Müller (1996:28) wat die bevordering van 'n egte soeke na sin, as ware doel van die pastoraat beskou (Műller, 1996:14).

Die verhouding in terapie is noodwendig ongelyk, maar die basiese elemente van uitnodiging, respek, empatie, aanvaarding, 'n positiewe houding en bevestiging behoort teenwoordig te wees (Müller, 1996:33; Freedman & Combs, 1996:57). Die simpatieke houding van die terapeut moet wees om met die gesindheid van Christus, wat innig jammer kry en vergewe, na mense te kyk. Terselfdertyd is 'n houding van skerp kyk en soeke na die waarheid teenwoordig (Müller, 1996:181): deur aanvaardend op te tree, beteken dus nie dat alle gedrag van die kind goedgekeur word nie (Landreth, 1991:66) Lester (1985:45) merk op dat die kind se persepsie van die terapeut gevorm

word deur:

- wat hulle van hul ouers, ander volwassenes en hul maats gehoor het, asook in hul gedagtes en gevoelens geinterpreteer het,
- hul eie ondervinding met die persoon ter sprake, en
- hul eie fantasieë oor bogenoemde twee aspekte.

Die terapeut behoort dus te alle tye sy gedrag teenoor ander, veral kinders in ag te neem, ten einde 'n beeld te skep wat in die kind se gedagtes by hierdie vertrouensverhouding kan pas. Deur as gewillige en goeie luisteraar op te tree, word aan die verteller toestemming gegee om sy verhaal te vertel (Eberhardt, 1996:23). Om as Christelike terapeut te funksioneer is volgens Sweeney (1997:5) *a way of life, a grid through which I view the world around me*. Tydens die lewensfase waarin die laerskool kind is, (ongeveer 6-12 jarige ouderdom) kom die kind se verhouding met God meer na vore, en beskou hy God as 'n Vriend. Volwassenes wat in God glo, word bewonder en kan dus 'n groot invloed op die kind uitoefen: die terapeut se geloof is dus ook ter sprake (Roux, 1994:18). Prins (1991:250) verwys na die model van navolging wat in Paulus se onderrig na vore kom; die terapeut tree ook as 'onderwyser' in die geloof op tydens terapie (vgl. ware doel van terapie beskryf in 1.2) en behoort as voorbeeld vir die kind te dien.

Ten einde suksesvol te kan wees in narratiewe terapie, behoort die terapeut volgens Müller (1996:25) *'n aanvoeling, 'n passie, 'n bewondering hê vir die stories van die lewe en hy moet veral in vervoering wees oor die storie van God met mense*. Lobovits et al, (2000; ook Monteleone, 2000) sluit hierby aan deur die opmerking

dat die gebruik van eksternalisering in gesprekke nie soseer die aanleer van 'n tegniek is nie, maar eerder die ontwikkeling van 'n ander manier om dinge te sien. Die terapeut kan slegs die proses waar die storie van die mens en die storie van God ontmoet fasiliteer indien hy self 'n egte ervaring van die samehang van eie geskiedenis en geloofsimbole het (Eberhardt, 1996:30; Müller, 1996:173). Dit is dus absoluut nodig dat die terapeut se eie kennis van die Bybel *beyond reproach* is (Roux, 1994:21), terwyl hy ook bereid moet wees om sy eie dominante stories te eksploreer (Roux & Kotze, 1997:61).

Die terapeut moet versigtig wees om nie met abstrakte temas in die algemeen te werk nie, maar met die werklike gesin/persoon wat met 'n noodstorie by hom opgedaag het (Müller, 1996:109). Morgan (1999:82) waarsku ook dat die meeste terapeute dikwels self nie baie duidelikheid het oor waarheen terapie op pad is nie, of hulle dink dat hulle besig is om die beste ding te doen, en of hulle positief voel oor die eindresultaat. Volgens Nosworthy & Lane (1998:180) het hulle positiewe reaksies van jeugdiges ontvang wanneer hulle as terapeute erken het dat hulle nie altyd oor die nodige kennis beskik nie, en self ook deurmekaar voel. Dit is dus nie nodig om as kenner op te tree nie, eerder as gespreksgenoot. Prins (1995:55) bespreek die konsep van *intergeneratiewe leer* wat in konteks van geloofsgroei tydens terapie 'n rol kan speel.

Wanneer die terapeut met kinders werk, is twee ander faktore belangrik (vgl. Joy, 1999:149):

- 'n verbintenis om die betekenis wat kinders aan hul lewens, in hul eie terme, heg, te probeer verstaan, en

- om die onderstrominge van die volwassene-kind verhouding te verstaan.

Die terapeut moet ook heeltyd bewus wees dat die wyse waarop enigiemand oor enige aspek van menslike ervaring reflekteer, beïnvloed word deur die persoon se eie identiteit, die verwagtinge wat as gevolg van refleksie bestaan, en die gemeenskap wat die konteks van die refleksie voorsien (Müller, 1996:31). Selfkennis is dus noodsaaklik, ten einde te voorkom dat die terapeut bevooroordeeld of onseker optree (vgl. ook Landreth, 1991:65). 'n Ander gevaar wat bestaan indien die terapeut homself nie goed ken nie, is die feit dat dit moontlik is vir ander se stories om die terapeut se eie geloof aan te tas, probleme in die terapeut se eie storie na vore kan bring, of aan te toon dat daar ander stories is wat net so geldig soos die van die terapeut is (Marra, 2000).

Müller (1996:104) som die vyf groot bewegings wat die terapeut dus in narratiewe terapie uitvoer soos volg op:

- Die gesin/persoon word gehelp om die storie van nood so geartikuleerd as moontlik te vertel.
- Die gesin/persoon word gelei om die storie van die verlede te vertel.
- Die gesin/persoon word gehelp om die storie van die toekoms te vertel sodat die aard van die verduisterde toekomsbeeld uitgespreek word. Ontleding word gedoen, sodat die storie bevredigend geherstruktureer kan word: 'n nuwe storie word dus geskep.
- Die verlede verhaal word geherstruktureer, ten einde 'n meer aanvaarbare storie te skep.

- Deur middel van verbeelding word gehelp om 'n nuwe toekomsbeeld te skep.

Spesifiek met die kind, is die terapeut se taak tydens 'n krisis of probleem die volgende (Lester, 1985:57):

- om die kind te help om die korrekte informasie te kry,
- om deel te neem wanneer die kind besig is om hierdie informasie te interpreteer, in sy terme verduidelik en daarop te reageer, en
- om in latere gesprekke terug te keer na relevante, afgehandelde onderwerpe om seker te maak dat die kind genoeg tyd gehad het om dit te verwerk.

## 3.3 Narratiewe terapie

### 3.3.1 Definisie van narratiewe terapie

Aangesien narratiewe terapie van stories of verhale gebruik maak, is dit ten eerste nodig om 'n definisie van die woord storie te vind. Volgens Stroup (1981:79) is 'n storie 'n narratiewe verslag wat gebeurtenisse en mense saambind tot 'n verstaanbare patroon.

Bruggeman (1996:5) maak die volgende stelling rondom die doel en betekenis van verhale:

> *Verhalen werken verbindend en huden ons integraal, zodat datgene wat we aan kleine en grote gebeurtenissen meemaken, niet versnipperd wordt in losse, onsamenhangende feiten en gebeurtenissen.*

Identiteit word opgebou uit 'n interpretasie van die persoonlike geskiedenis. Die historiese gegewens plus die interpretasie word die persoonlike storie (Giles, 1986:107; Müller, 1996:22). Dit beteken dus dat elke persoon 'n kernstorie rondom die basiese konsepte van die lewe soos huwelik, geld, seks, dissipline, werk, ensovoorts het. Vanuit hierdie kernstorie word telkens in nuwe situasies verhale gekonstrueer: 'n verhaal van nood wat aan die terapeut vertel word, is nooit 'n geïsoleerde storie nie. Lyne na die gebeure ter sprake, na 'n hele verskeidenheid van mense, maar beslis ook na die kernverhaal van die betrokkene en sy persepsies van die toekoms kan getrek word (Müller, 1996:23).

Die vertel van stories is een van die oudste vorme van kommunikasie bekend aan die mens (Stover & Stover, 1994:29; Lobovits et al, 2000). Dit is dus byna logies dat lewensverhale en menseverhoudings gevorm word deur *stories* wat individue en gemeenskappe ontwikkel ten einde betekenis aan hul belewenisse te gee (vgl. Eberhardt, 1996:23; White en Denborough, 1998:3). Dit is dan waarskynlik ook die rede waarom narratiewe terapie se gewildheid onder terapeute wêreldwyd toeneem (Lobovits et al, 2000).

Michael White (1998:226) bied 'n goeie opsomming van narratiewe terapie aan, wat vervolgens volledig weergegee word:

*A narrative therapy is about:*

*a) options for the telling and retelling of, and for the performance and re-performance of, and preferred stories of people's lives;*

b) *rendering the unique, the contradictory, the contingent, and, at times, the aberrant events of people's lives significant as alternative presents;*

c) *a re-engagement and a reproduction of history through the alternative presents of people's lives; a re-engagement and reproduction that brings these alternative presents together with past relevant experiences that are linked by common themes; a re-engagement and reproduction that invokes the 'wisdom of hindsight';*

d) *an exploration of the alternative knowledge and skills that inform these expressions, and the identification of the cultural history and location of these skills and knowledges – these are often the subordinate knowledges and skills of culture;*

e) *an exploration of the proposals for living that are associated with the particularities of action that are informed by these alternative knowledges and skills of life;*

f) *thick description in that it evokes people's consciousness in explanations of why they do what they do – about the inocation of notions of desire, whim, mood, goal, hope, intention, purpose, motive, aspiration, passion, concern, value, belief, fantasy, commitment, and disposition;*

g) *rich description in that alternative stories of people's presents are linked with the alternative stories of people's pasts – a linking of stories across time through lives;*

h) *rich description in that it provides for the linking of stories between lives according to shared themes that speak to purposes, values, and commitments in common;*

i) *rich description in that it structures contexts for telling and re-telling, and for the re-telling of re-tellings – activities in*

*the production of meta-texts, and texts that are meta to meta-texts;*

j) *processes that establish these thick or rich descriptions as the foundations for the expressions, for the performances, for the tellings that follow.*

3.3.2 Model

Alhoewel Michael White waarskynlik die mees bekende terapeut in die kring van Narratiewe terapie is, word daar reeds deur teoloë ( vgl. Van Heerden, 1996:114) aan sekulêre Narratiewe terapie geskaaf en negatiewe punte uitgewys (vgl. Van Den Berg, 1998:15), ten einde dit met vrymoedigheid in die pastoraat te gebruik.

In hierdie bespreking sal gebruik gemaak word van sowel Teologie as Psigologie bronne rondom narratiewe terapie. Die indeling van die model word ter verduideliking aan die hand van Van Heerden (1996:181) gedoen:

3.3.2.1 Die skryf van 'n probleem-bevryde storie

Die beradene wat sy situasie/probleem aan die terapeut verduidelik, is in der waarheid besig met die skryf van 'n storie: sy eie probleem-gedomineerde verhaal (Van Heerden, 1996:182). Die mens ervaar sy wêreld as los fragmente, 'n oorsig en samehang ontbreek dus: ook in die wyse waarop na probleme gekyk word (Bruggeman, 1996:7). Die terapeut maak dan ook van 'n verskeidenheid tegnieke (gewoonlik veral vraagstelling) gebruik om inligting rondom die beradene se storie in te samel ten einde beter te verstaan, dus ook beter hulp te verleen.

De Vries (1996:11) beskryf die nut van hierdie hulpverlening soos volg:

> *Regelmatig kregen mensen so de gelegenheid om in de brokstukken van hun gebroken en verknipte bestaan de rode draad te ontdekken, oog in oog te komen met het beeld, dat zij van zichzelf hadden en ... hun eigen gezicht weer op te delven en nieuwe openingen te vinden.*

Dit spreek byna vanself dat luister die belangrikste tegniek kan wees (Marra, 2000), Lester (1985:47) beklemtoon hierdie tegniek deur te stel dat 'n voorbeeld van 'n God wat luister aan die kind oorgedra kan word deur die terapeut: wat 'n eerste stap in 'n lewenstyl van gebed en oordenking kan vestig. De Vries (1996:12) noem tien kyk- en luisterpunte wat hy in sy eie praktyk ontwikkel het. Dit word kortliks soos volg opgesom:

1. Is die atmosfeer van die verhaal gesond of ongesond?
2. Wat is die grondtoon van die verhaal: eensaamheid en verdriet of dankbaarheid en hoop.
3. Wie spreek eintlik in die verhaal?
4. Watter taal gebruik die persoon, skuil hy dalk agter sinne soos 'hulle sê dat ... hulle vind dat'. Pastorale versorging beteken om die persoon self geleentheid te gee om na vore te kom.
5. Watter taal en beelde gebruik die persoon om oor homself te praat?
6. Watter beelde gebruik die persoon om van God te praat?

7. Watter besondere gebeure (positief of negatief) val op in die lewensverhaal wat vertel word?
8. Wat word op opvallende wyse in die verhaal verswyg?
9. Staan die verhaal oop na die toekoms, of is dit geslote?
10. Is die persoon bereid om verantwoordelikheid te aanvaar vir die verhaal wat na vore kom, en ook iets daarmee te doen in die toekoms?

Dit mag moeilik klink om hierdie tipe inligting by 'n kind self te kry, Huntley (1999:48) maak egter in hierdie opsig die volgende opmerking (vgl. ook Morgan, 1998:39):

> *A narrative approach to working with students experiencing difficulties in a school system constantly reminds me of the wisdom and knowledge each student carries in relation to their own experience. I have found that children have a much clearer understanding of their difficulties than adults usually give them credit for. Unfortunately they are rarely, if ever, asked for their perspectives.*

Enkele paragrawe later maak sy die volgende opmerking in die verband: *For me, it has meant that I don't need to have all the answers.* Wanneer op hierdie manier te werk gegaan word, kry die terapeut geleentheid om die kind geleentheid te bied om die terapeutiese terapie te lei, iets wat, volgens Sweeney (1997:85) 'n belangrike aspek is wanneer werklik na die kind se behoeftes omgesien word.

Freedman & Combs (1996:192) gebruik tydens terapie met kinders minder en eenvoudiger vrae, terwyl hulle meer van stemtoon en

gesigsuitdrukkings gebruik maak om kinders uit te nooi om sin te maak van hul *emerging narratives.* Hulle probeer ook breë riglyne skep deur blydskap en opgewondenheid te toon wanneer vordering by die kind plaasvind. Die kind word dan ook uitgenooi om sy eie gevoelens rondom hierdie ontwikkeling uit te spreek.

Die wyse waarop 'n kind tydens 'n krisis optree, mag dus vir die terapeut en ander volwassenes vreemd lyk aangesien daar verwagtinge is dat 'n kind in 'n krisis soos 'n volwassene sal optree. Daar moet egter in ag geneem word dat kinders deur spel kommunikeer (Lester, 1985:28). Lester (1985:29) meen dat ons nader aan die waarheid sal wees indien aangeneem word dat kinders in 'n krisis bewus is van wat aangaan.

Net soos by volwassenes kan egter aangeneem word dat die kind se hanteringsvermoë deur die krisis aangetas word. Hy kan voel asof sy beheer aangetas is, hy 'n slagoffer is, onvoorbereid, deurmekaar en hulpeloos voel (Lobovits et al, 2000). Wanneer volwassenes dan die kind by krisishantering uitsluit, toon dit aan die kind dat sy vermoë om krisisse te hanteer swak is. Dit lei weer tot 'n gevoel van minderwaardigheid (Lester, 1985:53). Deur egter kinders in te sluit by die hantering en konfrontering van die probleem gebeur die volgende (Lester, 1985:53, vgl. ook Lobovits, 2000):

> *When they offer real help (as they almost always will) in solving, decisionmaking, reconciling, accepting, and otherwise dealing with the crisis, they gain an immeasurable sense of mastery, of being able to handle what life throws at them, which is so important for their sense of competence and self-esteem.*

Dit gaan in die narratiewe pastoraat nie bloot om negatiewe diskoerse nie, maar om 'n ervaring van die geheel van die verhaal en 'n totale betrokkenheid daarby (Müller, 1996:15). Verhale lê verbande en plaas, by wyse van spreke, die sandsteenformasies binne 'n wyer, verstaanbare konteks (Bruggeman, 1996:5). Dit kan veral effektief wees met kinders, aangesien onuitgespreekte konklusies met betrekking tot die oorsaak van hul krisis, moontlike resultate en hul eie rol daarin na vore kan kom, wat andersins 'n negatiewe impak op die res van hul lewe kan hê (vgl. Lester, 1985:30).

Daar word dus nie net waargeneem en geanaliseer nie, maar deur betrokkenheid as 'n geheelervaring gesien (Müller, 1996:20). Die hoop bestaan dat 'n beradene sy lewensverhaal sal ervaar as iets waaraan hy deelneem, en dus kan help verander, eerder as iets wat hom as mens reeds gevorm het (Freedman & Combs, 1996:46). Deur die verhale ter sprake te vertel en uiteindelik te herinterpreteer en die kernverhaal te rekonstrueër, vind verandering plaas (Müller, 1996:29). Aangesien die mens nie in staat is om realiteit objektief te ken nie, word *ervaringe* geinterpreteer (Freedman & Combs, 1996:33).

3.3.2.2 Bevryding van die dominerende invloed van die probleem

Wanneer terapie 'n aanvang neem word die probleem met die beradene self vereenselwig (White & Denborough, 1998:3). Die probleem maak die beradene magteloos, aangesien dit "sterker" as hy self geword het (Van Heerden, 1996:186). Finn, 'n jong beradene van Perry skryf aan haar in die verband die volgende (1999:65):

> *They always tell us what's wrong – how we want to live, who we want to live with, and what we do ... They talk about strengths*

*and weaknesses, but strengths are always the things we need to get. Weaknesses are what we've got already.*

Eksternalisering vind tydens hierdie fase plaas. Dit behels dat:

a) 'n gepaste naam vir die probleem gesoek word,
b) die probleem gepersonifiseer word, en
c) gelet word op die wyses waarop die probleem die kliënt en sy gesin se lewens ontwrig.

Herinneringe aan die verlede, dus ook die interpretasie van die verlede, verskaf die materiaal waarmee die toekomsstorie gebou word (Müller, 1996:111). Ashbrook (1996:144-145), beskryf die betrokkenheid van die brein in die verband soos volg:

*Our nervous system develops in such a way that we engage the world – primarily significant others – in discerning and discovering what matters to us and our well-being. We become who we are by remembering what we know. Without personal memory, life is empty, meaningless, random. As therapists, chaplains, and pastors, much of our work focuses on enabling people to remember who they are by telling their stories.*

Deur te eksploreer hoe die persoon geleer het om op 'n sekere manier aan homself te dink, en wie gehelp het om hierdie idees te vorm, kan hy sien hoe sy identiteit oor 'n lang tydperk gevorm is (White & Denborough, 1998:6). Op hierdie manier is dit ook moontlik om te identifiseer met tye in sy lewe wat hy nie volgens hierdie negatiewe siening van homself opgetree het nie (White & Denborough, 1998:6). Freedman & Combs (1996:35) waarsku egter dat, alhoewel

aangeneem word dat daar verskeie moontlike verhale bestaan rondom die self, dit gladnie beteken dat enigiets aanvaarbaar is nie: elke persoon het keuses wat gemaak moet word. Dit het dus tot gevolg dat keuses en die gevolge van keuses sentraal in narratiewe terapie staan. Roth & Epston (1999) het 'n raamwerk vir 'n onderhoud gebaseer op eksternalisering saamgestel, wat as hulpmiddel vir die terapeut kan dien.

Bruggeman (1996:6; ook Monteleone, 2000) maak ook melding van 'grote verhalen' wat aan die mens vertel hoe en waarom hy moet leef. Hierdie verhale gee struktuur aan mense se gesamentlike bestaan en kultuur, en kan christenskap, humanisme, sosialisme, kommunisme of een of ander emansipasie-beweging wees. Hierdie 'grote verhalen' het dus 'n belangrike invloed om die mens se siening van homself, sowel as sy omgewing (Marra, 2000). Ten einde hierdie 'grote verhalen' te definieër, kan dit vergelyk word met die *persoonlike storie* soos in 3.3.1 bespreek. Die verskil lê daarin dat die persoonlike storie op die individu van toepassing is, terwyl die *grote verhalen* die individu binne sy gemeenskap insluit - met ander woorde van toepassing op die *denkwyse* van die gemeenskap.

Te alle tye moet in ag geneem word dat geloofsisteme, waardes, institusies, gebruike, etikette, wette, verdeling van take, en alles anders wat deel uitmaak van die mens se sosiale realiteite, saamgestel word deur lede van die gemeenskap soos wat hulle van generasie tot generasie en dag tot dag met mekaar in aanraking kom (Freedman & Combs, 1996:16). Die individu moet dus nie net vanuit sy eie konteks en verhaal beskou word nie, die verhaal van sy gemeenskap speel ook 'n rol in sy denkwyse en behoort dus in ag geneem te word.

3.3.2.3 God skenk homself aan die mens

Alles wat vir die beradene belangrik is, word as deel van sy verhaal ondersoek, wat dus ook beteken dat God se storie vir die beradene aandag geniet (Van Heerden, 1996:188). Dit is egter belangrik dat die terapeut die aard van die beradene se Godskonsep in ag neem, en selfs indien nodig,voorstelle vir veranderinge maak.

Dit is moontlik dat sekere geloofskonsepte wat 'n persoon aanhang, deel van die probleem kan wees. Dit is dus nodig om konsepte wat die beradene se probleem onderskryf, te verstaan, uit te vind waar daardie konsepte vandaan kom en deur watter sosiale prosesse die beradene genoop is om daardie konsep/geloof aan te neem. Verder is dit ook belangrik om deursigtig te wees ten opsigte van die terapeut se eie waardes en geloof (Freedman & Combs, 1996:36).

Verder word 'n nuwe basispunt (Van Heerden, 1996:192) gesoek waarvolgens die beradene se lewe georienteer word. Daar word veral opgelet na wyses waarop die beradene reeds voorheen probleme suksesvol hanteer het. Dit is deur die gebruik van hierdie 'uitsonderings', huidig en histories, wat nuwe, gekose stories rondom sy identiteit gevorm word (White & Denborough, 1998:7, Marra, 2000). Die doel hiervan is om probleemoplossende gedrag te identifiseer en aan te moedig. In 'n Narratiewe Pastorale terapie kom God se genade egter na vore: God maak dit vir die mens moontlik om bo sy menslike vermoëns op te tree, selfs al is die mens nie altyd daarvan bewus nie (Van Heerden, 1996:192).

Daar word dus vir die beradene getoon hoedat hy, selfs al was hy nie daarvan bewus nie, probleme soms op probleem-bevrydende maniere

oplos (Roth & Epston, 1999), in plaas van terugval op sy probleem-gefokusde wyse. Die nuwe metodes, die beradene se gevoelens rondom die nuwe metodes, sowel as die invloed wat dit op sy lewe, die probleem, sy gesin en sy verhouding met God word in konteks ge-eksploreer.

> *A key to this therapy is that in any life there are always more events that don't get 'storied' than there are ones that do – even the longest and most complex autobiography leaves out more than it includes. This means that when life narratives carry hurtful meanings or seem to offer only unpleasant choices, they can be changed by highlighting different, previously un-storied events or by taking meaning from already-storied events, thereby constructing new narratives* (Freedman & Combs, 1996:32).

Volgens Van Heerden (1996:194) bring hierdie nuwe verstaan van God en sy verlossingsdade nuwe visie en sin aan die persoon se lewe.

3.3.2.4 Die mens kom tot 'n nuwe verstaan van sy lewe en konstrueer 'n sinvolle lewe

Tye van voorspoed belemmer soms verdieping by die mens, terwyl krisistye die mens van alle illusies stroop en 'n werklikheidsgetroue kyk op die lewe gee (Van Heerden, 1996:194). Tydens 'n probleem-gedomineerde fase kry die mens geleentheid om te besef hoe hy aktief teen God weerstand bied, en op welke wyse hy bygedra het in die sondige optrede of ongeluk van ander (Van Heerden, 1996:195). Terapie met die laerskool kind kan baie vir die kind se groei beteken,

aangesien die kind se bewustheid van sonde tydens hierdie lewensfase met rasse skrede ontwikkel (Roux, 1994:18).

Wanneer insig ontwikkel is, kan beplanning gedoen word om die probleem te ontneem van sy lewensondersteuningsisteem. White & Denborough (1998:8) meen dat die beweging vanaf die dominante verhaal na die gekose verhaal is soos om van een identiteit na 'n ander te beweeg, en stel voor dat *merkers* kan bydra tot positiewe groei. Hulle beskryf die vorming van so 'n merker in die volgende insident, beskryf deur 'n beradene:

> *Rituals have been a powerful part of building community and celebrating events for us. As a farewell to my life on workers' compensation, we had a ritual at a property just out of the city hills. Throughout the time I had been on workers' compensation I had a huge file. So we planted trees to replenish the earth for all the paper that had been used on my case. We also planted some trees for the koalas in order to replace the trees that had been wasted on all the paperwork. Then we had a bonfire and I burnt my rehab file! We have lots of celebrations whenever we meet.*
>
> *It is important, I think, to create rituals that are full of love, that come from the heart and that lend support. These rituals are really important for me because they are a part of creating my new life in which there are happy times. We use rituals to mark the end of a horrible time and the beginning of hopefully a good time. To create meaningful rituals also means that everyone comes together, we get to see each other and and share a warmhearted event.*

Tye van swaarkry moet as 'n leergeleentheid beskou word (2 Korintiërs 1:6), 'n kans om bewus te word van wat werklik saakmaak (Lester, 1985:49). Die mens word direk gekonfronteer met die wyse waarop hy leef, asook sy verhouding met God. Deur kinders in hierdie proses by te staan, word hulle ook gehelp om op kinderlike wyse teologiese sin te maak en die eksterne gebeure sowel as hul innerlike respons te verstaan (Lester, 1985:49).

Morgan (1999:94) vind in haar praktyk dat mediums soos tekeninge, speelgoed, prente, stories en kuns in terapie met kinders uitstekende moontlikhede bied in gesprekke waar heroriëntering (*re-authoring*) van die kind se lewe plaasvind.

Die mens staan as getuie van die fasette waar Christus se dominante storie in sy lewe waar geword het ten spyte van die situasie wat vir hom probleme verskaf het, en wat hy moes aanvaar en *niks* aan kon doen nie (Van Heerden, 1996:196).

3.3.2.5 God vra reaksie

Volgens Van Heerden (1996:197) is om te lewe om verantwoordelikheid vir jou lewe te aanvaar. Die mens het in elke situasie 'n lewensopdrag. Die mens het egter ook 'n mate van vryheid ontvang om keuses te maak (Van Heerden, 1996:197; Marra, 2000): deur te kies, antwoord die mens op inisiatief vir sy lewe.

Dit is ook in hierdie keuses wat die mens se lewensgeskiedenis geskryf word (Van Heerden, 1996:197), en lewensvervulling vind plaas wanneer die mens sy roeping in sy besondere omstandighede nakom.

Van Heerden (1996:197) beveel aan dat besluitnemingsvaardighede in die model ingesluit te word, ten einde nuwe handelingsmoontlikhede in die mens se lewe te skep.

Die laerskool kind is op daardie tydstip van sy lewe waar hy sy houding teenoor beide aspekte van sy direkte sosiale omgewing, sowel as wyer kultuur, ontwikkel en konsepsualiseer. Lester (1985:54) meen in die verband:

> *For those of us interested in the child's religious and spiritual growth, it is imperative that we help give shape to these evolving attitudes, because they set the foundation for the child's later belief system.*

Hierdie houdings word op drie maniere aangeleer (Lester, 1985:55):

1. die houding van volwassenes na te aap vir wie die kind respek en bewondering toon,
2. deur positiewe sowel as negatiewe ervarings met spesifieke idees, groepe of organisasies en die kind se herinneringe en persepsies van daardie ondervinding, en
3. deur een, intense diep positiewe of negatiewe emosionele ervaring met 'n spesifieke objek, persoon of situasie.

Volgens Morgan (1998:44) is dit ook belangrik om gereeld die effek van terapeutiese gesprekke met die beradene te bespreek. Veral laerskool kinders dink konkreet, en kan maklik die betekenis van 'n krisis verkeerd interpreteer, of gebeure verwring (Lester, 1985:29).

3.3.2.6 Getuig van en vier van God se verlossingsdade

Gelowiges word volgens die Bybel geroep om hul gawes tot voordeel van ander te benut, en van God se hulp en bystand te getuig (Van Heerden, 1996:206). Van Heerden (1996:206) vertel die verhaal van Lenie wat deel was van 'n ondersteuningsgroepie wat bymekaar gekom het om mekaar te ondersteun en te bemoedig. Sy is voortdurend herinner wat God vir haar in die gemeente gedoen het, terwyl die groepie ook geleentheid gebied het waar haar vordering in die teenwoordigheid van ander gelowiges gevier kan word, en waar sy geleentheid gekry het om God saam met ander te dank.

Die belangrikheid van die betrokkenheid van ander persone tydens die proses van narratiewe terapie word deur White & Denborough (1998:9) beklemtoon: *... places a great deal of importance on finding ways in which other people and broader audience can be invited to play a part in co-authoring, authenticating and strengthening the preferred stories of community members.* Wanneer 'n kind graag iemand na die speelkamer wil neem, kan dit voordelig vir terapie wees: dit is egter baie belangrik dat die terapeut die kind se motiewe vir die behoefte aan deelname van ander persone in ag neem (Landreth, 1991:267). In een geval waar die navorser per geleentheid sonder dat 'n rede gegee is, 'n kind toegelaat het om 'n maat by terapie te betrek, het die kind se deelname aan die teken van haar *lewenspad* (Bylaag 1) gou laat blyk wat aan die gebeur was: die kind in terapie het die nood van hierdie maat raakgesien, en haar saamgebring ten einde vir haar hulp te soek!

Ten einde 'n verskil te maak, is dit nodig dat die persoon in terapie nuwe verhale buite die terapeut se kantoor beleef (Freedman & Combs, 1996:33). In terapie met die kind kan verandering ook raakgesien word deur op te let na 'eerstes', byvoorbeeld wanneer die kind in terapie die hele tyd met sy rug na die terapeut sit, en dan een dag na die terapeut toe draai, is dit 'n eerste (Sweeney, 1997:143).

Dit is nodig om ook in die geval van kinders, gebruik te maak van hierdie geleenthede om die kind se onmiddelike gemeenskap bewus te maak dat

> *Children do not just absorb the cultural patterns in which they live; they shape them and reshape them in a continuing process of fitting them into their own sense of how things are in the world* (Hymans, 1991:228).

## 3.4 Samevatting

Die terapeut in narratiewe terapie is nie net 'n hoorder nie, maar neem uit sy eie ervaringsveld en geloofsoortuigings as gespreksgenoot deel. Sy houding en vermoë om sy eie storie met selfvertroue, en met vertroue in God uit te leef, is belangrik, aangesien die kind van hom as rolmodel gebruik maak.

Die eie verhaal van die beradene word met groot omsigtigheid, en in belang van groei in sy verhouding met God, gebruik om aan hom te toon hoe sy persepsies, en probleem gefokusde gedrag verander en hanteer kan word, ten einde oplossings te weeg te bring.

# HOOFSTUK 4

## Gebruik van die eksterne verhaal, van toepassing op die kind

### 4.1 Inleiding

Die gebruik van die beradene se eie verhaal is reeds bespreek, asook die feit dat hierdie verhaal in terapie gerekonstrueer word. Die verhaal word egter nie noodwendig alleen gebruik nie. Soos reeds in 1.1 genoem, word fiktiewe verhale, mites, ensovoorts ook in Narratiewe terapie gebruik om spesifieke doelwitte te bereik. Hierdie *eksterne* verhale word vervolgens bespreek, terwyl die implikasies van die middelkinderjare kind se ontwikkelingsfase vir die gebruik van Narratiewe terapie met die kind ook bespreek word. Hoofstuk 3 en 4 vorm saam die agtergrond vir die gebruik van Narratiewe terapie met die kind in pastoraat.

Kress (1998:12) meld dat alle kultuur kategorieë van narratief (eksterne verhaal) en argument (gesprek oor en met die eie verhaal) nodig het om twee opponerende, kontrasterende elemente te kan hanteer, naamlik:

- die voorsiening van geïnstitusionaliseerde middele om verandering te hanteer, en
- argumentering om verandering te bewerkstellig.

Die narratief, of eksterne verhaal, is met ander woorde 'n vorm waarvan die funtamentele karaktertrekke gebruik word om *closure* te bewerkstellig, terwyl argument (of gesprek oor en met die eie verhaal) verskille na vore bring en openheid vir verandering bewerkstellig.

Lester (1985:114) haal die woorde van 'n ander skrywer aan, wat die belangrikheid van stories in 'n kind se geloof aandui:

> *At every point in our lives, we seek and need to discover some meaning. The whole process begins at childhood when we learn through stories ... What is important for us to remember is that children and adults need to hear stories. It is human nature to order our lives in accordance to a story ... Stories provide our imaginations with the means for ordering our experiences. Stories preserve the memory of past events and the experiences of the race in a way that allows those events and experiences to help shape our lives.*

Gunn & Fewell (1993:47) meen dat die krag van die narratief geleë in die vermoë om lewe na te aap, om 'n wêreld te skep wat baie soos ons eie is, om gebeure en situasies oor te vertel, om mense te skep wat ons verstaan en met wie ons identifiseer. Aangesien die kind op onbewuste vlak met hierdie karakters identifiseer en die situasies op sy eie lewe van toepassing maak, word sy gevoel van isolasie tydens probleme verander na 'n gevoel van gedeelde ondervindings (Sweeney, 1997:121). Dit is dus belangrik om die kind in die ontwikkelingsfase van toepassing (op hierdie navorsingstuk) saam met die gebruik van die eksterne verhaal te bespreek.

4.2 Gebruik van metafore

Fainsilber & Ortony (1987:240-241) meen dat die metafoor ten minste drie funksies in terapie het:

- geleentheid word gebied om uitdrukking te gee aan dinge wat in werklikheid moeilik, of selfs onmoontlik is, om in gewone taal te sê,
- die metafoor mag moontlik 'n kompakte vorm van kommunikasie daarstel, en
- die metafoor mag bydra om die helderheid van 'n fenomenale gebeurtenis vas te vang.

Smalley & Trent (1991:13) vertel die verhaal van 'n gesin waar die pa die gesin verlaat het vir 'n ander verhouding. Hy het egter na sy gesin teruggekeer, nadat hy die volgende brief ontvang het, waarin sy dogter van 'n metafoor gebruik maak om die situasie vanuit haar oogpunt aan hom te verduidelik:

*Dear Daddy,*

*It's late at night, and I'm sitting in the middle of my bed writing to you. I've wanted to talk with you so many times during the past few weeks. But there never seems to be any time when we're alone.*
*Dad, I realize you're dating someone else. And I know you and Mom may never get back together. That's terrible hard to accept - especially knowing that you may never come back home or be an "everyday" dad to me and Brian again. But at least I want you to understand what's going on in our lives.*

*Don't think that Mom asked me to write this. She didn't. She doesn't know I'm writing, and neither does Brian. I just want to share with you what I've been thinking.*

*Dad, I feel like our family has been riding in a nice car for a long time. You know, the kind you always like to have as a company car. It's the kind that has every extra inside and not a scratch on the outside.*

*But over the years, the car has developed some problems. It's smoking a lot, the wheels wobble, and the seat covers are ripped. The car's been really hard to drive or ride in because of all the shaking and squeaking. But it's still a great automobile – or at least it could be. With a little work, I know it could run for years.*

*Since we got the car, Brian and I have been in the backseat while you and Mom have been up front. We feel really secure with you driving and Mom beside you. But last month, Mom was at the wheel.*

*It was nighttime, and we had just turned the corner near our house. Suddenly, we all looked up and saw another car, out of control, heading straight for us. Mom tried to swerve out of the way, but the other car still smashed into us. The impact sent us flying off the road and crashing into a lamppost.*

*The thing is, Dad, just before being hit, we could see that you were driving the other car. And we saw something else: Sitting next to you was another woman.*

*It was such a terrible accident that we were all rushed to the emergency ward. But when we asked where you were, no one knew. We're still not really sure where you are or if you were hurt or if you need help.*

*Mom was really hurt. She was thrown into the steering wheel and broke several ribs. One of them punctured her lungs and almost pierced her heart.*

*When the car wrecked, the back door smashed into Brian. He was covered with cuts from the broken glass, and he shattered his arm, which is now in a cast. But that's not the worst. He's still in so much pain and shock that he doesn't want to talk or play with anyone.*

*As for me, I was thrown from the car. I was stuck out in the cold for a long time with my right leg broken. As I lay there, I couldn't move and didn't know what was wrong with Mom and Brian. I was hurting so much myself that I couldn't help them.*

*There have been times since that night when I wondered if any of us would make it. Even though we're getting a little better, we're all still in the hospital. The doctors say I'll need a lot of therapy on my leg, and I know they can help me get better. But I wish it was you who was helping me, instead of them.*

*The pain is so bad, but what's even worse is that we all miss you so much. Every day we wait to see if you're going to visit us in hospital, and every day you don't come. I know it's over. But my heart would explode with joy if somehow I could look up and see you walk into my room.*

*At night when the hospital is really quiet, they push Brian and me into Mom's room, and we all talk about you. We talk about how much we loved driving with you and how we wish you were with us now.*

*Are you all right? Are you hurting from the wreck? Do you need us like we need you? If you need me, I'm here and I love you.*

*Your daughter,*

*Kimberly*

4.3 Gebruik van stories/mites

Lyness en Thomas (1995:135) noem drie eienskappe wat na hul mening, noodsaaklik is vir 'n eksterne verhaal wat in terapie gebruik word, naamlik:

- 'n probleem
- 'n *desired outcome*
- 'n *connecting strategy*

Perry (1999:60) deel 'n verhaal wat sy gebruik het in terapie met Finn. Finn was op daardie stadium in 'n hospitaal en het geweier om met enigiemand te praat, aangesien sy verhouding met sy pleeggesin verswak het, en hy sou weereens in iemand anders se sorg geplaas moes word. Perry het terapie begin deur aan Finn te skryf, aangesien hy geweier het om met enigiemand te kommunikeer. Hier volg die storie:

> *Wich-apache, in his dream, went walking. He packed up his few carrying things and went walking. As he walked, he heard animal noises. Then, up ahead, he saw a moose sloshing around in the marsh. When the moose saw him, he began to run. 'Wait a minute, little brother', Wich-apache said, 'Don't run, let's talk. Let's talk'. The moose stopped and looked at him with great suspicion. He got quiet. The birds stopped talking. The squirrels stopped talking. And the animals watched.*
> *Wich-apache said, 'Listen, I've got troubles. I'm thinking a lot about things lately'. The moose replied, 'What can I do to help?' Wich-apache explained how he'd come to be there and why he wanted to talk to the moose.*

*'It's like this. Last winter, when the forest was covered with snow, I saw some huts. I went straight to the head man's hut. The head man said to me, "Welcome, Wich-apache, sit down, have some food, but don't get too comfortable. We move around a lot. We've moved four times the last five days. In fact, in the morning we'll move again, but you're welcome to stay and travel with us." I asked him, "But why do you move so much? Can't you just stay put, stay with one family?" The Chief said to me, "Wich-apache, just this last winter we camped by the river and learned to paddle backwards with Trout. In the summer we moved north to catch a bit more stubbornness from Jays (little birds), and tomorrow we're going on a mission to catch sight of Owl – do you know why owls spread their wings?" "No," I replied. "Neither do we", said the head man, "So some of us are off to live with Owl for a while. Some others of us are off to live with Elk. Elk have strong medicine. They can think ahead, anticipate things. These are abilities we want to learn more about."*

*'After I heard all of this, I got undressed. I took off my clothes and hung them to dry from wet snow. Smoke went into them. I then lay down and went to sleep. In my dream I went walking. In the morning I found myself lying on the snow. It was freezing cold. My clothes hung on the tree. They looked like coat and pants icicles. I built a fire under then and turned them back into clothes. I almost froze to death. I forgot I'd been warned not to get too comfortable. I got angry with myself. I set off walking. I walked all winter looking for my friends. I lived in the trees, under ice, and once I squeezed into an owl nest.'*


*Moose then said to Wich-apache, 'Wich-apache, there's so much you know that we don't. There's so much you've done that we*

*haven't. Come live with us for a while. Let's trade our medicine, Wich-apache. We only know how to live in the forest, where did you learn these other ways?'*
*Wich-apache said, 'If I trade my medicine with Moose, what does Moose offer in return?'*
*Moose said, 'Moose medicine. Moose medicine is the power to recognise wisdom. Our power is that we recognise when wisdom has been used in a certain situation, and we recognise when a pat on the back is deserved. This is Moose medicine. We are the largest member of the Deer family and are known for our strength. We are also known for our "tell the world" ability. We tell the world, with joyfullness, about our achievements. The wisdom in doing this shouting, telling the world, is that it's catching. Not only do others start to notice our achievements but they notice their own as well. In choosing to live with us for a while, you must have reason to feel good about something you've accomplished. Is this true for you, Wich-apache? Perhaps you have broken a habit, reached a goal, or achieved a sense of yurself that has been hard-won. Time spent with us is a time of feeling pride in yourself and of recognising what you've done to overcome hard times. This is Moose medicine. Do we have a trade, Wich-apache?'*

## 4.4 Gebruik van die Bybelverhaal

Die gelowige leef in die taal van die Bybel, daarom is ook sy interpretasie van God se teenwoordigheid nooit los van die Woord nie (Van Heerden, 1996:113). Van Den Berg (1998:70) sluit hierby aan wanneer hy noem dat nuwe betekenismoontlikhede vir die menslike lewensverhaal slegs geskep word indien die menslike en Bybelse

verhaal *ontmoet* en *versmelt*. So nie, verloor die Bybelse narratief betekenis omdat dit dan nie bydra tot die skep van 'n nuwe verstaan van die lewensverhaal nie.




**Integrasie van geloof**

*Uit:* Burger & Simpson (1996:83)

Die mens se lewe word dus deur die integrasie van sy eie en God se verhaal, in 'n nuwe raamwerk geplaas, wat die hele betekenis van die mens se storie en gedrag verander (Burger & Simpson, 1996:83).

Van Heerden (1996:147) meen verder dat die Bybel nie tydlose en objektiewe antwoorde vir al die mens se vrae het nie. Daar bestaan dus 'n hermeneutiese afstand tussen die mens en die teks wat oorbrug moet word. Die eksterne verhaal behoort dus, ten einde waarde in die

pastoraat te hê, nie net aangehoor en ervaar te word nie, maar ook op narratiewe manier ontleed en interpreteer te word (Louw, 1993:250). Tog kan hierdie Bybelverhale, net soos ander verhale, 'n groot invloed op die vorming van 'n persoon se lewe hê, dit is die som van menslike lewe – en stories is volop in die Hebreeuse Bybel (Gunn & Fewell, 1993:1).

Deur die vertel van Bybelverhale word geloof oorgedra deur aan kinders die geleentheid te gee om (Lester, 1985:117):

- ons erfenis as konteks te gebruik om hul respons tot 'n krisis te prosesseer, en
- hulle te help om religieuse interpretasies te maak en geestelike insig vanuit hierdie selfde tradisie te kry.

Moberly (1992:13) meld dat die Skrif anders as ander boeke gelees word, en nodige inligting aan die mens verskaf terwyl dit ook aan die bewussyn skaaf: op hierdie wyse word geloof, waardes en gedrag van die leser gevorm. <u>Hoe</u> die Skrif gelees word, sal beinvloed word deur <u>waarom</u> die Skrif gelees word.

Ter illustrasie van die gebruik van die Bybelverhaal, word gelet na 'n ondersoek van Vermeulen (1999:94-98) ten opsigte van die gebruik van 2 Samuel 12:1-14 in die lewe van Dawid. Die Bybelverhaal self word nie weergegee nie, maar slegs 'n bespreking rondom die wyse waarop die verhaal deur Natan gebruik is.

Die <u>doel</u> van die verhaal is om Dawid sy oë te laat oopmaak; hy moet homself aan God onderwerp. Die <u>inhoud</u> van die verhaal word geneem uit die alledaagse. Dawid was self in sy jeug 'n herder wat die

verhouding tussen herder en skape verstaan. Die verhaal wek dus by Dawid 'n emosionele reaksie.

Die tyd vir die gebruik van die verhaal is gepas, aangesien dit voorkom asof dit 'n rustige tydperk vir Dawid was. Hy kon dus sy onverdeelde aandag aan Natan skenk. Die verhaal is ook effektief omdat dit Dawid se nuuskierigheid prikkel, asook onmiddelike deelname vra. Die verhaal verplaas Dawid ook uit sy eie situasie (vgl. Vosloo & Van Rensburg, 1999:345) na die situasie van die persoon teen wie die onreg gepleeg is, wat empatie wek.

Die wyse waarop Dawid by die verhaal betrokke raak is op drie vlakke, naamlik:

Denke: Daar word van hom verwag om te oordeel tussen reg en verkeerd.

Emosie: Woede en empatie kom duidelik in Dawid se reaksie na vore.

Geloof: Wanneer Dawid oordeel, moet hy volgens God se wil oordeel: op hierdie wyse word hy voor God verantwoordelik vir sy eie dade.

Vermeulen (1999:98) slaan ook ag op die doel van God se raadsplan wat deur die verhaal belig word, naamlik dat God verwag dat die liefdesgebod gehoorsaam sal word: soveel meer deur persone in 'n posisie om 'n voorbeeld aan ander te stel.

## 4.5 Gebruik van metafore met die kind

Tradisioneel is die terapeut verantwoordelik gehou vir die ontwikkeling en gebruik van 'n metafoor, en alhoewel in die laaste tyd baie moeite gedoen word met die ontwikkeling en gebruik van metafore deur die beradene self (Van Den Berg, 1998:218), word hierdie nuwe neiging nie in die ontwikkeling van 'n Bybels-narratiewe model vir kinders gebruik nie, om die volgende redes:

1. Die belangrikste rede is die gebruik van die Skrif, aangesien nie net die oplossing van die probleem as doelwit gestel word nie, maar ook geloofsgroei (Sweeney & Landreth, 1993:356) en die terapeut se keuse van Skrif sal hand aan hand loop met die oplossings wat die Skrif daarstel, nie noodwendig wat die kind sou wou gebruik nie.
2. 'n Opvoedkundige komponent is teenwoordig, aangesien die kind ook tydens die terapeutiese proses geleer word om God te gehoorsaam en dien (vgl. Deuteronomium 6:7).
3. Die terapeut se situasie word vergemaklik, aangesien 'n verhaal gekies word waarmee hy self kan identifiseer. Die terapeut kan dus een verhaal so volledig moontlik eksploreer in die opset van die Openbaringsgeskiedenis, om as riglyn vir sy eie reis in die proses van terapie te dien.
4. Kinders hou daarvan om na stories te luister (vgl. Sweeney, 1997:121) en self stories te vertel (Lester, 1985:118), en een verhaal wat opbou sal waarskynlik beter onthou en verstaan word as 'n aantal los metafore.
5. Die laerskoolkind het nodig om van ander te leer, sowel as om self dinge reg te kry (Lester, 1985:51).

Te alle tye moet in ag geneem word dat gesprekke met jong kinders gewoonlik baie van die gewone norm vir volwassenes verskil (Gandolfo, 1999:69). Dit is te alle tye belangrik dat die terapeut moeite sal doen om die leefwêreld van die kind te betree, eerder as om die kind te dwing om te probeer aanpas (Sweeney, 1997:22). Joy (1999:147) maak die volgende opmerking in die verband:

> *When a child asks us or expects us to be able to jump higher than we can, it is amusing. We can generally make sense of it and we are reassured by the fact that we have the power to refuse. When we as adults expect children to jump higher than they can, it makes no sense at all. It is generally abusive.*

Eberhardt (1996:29) waarsku egter betreffende die gebruik van verhale dat dit onbetaamlik is om stories te gebruik ten einde te manipuleer en beheer. Daar moet op die impak van die verhaal vertrou word om self die *nodige* boodskap oor te dra.

4.6 Ontwikkelingsvlak en persoonlikheid

Die gebruik van die Bybel in godsdienstige opvoeding berus op twee veronderstellings (Hymans, 1996:231; vgl ook Habermas, 1993:31), naamlik:

- dat kinders in staat is om religieuse konsepte en aktiwiteite op hul eie vlak, alhoewel anders as die van volwassenes, te verstaan, en
- dat die kind se verstaansvermoë nie staties is nie, maar saam met die kind sal groei en die gewenste uitwerking in sy opvoeding sal hê.

Morgan (1998:38) praat van *recurring themes* en die wyse waarop kinders in staat is om tussen temas te beweeg, sonder om die detail van een van die onderwerpe te vergeet. Sy is van mening dat dit nie net vir kinders moontlik is om op hierdie wyse te kommunikeer nie, maar ook dat hulle dit verkies. Terapie met die kind gaan dus nie noodwendig 'n spesifieke orde hê nie, wat ook beteken dat stories (soos ook die verhaal van Josef) nie noodwendig logies, in 'n spesifieke orde, gebruik sal word nie.

Ezzo & Ezzo (1997:35) is van mening dat kinders weet wat reg en verkeerd is, maar ongelukkig beskik baie min kinders oor die selfbeheersing om die regte besluit te neem (vgl. ook die *marshmellow test* van Goleman, 1998:78). Hierdie skrywers wys ook daarop dat kinders baie hoor van die moet nie's van die lewe (moet nie jok nie, moet nie steel nie) en baie min van die moet's van die lewe (wees vriendelik, wees sagmoedig).

Hierdie klem op wat vermy moet word, en te min op wat gedoen moet word, laat die weg na goeie dade en korrekte optrede ongedefinieërd vir die kind (Ezzo & Ezzo, 1997:36). Tydens sy eerste lewensjare leer die kind deur middel van navolging – in die Christelike geloof om 'n eie innerlike geloofsoortuiging en navolging van Christus, wat behoort te groei tot 'n eie selfstandige oortuiging (Prins, 1991:255). Dit hang nou saam met kognitiewe ontwikkeling en identifikasie (sien 5.7). Ortlund (1995:41) meen dat baie versigtig opgelet moet word na die wyse waarop met die laerskoolkind gepraat word, aangesien:

*The way he thinks about himself later on, before God, will have been very much influenced by the way you've talked to him, treated him, handled him.*

Ortlund (1995:49) voeg hierby dat elke kind 'n bêreplek binne in sy brein (onderbewussyn) het waar persepsies op grond van ervaring geberg word. Sy is van mening dat hierdie vormingsjare gebruik behoort te word om die regte gewoontes en gedagtes vir die kind te help aanleer. Strom, Bernard & Strom (1989:177) verwys na die *Pygmalion Effect*, waarvolgens verwys word na die feit dat kinders deur positiewe invloed gemotiveer kan word om sukses te behaal: 'n persoon tree op volgens, en word wat ander van hom verwag.

Prins (1995:25) meld dat geloofslewe die mens in totaliteit omsluit; die mens is in sy totale menswees in Christus aan God verbonde. Wat beteken dat die kind wat van kleins af in die geloof ingelei word, in alle aspekte van sy persoonlikheid hierdeur geraak word. Dit is dan ook noodsaaklik om die kind se persoonlikheid in ag te neem tydens terapie, aangesien die selfkonsep tydens die middelkinderjare vinnig ontwikkel en dus van kritiese belang is (Louw et al., 1992:387). Volgens Keirsey (1998:255) verskil kinders veral ten opsigte van taal, wat abstrak of konkrete taalgebruik behels, en die gebruik van beskikbare gereedskap, wat behels dat sommige kinders van nature samewerking toon, terwyl ander dinge vanuit 'n nuttigheidsoogpunt beskou. Die wyse waarop dus met die kinders gekommunikeer word, behoort dus te verskil.

In ag genome dat die ouderdomsgroep 9-12 dan ook die tydperk is waar die kind se ontwikkeling gefokus is op *geheelbreindenke*, wat insluit ontwikkeling van kennis en insig ten einde nuwe strategieë daar

te stel (Fourie, 1998:83, vgl. ook Louw et al, 1992:331-341), is dit dan ook die ideale tydperk om die kind te leer om eie besluite te neem en positiewe persepsies te vorm. Weetgierigheid en leergierigheid bereik dan ook tussen die ouderdomme van 8 en 12 jaar 'n hoogtepunt (Lohann, 1986:8).

Strom, Bernard en Strom (1989:120) beskou hierdie ouderdomsgroep ook as 'n goeie tyd in enige persoon te lewe om te begin leer hoe om emosies uit te spreek, aangesien bespreking van emosies lei tot katarsis - 'n geleentheid om emosies na vore te laat kom ten einde 'n gebalanseerde perspektief te kry. Hierdie ouderdom is dus van kritieke belang vir die kind se kognitiewe, sosiale, emosionele en selfkonsepontwikkeling (Louw et al., 1992:325).

Dit is tydens die eerste twaalf jaar van 'n kind se lewe waartydens die kind leer om te vertrou op die standvastigheid van sy fisiese omgewing: die wêreld wat nie in die donker raakgesien kan word nie, is dieselfde as die wêreld wat gesien kan word wanneer die lig aan is. Dit is ook die tydperk waartydens hy leer om in sy eie vermoëns te glo, te begin verstaan dat hy dit wat van hom verwag word *kan* doen, en glo dat persone wat hom versorg, werklik betroubaar is. Indien die geleentheid gebied word, is dit ook die fase waartydens die kind 'n basiese vertroue bou in 'n voorsienende God wat sy totale bestaan omring (Sweeney, 1997:29).

## 4.7 Samevatting

Die belangrikste funksie van die eksterne verhaal is dus om moeilik verstaanbare begrippe en idees op 'n makliker verstaanbare wyse oor te dra, en geleentheid vir identifikasie te bied. Die kind in sy

middelkinderjare is in 'n kritieke fase vir sy kognitiewe en emosionele groei, wat dan ook 'n invloed op geestelike groei het. Die gebruik van die eksterne verhaal behoort dus gemaklik in hierdie lewensfase saam met die kind se eie verhaal gebruik te kan word.

# HOOFSTUK 5

## Genesis 37, 39-50 as besondere fokus

### 5.1 Inleiding

Die verhaal ter sprake in Genesis 37, 39-50 gaan eksegeties volgens die grammaties-historiese metode (vgl. Helberg, 1983:47-127; Lion-Cachet, 1987:10-92) ondersoek word. Die stappe wat gevolg word, is volgens dié van Vermeulen (1999:27):

- afbakening van die perikoop
- bepaling van die literêre genre en die belang daarvan vir interpretasie
- 'n kultuur-historiese agtergrond
- interpretasie
- sintese wat bestaan uit:
  a. die kernboodskap van die gedeelte
  b. die konteks van die Bybel
  c. die openbaringshistoriese plek van die gedeelte
  d. die besondere klem van die geleenthede.

Verder word ook aandag geskenk aan redes waarom die Josef-verhaal spesifiek gekies is vir hierdie studie.

## 5.2 Afbakening van die perikoop

Humpreys (1988:7; vgl. ook Howard, 1997) beskou dit as die beste om in geval van die Josef-verhaal met die *geheel* te begin, eerder as stukkies en brokkies van die verhaal. Hy vergelyk die verhaal met 'n koek wat reeds gebak en versier is, en kan geen rede sien waarom daar dan eers na die bestanddele, en dan na die koek gekyk behoort te word nie.

Terselfdertyd moet ook 'n keuse gemaak word of die verhaal in konteks van die groter Genesis bestudeer word, en of die novelle as selfstandige kunswerk beskou word (Dietrich, 1989:10). Vir Dietrich (1989:13) is dit duidelik dat die Josef-verhaal in en deur homself spreek, oor 'n duidelike tema beskik en op weldeurdagte wyse uitgebou is.

Die verhaal van Jakob word gebruik as inleiding van die Josef-verhaal, terwyl die afsluiting van die verhaal ook vir Jakob insluit; die verhaal sit dus die verhaal van die patriarge voort (Westermann, 1986:94).

## 5.3 Literêre genre en belang by interpretasie

Humphreys (1988:18) maak melding van die feit dat terminologie vir genre nie in die Hebreeuse Bybel self voorkom nie, en dat terminologie vir kritiese- en genre analise uit ander tydperke en areas stam. Materiaal word dus aan 'n spesifieke genre toegeskryf op grond van beskryfde kriteria vir 'n spesifieke genre.

Volgens Karleen (1987) gebruik hierdie verhaal, soos ander narratiewe, literêre sjarme om verby die verhaal op geestelike temas te wys. Howard (1997) noem spesifiek die volgende in die verband:

| | |
|---|---|
| Dialoog | Word gebruik om meer van die karakter te vertel, of beweging in die plot te bewerkstellig. Josef se lang antwoord op Potifar se vrou se kort voorstel (Genesis 39) dien as voorbeeld van die wyse waarop karaktereienskappe na vore kom, terwyl dit ook met 'n draai daartoe lei dat hy in die tronk beland. |
| Herhaling | Die stylfiguur, wat waarskynlik die stylfiguur is wat die meeste in Bybelse narratiewe na vore kom, se herhaling van kernwoorde het ten doel om sekere karaktereienskappe, die plot, teologie, ens. uit te lig. Die herhaling van die frase *Die Here was by Josef* het dan ook in hierdie verhaal 'n belangrike teologiese doel. |
| Ironie | In beide die lewe van Josef en sy vader Jakob, kies God 'n jonger kind bo die oudste, wat 'n belangrike boodskap dra in 'n wêreld waar die oudste kind as belangrikste geag word. |
| Weglating | Wat die skrywer *nie* sê nie, is dikwels net so belangrik as wat hy wel sê. Die feit dat min oor Josef se eie sondigheid vertel word, en sy eie gevoelens selde in die verhaal bespreek word, kan nuttig gebruik word in berading met kinders. Die nut hiervan word in 5.7 bespreek. |

Humphreys (1988:16; vgl. ook Karleen, 1987; Moberly, 1992:33) beskou die Josef-verhaal as novelle, wat beteken dat dit tussen die roman en kortverhaal in die literêre wêreld staan.

Humphreys (1988:17) definieër die novelle as

> *An artful crafted piece of prose fiction that entertains and seeks to give an accurate depiction of life.*

Du Toit (1992:69) beskou die volgende vertelling uit die Rabbynse tradisie as veelseggend, betreffende die *rede* waarom die Godsopenbaring in die Skrif onder andere deur die gebruik van *stories* geskied:

> *Toe die Israeliete die eerste woorde van God se wet in die Tien Gebooie hoor, het hulle in 'n beswyming geraak; hul siele het hulle verlaat. Daarop het die Woord van God teruggekeer en gesê O Heer van die Heelal, U leef vir ewig en u wet leef vir ewig. Maar U het my na die dooies gestuur! Toe het God genade betoon en sy Woord in 'n meer draaglike vorm aan die mens gestuur – in verhaalvorm.*

Die diepsinnigheid van vrae soos: Wie is God? Wat is die mens? Hoe werk God met mens en wêreld? Noodsaak God om dit op verteerbare wyse aan die mens oor te dra. Dit is deur die Gees van God se leiding wat die skrywer, deur sy keuse en rangskikking van detail, dit regkry om 'n verhaal te skep waar

uitstekende literêre werk gelyktydig saam met geestelike krag in die verhaal na vore kom (Karleen, 1987).
Humphreys (1988:19) meen dat 'n novelle nie poog om informasie rondom werklike geskiedenis te gee nie, maar op vermaaklike wyse insig bied in wat met mense gebeur wat in sekere situasies geplaas word. Dit beteken egter geensins dat daar nie van historiese gebeure of persone gebruik gemaak kan word nie. Historisiteit kan egter, volgens Moberley (1992:86,87) gladnie uit die Josef-verhaal afgelei word nie, aangesien historiese feite, byvoorbeeld die naam van die betrokke Farao nie voorkom nie. Dit is die skrywer se kennis van Egipte en Egiptiese gebruike (Bigger, 1994:90) wat die *plot* bevorder (Humphreys, 1988:20).

Humphreys (1988:185) is dan ook van mening dat die skrywer Hebreeuse tradisie en die familie van Jakob gebruik het en 'n verhaal rondom hierdie karakters gekonstrueer het, deur gebruik te maak van gewilde temas soos jaloesie, die vervulling van drome en redding van die gesin deur die persoon van wie dit die minste verwag word. Vir die doel van hierdie studie word die verhaal, in die lig van sy plek in die Openbaringshistoriese geskiedenis, en Reformatoriese uitgangspunte, as eg en waar beskou.

Betreffende die identiteit van die skrywer, asook die tyd en plek waar die verhaal tot stand gekom het, is die kort en kragtige antwoord volgens Moberly (1992:57) dat ons ongelukkig nie weet nie (vgl. ook Westermann, 1986:95; Lion-Cachet, 1990:60).

Die skrywer probeer nie vertel wat gebeur het nie, maar wel hoe mense optree. Die skrywer probeer aantoon hoe die lewe is, hoe mense in spesifieke omstandighede optree, en wat die resultate van hul gedrag is (Humphreys, 1988:28). Dietrich (1989:17, vgl ook Matthee, 1992:25) sluit hierby aan deur aan te toon dat die novelle onderskei word op grond van die feit dat slegs belangrike gebeure bespreek word, en beide gebeure en persone net gebruik word in so verre hulle draers of middele van hoofgebeure is.

Alhoewel dit blyk dat die verhaal as novelle geklassifiseer kan word, verkies onder andere Westermann (1986:95) dat slegs van 'verhaal' gepraat word, omdat hy meen dat die verhaal nie as novelle beskou kan word nie, aangesien dit nie selfstandig, as sulks geslote en digterlik is nie. Sy mening is gegrond op sy veronderstelling dat die verhaal nie fiktief is nie (aangesien dit oor die patriarge handel) en ook nie individualisties nie (aangesien dit die verhaal van 'n familie is). Howard (1997) meen dan ook dat die verhaal in verskillende genres kan pas, en dus vanuit enige van hierdie genres bespeek kan word, aangesien dit eienskappe deel met prosa, geskiedenis en selfs fiksie.

Gunn & Fewell (1993:9) meen dat dit moontlik is om die Bybelverhaal soos 'n moderne novelle te lees, waar 'n wêreld eie aan die verhaal geskep word ten einde vrae rondom mense se waardes en geloof (in Teologie) vorm kry in verhouding met die relasie van die leser se eie wêreld. Hy self glo nie dat histories-kritiese analise, alhoewel interessant, noodwendig 'n

voorvereiste vir die lees van die verhaal is nie (Gunn & Fewell, 1993:11).

5.4 'n Kultuur-historiese agtergrond

Die agtergrond waarin die verhaal geskryf is, voorveronderstel volgens Humphreys (1988:29) 'n gehoor wat oor die vermoë, tyd en belangstelling beskik om van hierdie kaliber te verstaan: vir die Josef-verhaal is die hoër sosio-ekonomiese klasse in die Jerusalem van Salomo as moontlike gehoor voorgestel.

Josef, deur stories oor sy broers te vertel, tree reeds van die begin van die verhaal af op as verskaffer van inligting. In die Nabye Ooste, voor die 'Common Era' was die potensiële betekenis van drome relevant. Nie net het dit insig in die menslike karakter gebied nie, maar ook inligting oor en insig in die toekoms. Drome en kennis het hand aan hand geloop, en wanneer interpretasie van drome ter sprake was, ook hand aan hand met mag en die gebruik van hierdie mag deur die persoon wat dit kan interpreteer (Humphreys, 1988:108,109).

Dit is ook belangrik om te onthou dat Egipte in die Hebreeuse tradisie oorwegend as 'n plek van gevangenisskap en dood beskou word. Tog tree Egipte in hierdie novelle op as voorsiener in 'n tyd van nood, 'n plek waar 'n nuwe begin gemaak word, van rekonsiliasie, van lewe (Humphreys, 1988:78).

Alhoewel die verhale oor die patriarge dalk minder bekend is as voorheen, meen Moberly (1992:9) dat hierdie verhale nie net steeds diep ingebed is in die westerse samelewing nie, maar

steeds oor die vermoë beskik om die verbeelding van die moderne leser aan te gryp wanneer hy daarmee in aanraking kom. Volgens Candlish (1996) is die verhale oor die patriarge onder andere 'n verhaal van menslike karakter en die lewe, dit bied insig en vra simpatie soos geen ander verhaal, werklik of fantasie, ooit kan nie.

Alhoewel skrywers soos Humphreys (1988:185) en Moberly (1992:86) meen dat historisiteit nie uit die verhaal afleibaar is nie, word die moontlikheid hiervan tog met belangstelling steeds vandag ondersoek, soos onder andere gesien kan word in Pfeiffer (1996) se bespreking van argeologiese bewyse. Bewyse in die anale van Amenemhat II rondom Asiate (soos die bevolking van die Midde Ooste aan Egiptenare bekend was) wat Egipte binne gekom het as onder andere slawe, toon aan dat dit wel vir 'n persoon soos Josef moontlik was om in Egipte te beland (Kitchen, 1994:79). Alhoewel Westermann (1986:105) erken dat die historiese data in die verhaal probleme skep, meen hy dat die verhaal juis deur 'n mate van vryheid en gladde verloop gekenmerk word, aangesien dit nie deur detail versteur word nie (vgl. ook Lion-Cachet, 1990:66/67).

In terme van die vertrekpunte van die studie (sien 1.5) word egter aanvaar dat die geskiedenis van Josef inderdaad so gebeur het.

## 5.5 Interpretasie

Sekere teoloë, waaronder Coats (1976:84) en Goodnick (1988:215) het ernstige probleme met Josef se karaktertrekke. Tog word in hierdie studie op 'n meer positiewe beeld van Josef (vgl. Humphreys, 1988:87 en Niehoff, 1992:382) gefokus, aangesien gepoog word om 'n positiewe rolmodel vir kinders daar te stel.

Ander karakters se gevoelens ten opsigte van Josef word in die verhaal weergegee, maar dwarsdeur die verhaal bly Josef se eie gevoelens en gedagtes ongesê (Moberly, 1992:35). Sy gedagtes bly 'n onderwerp waaroor die leser/hoorder spekuleer (Humphreys, 1988:87). Van Wyk (1998:51) dui op die belangrikheid daarvan dat sekere dinge in hierdie verhaal nooit vir die leser vertel word nie: dit lei tot 'n denkproses waar elke persoon self *motiewe* vir optrede teenoor ander in sy eie hart kan ontdek.

Hierdie novelle is op belangrike wyse 'n karakterstudie wat aantoon hoe interaksie tussen mense plaasvind en deur interaksie verander wanneer hulle in situasies geplaas word waar gevaar en spanning voorkom (Humphreys, 1988:68). Verder beskou White (1958:42) Josef se getrouheid in elke nuwe posisie waarin hy geplaas word as 'n belangrike lewensles: die persoon wat volgens God se Wil leef, verseker vir homself die ontwikkeling van 'n waardige karakter (vgl ook Job 28:28).

Wenham (1994:186) waarsku betreffende interpretasie van die Skrif dat gelowige lesers bewustelik of onbewustelik beinvloed

word deur Paulus se lering dat alles wat geskryf is, daar is om instruksie te verskaf (Romeine 15:4) en in die waarheid te onderrig (2 Timoteus 3:16): en tog verskil kommentare oor die lesse wat uit hierdie verhale geleer behoort te word. Die betekenis van die narratief is ook nie staties nie, maar iets wat oor 'n tydperk ontwikkel: die tyd waarin die karakters die gebeure uitleef, asook die tyd waartydens die leser die lewe van die karakters betree en die lewe van die karakters 'uitleef' (Gunn & Fewell, 1993:101).

## 5.6 Sintese

### 5.6.1 Kernboodskap

Josef se hantering van sy broers en vader toon die verandering vanaf die bedorwe seun in Genesis 37 in die magtige, verantwoordelike man in wie hy verander het, wanneer hy reageer op die verandering wat in hulle plaasgevind het (Genesis 43) (Humphreys, 1988:25,87; Moberly, 1992:33).

Die novelle beskik oor die teoreties-teologiese probleem van skuld en versoening as tema, materiële probleme soos hongersnood en bevordering van groepsbelang speel teenoor hierdie tema 'n dienende rol. Deur die vertel van die verhaal verkry die materiële egter betekenis: die samehorigheid van die familie betrek ook hul oorlewing as tema en toon aan hoe die Patriarge mekaar in moeilike omstandighede te hulp snel en leer om met mekaar oor die weg te kom (Dietrich, 1989:37,38).

Alhoewel menslike verantwoordelikheid steeds belangrik bly, word aangetoon dat God teen en ten spyte van menslike motiewe Sy plan deurvoer (Wildowsky, 1993:158; Fung, 1999:120). Die Josef verhaal illustreer dat God nooit sy gelowiges in die steek laat nie, teleurstellings word gebruik om ons tot iets beter te lei (Vosloo & van Rensburg, 1999:63).

### 5.6.2 Konteks van Bybel

Die tema van die jonger broer wat bo die ouer broer gestel word, kom in die Skrif nie net in die geskiedenis van die aardsvaders voor nie, maar ook in Gideon (Rigters 6) en Dawid (1Samuel 16:1-13) (Humphreys, 1988:102). Terwyl Howard (1997) ook ooreenkomste raaksien in die verhale van Josef en Ester waarin God dit wat met die karakter gebeur stuur, eerder as om direk in te gryp.

Die verhaal tree ook op as oorgang van Genesis na Eksodus (Dietrich, 1989:10). Dit toon aan hoe Jakob en sy familie in Egipte beland het (vgl. Dietrich, 1989:48), en berei die leser voor vir die uittog, wat 'n integrale deel van Israel se "teologiese" verstaan van die volk is (Wolvaard & Zuck, 1985; Humphreys, 1988:194). Die insluiting van die verhaal in die slot van die Jakob-geskiedenis, toon volgens Westermann (1986:150) aan dat dit 'n onderdeel van die patriargale geskiedenis is.

Die verhaal self word in die Skrif selde opgevolg, waar van Josef melding gemaak word gaan dit oor die persoon Josef self, nie oor die verhaal nie. Jode, Christene en Moslems (Pickthall, 1997:232) beskou in hul tradisies almal Josef as 'n voortreflike persoon (Westermann, 1986:185). Josef word dan ook deur Christene as 'n tipe van Christus beskou (White, 1958:239; Candlish, 1972:360ev; vgl. ook 1.2), hierdie gedagte dat Josef (soos Christus) deur self te ly uiteindelik ander te red, vind reeds by die kerkvaders inslag (Westermann, 1986:185).

### 5.6.3 Openbaringshistoriese plek

Volgens Furgeson & Wright (1988:621) is *Openbaringshistoriese plek* 'n term wat dui op 'n aantal geskiedkundige gebeure wat deur Christen gelowiges interpreteer word as spesifieke dade deur God om Sy volk te red. Die Bybelse verhaal vertel dus met 'n deurlopende patroon, vanaf Skepping tot Vervulling, met die koms van Christus as middelpunt, die geskiedenis van Goddelike ingryping.

Die boek Genesis word geskryf vanuit 'n voorveronderstelling dat God bestaan, en dat hy homself deur woord en daad aan die voorvaders van die Israeliete openbaar het (Wolvaart & Zuck, 1985).

Met die verloop van die verhaal raak dit vir al die karakters duideliker dat hul lewens deur meer as hul eie voorneme en dade gevorm word (Genesis 45:5-9) (Humphreys,

1988:122; Vosloo en van Rensburg, 1999:60). Yahweh self is dan ook die saambindende faktor in die onderskeie verhale van die patriarge (Moberly, 1992:20,34), aangesien alles wat in hierdie verhale gebeur, gesien word as deel van Sy plan wat reeds aan die begin van die patriargale geskiedenis uiteengesit is (vgl. Genesis 12:1-3; van Wyk, 1998:20). Die 'storie' word deur God inisieer, wat poog om 'n vertrouensverhouding met die mens op te bou en lewendig te hou. Dit is 'n geval van God wat Sy heilsplan uitvoer, selfs deur die gebruik van menslike swakheid, soos die skinker se vergeetagtigheid, of selfs bewustelike teenstand (Van Wyk, 1998:39, vgl. ook Vosloo en van Rensburg, 1999:61).

Misbruik van mag en die gevolge daarvan kom ook deurentyd in die verhaal voor (die broers se verkoop van Josef en Potifar se vrou), asook die gebruik van mag om lewens te red (Josef se optrede teenoor die Egiptenare sowel as sy eie familie). Misbruik van mag word deurentyd in die verhaal veroordeel, en dit is slegs aan die einde van die verhaal, wanneer teruggekyk word op gebeure, dat Josef die hand van God, en sy gebruik van gebeure om die goeie na vore te bring, kan raaksien (Humphreys, 1988:127,128).

Dit is nie vir Josef moontlik om beheer oor die situasies geskets in sy verhaal uit te oefen nie, maar daar word aangetoon hoe hy altyd geleenthede aangryp en die beste daarvan maak (Humphreys, 1988:147). God gee dus aan die mens geleenthede, sukses hang af van wat die mens

met hierdie geleenthede maak (White, 1958:223). Hierdie tema van die vreemdeling wat suksesvol is in 'n vreemde land, kon moontlik as model vir die latere boeke Ester en Daniël gedien het, wat net soos die Josef-verhaal die moontlikhede toon wat bestaan vir die persoon wat glo dat God ook in die vreemde met hom sal wees (Moberly, 1992:36)

Westermann (1986:184,185; vgl. ook Candlish, 1972:357) beskou Josef ook as oorgangsfiguur betreffende die mens se verhouding met God: hy ontvang nie soos die aardsvaders spesifieke openbaringe nie, maar lei 'n nuwe periode in waar religie-vorming in wese bepaal word deur 'n bepaalde plek in 'n gebonde kultus.

Op hoogste vlak toon die novelle ooreenkomste met die verskillende siklusse in die verhale van die patriarge waar God keer op keer in moeilike omstandighede, selfs die moonlikheid dat die bloedlyn kan uitsterf, optree en sy gekose volk red (Vosloo, 1986:23; Westermann, 1986:183; Humphreys, 1988:197). Die Openbaringshistoriese geskiedenis toon ten diepste aan hoe God Hom in Sy volk, en ook individue, se lewens openbaar. Bigger (1994:84) som die kernboodskap van die Torah, waaronder die Josef-verhaal, soos volg op:

> *The Torah begins with story-narratives depicting, as their themes, how God intervened in earth affairs and how people responded. It lays foundations by*

> *creating a framework explaining the origings of familiar peoples, institutions and customs. Readers should see how they fitted into the sceme of things – why they married, spoke different languages, recognized kinship, and worshipped ... It revealed what was expected of them, in terms of behaviour and ritual; and what they could expect. The Torah thus defined their existence, offering them a framework for life, a paradigm which helped them to see their existence as purposeful.*


In die verhaal van Josef vind die bewaring van Jakob, die voortgaan van die geskiedenis, die koms van Christus en die voltooiing van die verlossingswerk plaas (De Wolff & Van Dooren, 1975).

### 5.6.4 Besondere klem van geleenthede

Die afsonderlike dele van die Josef-verhaal, is byna soos bedrywe in 'n toneelstuk: dit skakel ineen en groei in en deur mekaar. Nie een van die dele staan alleen nie (Humphreys, 1988:23,24).

Die struktuur wat deur Van Wyk (1998:71) daargestel is, toon grafies aan hoe die dele in mekaar skakel:

## Struktuur van die hele verhaal



Deur hierdie gebeure groei en verander die karakters voor die oë van die leser: verandering vind voortdurend in persone en omstandighede plaas.

> *God wil 'n verbondsverhouding met die mens soos hy is; maar Hy kan die mens ter wille van dié verhouding nie laat bly soos hy is nie.* Berkhof (aangehaal deur van Wyk, 1998:53)

5.7 Redes vir die gebruik van die Josef-verhaal

> *There is also fiction laid in some historic period or starring a historic figure. Fantasy, including science fiction, is popular at all levels.* (Woolley, 1991:20)

Steenberg (1989:15, vgl. ook Woolfe & Hampton, 1984:70) is van mening dat dit in kinderfantasie om die indirekte vestiging van morele waardes gaan. Dit is dan ook die rede waarom die fantasieverhaal vir jong kinders altyd oorwinnend eindig. Dikwels word die mag van vernuf oor hulpeloosheid, 'n worsteling teen swakhede met oorwinning ook in fantasieverhale aangeraak, terwyl eerbied vir alle fasette van die natuur en respek vir ander mense (dus indirekte religieuse kwessies) hier 'n groter rol speel as in volwasse fantasie. Verhale is die wyse waarop die mens sy omgewing probeer verklaar, wat hy glo oor die lewe, dood, liefde, arbeid, groei: kortom kan dit beskryf word as die *mens se menswees aan sy medemens oorgedra* (Du Toit, 1992:69) Woolley (1991:128) waarsku egter dat waardes nie deur preke oorgedra behoort te word nie. Dit kan oorgedra

word deur die tipe karakters wat voorgehou word, die aard van hul probleme, die wyse waarop hierdie probleme opgelos word, die karakters se gevoelens oor hulself, ander en hul lewens, asook hul gedrag.

*Opmerking:* Die verhaal van Josef leen hom, vanweë tyd en plek vir die huidige leser, tot die genre van die fantasie, en kan dus sonder om prekerig te klink, aan die leser toon hoe probleme aan die hand van God se Woord opgelos kan word. Daar word ook duidelik in die verhaal aangetoon hoe God mense deur swaarkry vashou (vgl. 5.6.3), wat natuurlik ook vir kinders geld.

Alhoewel karakters in kinderfantasie dikwels nie genuanseer word nie, is dit steeds belangrik dat die hoofkarakter moet oortuig en duidelike skakels met die primêre wêreld hê (Steenberg, 1989:20), aangesien deur die karakters 'n dieper waarheid of lewensiening geillustreer word. Ten einde 'n kind met die karakter te laat identifiseer, moet die kind nie net saam met die karakter in die verhaal dink nie, maar ook voel, ruik, proe, hoor en sien (Prakst, 1990:25; Woolley, 1991:43).

*Opmerking:* Die tipe probleme wat Josef beleef, naamlik eensaamheid, verwerping, die hersaamgestelde gesin, paniek, molestering, aanpassing in 'n nuwe omgewing, ensovoorts, is probleme wat deur die jeug van vandag ervaar word, wat identifikasie vergemaklik. Aangesien die verhaal in 'n vreemde land plaasvind, word geleentheid geskep om die kind gebruike en gewoontes van 'n ander kultuur te leer, wat ook prakties gedoen kan word, deur byvoorbeeld 'n ete voor te berei na

gelang van die ou Egiptenare se eetgewoontes. Andersins kan die kind geleentheid kry om 'n 'kleed' aan te trek en rollespel te doen.

Kinders wat nog baie moet leer omtrent menswees, kry indirek deur fantasiekarakters beter insig in eie, verborge gevoelens en drange (Steenberg, 1989:21). 'n Karakter se stryd en oorwinning, sy soeke na en vind van iets kosbaars, sy beoefening van morele beginsels, kan byvoorbeeld 'n kind se menslikheid laat ontplooi. Die dinge waaroor die kind wonder en waaroor hy in verwondering is, kan in verhaalvorm vir hom verklaar word (Du Toit, 1992:70). Dit is egter belangrik dat 'n storie sekere emosionele belewenisse bevat wat vir die kind aanloklik is: liefde vir pret, avontuur en misterie, omgee, die behoefte om dapper en vriendelik te wees, om probleme te oorkom en groter hoogtes te bereik - om 'n held te wees (Woollley, 1991:31).

*Opmerking:* Daar is reeds genoem dat die kind kan identifiseer met die probleme wat Josef beleef, hier is sy eie houding ter sprake. Aangesien Josef self sukses behaal het, kan sy houding en emosies op so manier bespreek word dat die kind die positiewe agterhou. Dit is opmerklik dat, alhoewel Josef 'n sondaar soos alle ander mense was, daar nie werklik melding gemaak word van sy sondigheid nie (vgl. Packer, 1993). Juis hierdie eienskap kan bydra tot 'n werkswyse waar positiewe versterking (vgl. 4.5) gebruik word.

Die ekonomiese wyse waarop karakters in die Bybel aangebied word, frustreer dikwels lesers wat gewoond is aan narratiewe

waar karakters breedvoerig bespreek word. Tog identifiseer lesers reeds vir eeue met hierdie karakters. Gunn & Fewell (1993:51) meen dat die karakters in die Bybel aan lesers geleentheid bied om te spekuleer, hul verbeelding te gebruik ten einde gapings te probeer vul, selfs al is die leser nie altyd hiervan bewus nie. Daarom is Gunn & Fewell (1993:107) dan ook van mening dat ons die Bybel lees en oor lees, omdat ons iets van ons eie stories daarin raaksien. Die krag van die Josef novelle lê dan ook vir Van Wyk (1998:16) in die feit dat ons die karakters in hierdie verhaal so goed kan verstaan, selfs al kan ons nie noodwendig hul optrede goedkeur nie.

*Opmerking:* Die feit dat Josef se eie gevoelens nie breedvoerig weergegee word nie, bied geleentheid om die kind in sy skoene te plaas deur vrae soos, wat sou jy in daardie situasie gedink het, as jy Josef was? Hulpmiddels (sien Bylaag 2) kan gebruik word om verskillende emosies voor te stel, sodat die kind kan leer om verbaal uiting te gee aan sy gevoelens.

Gebeure in die fantasieverhaal volg mekaar gewoonlik chronologies op, terwyl geen aandag aan onnodige detail of newetemas gegee word nie, sodat 'n hegte samehang kenmerkend is (Steenberg, 1989:24). Die narratief behoort ook volgens (Gunn & Fewell, 1993:3) oor woordspel te beskik; 'n patroon of herhaling van 'n sekere strofe of sisteem (vgl. ook Wolvaart & Zuck, 1985) - 'n tipe van narratiewe ritme behoort dus voor te kom.

*Opmerking:* Vgl. 5.3 vir bespreking van die literêre genre – die verhaal van Josef blyk asof dit vir die moderne leser, volgens die reëls van die moderne literatuur geskryf kon wees.

Woolley (1991:6) maak melding van 'n gesprek met onderwysers waartydens dit onder haar aandag gekom het dat kinders wel weet wie Hitler was en waar China op die wêreldkaart is. Tog vind onderwysers dat kinders baie min van die Bybel weet, alhoewel hulle dit geniet wanneer hulle daaraan blootgestel word. Sy is van mening dat geskiedenis vir kinders op so 'n wyse geskryf word dat die karakter in 'n lewendige biografie, in die tydgleuf waarin hy geleef het, geplaas word (Woolley, 1991:108).

*Opmerking:* Die kind behoort dus meer aan verhale soos die van Josef blootgestel te word, en ook begelei te word in 'n geldige begrip daarvan. Nie net raak die kind op hierdie wyse vertroud met die Woord van God nie, maar leer ook hoe om op praktiese wyse antwoorde op lewensvrae by God te soek.

In 'n gesprek met De Beer (2000) word Woolley se opmerking bevestig in konteks van die Suid-Afrikaanse kind. De Beer (2000) vind dat seuns nie-fiksie verkies, waaronder onderwerpe soos argeologie, maar wel fiksie sal lees, indien dit interessant aangebied word (byvoorbeeld *Niemand mag weet nie*, Hartmann [1995] en *The Giant Panda*, Steele [1994]). Interaktiewe verhale, waar leidrade deur die kind self opgevolg en ontsyfer moet word ten einde die verhaal te volg, is ook baie gewild (vgl. byvoorbeeld *Die Piramide*-komplot, deur Somper [1994]). Die ontwikkeling van die kind se verstandelike vermoëns bring mee

dat hy kennis en lektuur soek wat hom kennis oor homself, sy medemens en die wêreld om hom laat opdoen (Lohann, 1986:13). Beide seuns en dogters geniet ook vanaf ongeveer 10 jarige ouderdom reekse, waar verhale opgevolg word, terwyl die karakters in die verhale gewoonlik ook bietjie ouer as die leser self is.

*Opmerking:* Dit het reeds na vore gekom dat die verhaal van Josef oor al die karaktereienskappe van 'n goeie storie beskik. Avontuur, stryd tussen goed en kwaad, karakters waarmee maklik identifiseer kan word, uitstekende woordspel en 'n goeie spanningslyn is van die verhaal se belangrikste eienskappe. Indien die 'aanbieder' van die verhaal dus oor genoegsame kennis van kinders se voorkeure beskik en self 'n lewendige verbeelding het, behoort hy die kind se aandag by die verhaal te kan hou.

Die waarde van die novelle, wat juis die eenvoudige aanbieding van 'n magtige Skepperheer is, as voorbeeld van die lewe en optrede van 'n opregte, getroue volgeling dien, en dui op die uiteindelike triomf wat uiteindelik vir die Christen wag wat hierdie God navolg, word op uitsonderlike wyse deur Candlish (1972:367) opgesom:

> *For the most part, indeed, comment serves rather to weaken than to enforce the teaching of the Spirit in this matchless biography. It really tells its own tale and suggests its own moral throughout, so clearly and so pathetically, that it might seem best to leave it to make its*

*own impression, undiluted and unadulterated by the reflections, however sound, of ordinary exposition.*

## 5.8 Samevatting

Alhoewel die historisiteit van die verhaal verskeie uiteenlopende reaksies na vore bring, word dit tog in hierdie studie as eg en waar aanvaar. Die werklike waarde van die verhaal lê egter in die lesse wat hieruit geleer kan word. Dit vertel van mense en hul optrede en reaksie in sekere situasies, dit dra sekere morele waardes oor.

Die verhaal probeer ook, in konteks van die patriarge en hul geskiedenis, aantoon hoe God, ten spyte van menslike gedrag, sy troue sorg en beloftes as Skepper en Versorger teenoor Sy gekose volk nakom.

In konteks van die moderne literatuur vir kinders, blyk dit steeds 'n relevante verhaal te wees, wat as sodanig in terapie met die kind gebruik kan word.

# HOOFSTUK 6

## Toepassing van Genesis 37, 39-50 in 'n Bybels-Narratiewe model

### 6.1 Inleiding

Verskeie gevallestudies sal vervolgens bespreek word, ten einde aan te toon op watter wyse die Josef-verhaal in terapie gebruik kan word. Die volgende aspekte sal aandag geniet:

- Doel van die gebruik van die verhaal
- Toepaslikheid van inhoud
- Effektiwiteit ten opsigte van die kind se betrokkenheid op grond van a) denke
  b) emosie
  c) geloof.

Dit is egter belangrik om melding te maak van die feit dat die gebruik van die Bybelverhaal in terapie nie op sy eie kan staan nie en behoort as deel van die kind se geloofsvorming, in konteks van die gesin en geloofsgemeenskap plaas te vind ( vgl. Prins, 1993:82 ev. betreffende die konsep van geloofsgemeenskap).

### 6.2 Gebruik tydens 'n aanvangsonderhoud

Die navorser gebruik altyd die eerste onderhoud met 'n kind om die kind te leer ken (persoonlikheid te bepaal) en om die kind geleentheid te bied om meer van die terapeut te wete te kom, ten einde aan die kind geleentheid te bied om te besluit of hy wil saamwerk.

Vir hierdie doel het die navorser 'n lys met vrae wat aan die kind gevra word (Bylaag 3). Daar word aan die kind verduidelik dat die doel van die vrae is om mekaar te leer ken, daarom gee die navorser self ook kommentaar op van die vrae.

Een van die vrae behels die *mooiste storie wat jy al ooit gehoor het,* wat aan die navorser geleentheid bied om te vertel waarom Josef se storie 'n gunsteling is - die verhaal bied geleentheid om oplossings vir probleme te soek, om God beter te leer ken, en dit is avontuurlik omdat dit in Egipte afspeel (sommige kinders is beïndruk wanneer die navorser soms in terapie verwys na buite-Bybelse feite rondom kultuur en gebruike in die tyd van die aardsvaders). Dit is egter belangrik om in ag te neem dat die terapeut wat 'n verhaal in terapie met die kind wil gebruik, beide 'n goeie kennis oor *kinders* en die spesifieke *verhaal* (in die geval van die Christen terapeut is die hele Skrif van toepassing) behoort te beskik (Lohann, 1986:112).

Afhangend van inligting rondom die probleem waarmee die kind na die navorser verwys word, kan dit gebeur dat die navorser huiswerk betreffende die verhaal van Josef gee wat die kind, of soms die hele gesin, tydens Bybelstudie kan doen. Bylaag 4 word aan 'n gesin gegee om te bemoedig - die vader is onlangs oorlede, en die moeder is besorg oor haar kinders (10 en 12 jaar oud) se hantering hiervan. Die moeder kry met Bybelstudie stukkies soos hierdie dan ook geleentheid om te leer hoe om die rol van enkelouer as hoof van die gesin te hanteer.

## 6.3 Bespreking van gevallestudies

### 6.3.1 Egskeiding

Katrien se storie

Katrien het die terapeut op tien jarige ouderdom besoek. Haar ouers was reeds enkele jare geskei, en sy is deur haar huisdokter met depressie gediagnoseer. Sy bly saam met haar ma en broer op 'n ander dorp as haar pa, vir wie sy naweke besoek. Sy het reeds 'n sielkundige besoek, maar haar ma het besluit om haar eerder na 'n pastorale berader te bring, aangesien dit lyk asof geen vordering gemaak is nie. Sy is 'n uitgesproke Christen, maar in latere gesprekke blyk dit toe wel dat sy baie wetties is, wat 'n probleem skep met die aanvaarding van haar ouers se egskeiding. Die terapeut meen dat Katrien 'n NF-persoonlikheid het, wat volgens Keirsey (1998:265-270) oor onder andere die volgende eienskappe beskik:

- baie intense belewenis van emosies,
- natuurlike talent om met ander te kommunikeer, stel belang in ander se welsyn,
- poog van jongs af om harmonieuse verhoudinge met ander te handhaaf, wat beteken dat die disfunksionele gesin vir hierdie kind ernstige probleme skep,
- opreg in optrede teenoor ander,
- soeke na identiteit kom van kleins af reeds sterk na vore, probeer om unieke posisie in die gesin te vind,
- geniet verhale en identifiseer maklik met karakters,
- altruïsties, en
- soek na 'n lewensfilosofie waarin sy kan glo.

Katrien se geloof en liefde vir die Woord van God het dit maklik gemaak om die verhaal van Josef met haar te deel – sy het dit dan reeds uit haar kop geken! Sy kon onmiddelik aanklank vind by die verhaal, en die terapeut het bloot nodig gehad om die regte vrae te vra, ten einde haar op die spoor van voldoende antwoorde te plaas. Alhoewel deurgans met die verhaal van Josef gewerk is, word net een aspek bespreek, naamlik die volgende persepsie wat tydens gesprekke van haar eie storie na vore gekom het:

| | | |
|---|---|---|
| Egskeiding | = | Sonde |
| Sonde | = | Straf |
| Straf | = | Hel |

Dit het duidelik geword dat Katrien se kwellinge nie oor haarself gaan nie, maar eerder dat sy besorg was oor haar ouers.

<u>Die eksterne verhaal wat die weg aanwys</u>

*Doel:* Om Katrien toe te laat om deur die Woord te leer dat ons in Christus vergewe word wanneer ons sonde doen en dit bely. Sonde beteken nie noodwendig dat iemand sal hel toe gaan nie.

*Toepaslikheid:* Die probleem wat Josef se broers self jare na hulle hom verkoop het, betreffende hul persepsie van Goddelike straf, en die uiteinde daarvan, toon 'n genadige God wat vergewe.

*Effektiwiteit:* Katrien word uitgevra oor die optrede van Josef se broers voordat hulle hom verkoop het. Was hulle optrede geregverdig? Nee = sonde.

Wat gebeur later in die verhaal, wanneer die broers voor Josef verskyn. Word hulle gekonfronteer met hulle sonde? Ja. Wanneer

Josef as onderkoning streng teenoor hulle optree, bespreek hulle self onder mekaar die onreg wat hulle teenoor Josef gepleeg het, en die moontlike gevolge daarvan. Hulle is dan ook vreesbevange, dink dat God hulle op daardie stadium sal straf vir wat gebeur het.

Wat gebeur egter nog? Die broers BELY dat hulle verkeerd gedoen het, en toe Josef sien dat hulle BEROU toon, het hy hulle VERGEWE. Bring Josef se optrede in verband met wat Christus gedoen het. Die boodskap is dus:

> Alhoewel ons sonde doen, is God genadig en vergewe Hy ons wanneer ons ons sondes bely.

In opvolg sessies is weer hierna verwys, sodat die terapeut kon sien of die gedagte aan vergifnis werklik posgevat het. Katrien het ook in die proses van aanvaarding haar ouers vergewe vir die pyn wat die egskeiding vir haar en haar broer veroorsaak het. Die feit dat God haar ouers vir hul sonde kon vergewe, en dat die egskeiding nie beteken dat hulle van God afgesny is nie, was vir haar 'n verligting.

Interessant genoeg het Katrien later vir die terapeut vertel van 'n maatjie se ouers wat ook wou skei, en hoe sy die inligting wat sy self uit die verhaal van Josef geleer het, gebruik het om haar maatjie hierin by te staan!

6.3.2 Antwoord op geloofskwessies

Lena se vraag oor haar storie

Lena het die terapeut vir byna 'n jaar besoek. Tydens die aanvang van terapie was Lena tien jaar oud. Haar ouers is ook geskei, terwyl daar ook 'n vermoede was dat sy deur 'n nefie gemolesteer is. Dit is egter nooit bevestig nie.

Net soos Katrien, is Lena 'n NF (vgl. 6.2.1), en die eienskappe wat reeds in Katrien se storie beskryf is, kan op haar van toepassing gemaak word. Haar pa het haar soms bederf, en ander kere eenkant toe geskuif ter wille van verhoudings wat hy met ander vroue aangeknoop het na die egskeiding. Dit was vir haar verwarrend, en sy was veral bekommerd oor haar pa, omdat haar ma oortuig was dat haar pa nog nie vir Christus as verlosser aanvaar het nie. Aan die ander kant het haar ma probeer om soveel moontlik energie as wat sy kan uit haar geloof te put. Nieteenstaande hierdie feit was sy tog dikwels moedeloos en het selfs aggressief geraak in sulke situasies.

Aan die einde van terapie, het die terapeut aan Lena geleentheid gebied om aan haar *die moeilikste vraag wat sy aan kan dink* te vra. Die rede hiervoor is om te sien of haar gevoelens en twyfel rondom haar ouers se egskeiding deurgewerk is, maar ook om te kyk of sy dalk haar ma se vermoede van molestering sal bevestig, aangesien sy 'n baie goeie vertrouensverhouding met die terapeut opgebou het.

Die vraag wat uiteindelik na vore gekom het, was:

> **Hoekom maak mense kinders so seer en dink hulle kan niks doen nie?**

Die eksterne verhaal wat die weg aanwys

*Doel:* Aangesien die terapeut se kontak met Lena kort na die hantering van hierdie vraag beindig sou word, was dit belangrik om vir haar 'n antwoord te gee wat sy met haar kan saamdra. Om hierdie rede is die volgende brief aan Lena geskryf:

*Liewe Lena*

*Jou vraag was regtig moeilik! Ek het baie tyd gevat om self daaroor te wonder, maar uiteindelik is dit alweer my goeie Bybelvriend, Josef, wat my gehelp het met 'n antwoord!*

*Kom ons kyk na die mense in Josef se lewe wat hom seergemaak het:*

*Pa Jakob was die eerste persoon wat vir Josef seergemaak het deur hom voor te trek. Onthou jy dat dit een van die redes was waarom die ander kinders nie van hom gehou het nie? Ek wonder of Jakob regtig bedoel het om vir Josef seer te maak. Ek glo darem nie – hy het seker maar net goed bedoel en vir Josef probeer wys dat hy lief is vir hom.*

*Dan is daar Josef se broers. Dit moet darem aaklig wees as jou eie broers nie eens van jou hou nie. Ons praat nie eens daarvan dat hulle hom VERKOOP nie, nog minder daarvan dat hulle daaraan gedink het om hom dood te maak. Wat dink jy kan die rede wees vir sulke slegte behandeling? Die feit dat hy sy pa se witbroodjie is? Of dat hy vir hulle pa vertel het as hulle verkeerde dinge doen? Of was hulle dalk kwaad oor God vir Josef in sy drome gewys het dat hy in die toekoms 'n baie belangrike man sou wees? Dalk vaar jy beter as ek met 'n*

*antwoord, want ek kan gladnie verstaan hoe iemand sulke lelike goed met hul eie broer kan doen nie.*

*Kom ons kyk volgende na <u>Potifar se vrou</u>. Wat sy met Josef wou doen, is definitief sonde! Wat haar besiel het om so verkeerd op te tree teenoor Josef, haar man en God? Ek weet regtig nie.*

*So kan ons aangaan en wonder oor al die mense wat Josef probeer seermaak het. Ongelukkig kry ons nie 'n antwoord nie, ons kan maar net wonder. Dit laat my nogal voel soos een van Job se vriende wat probeer het om uit te vind waarom God sulke slegte dinge met Job laat gebeur het. God gee uiteindelik self vir Job die antwoord. Gaan lees dit bietjie in Job 38-41 en sien hoe Job uiteindelik in Job 42 besef dat God wel sy eie bedoelinge met ons lewens verstaan, en ons dit net nie kan verstaan nie.*

*Is dit nie maar wat Josef later, wanneer sy seerkry verby is, vir sy broers sê nie? (Kyk wat staan in Genesis 45:8.) Josef vertel vir sy broers dat, al het mense hom probeer seermaak, God nie een keer Sy plan vir Josef se lewe verander het nie. Hy het meestal sommer daardie slegte dade van mense gebruik om vir Josef op die regte tyd, op die regte plek te kry! God sorg altyd vir die mense wat in hom glo!*

*Dus: oor mense se slegte dade weet ek net een ding, en dit is soos Paulus sê: die goeie dinge wat ek wil doen, doen ek nie, maar die slegte wat ek nie wil doen nie, doen ek (Romeine 7:19). Is dit nie maar soos ons mense is nie?*

*Ook vir jou en my en Paulus bly daar dus net een ding oor: God is ALTYD in beheer, al voel dit soms vir ons onregverdig en hartseer dat*

*mense so wreed teenoor mekaar kan wees. Dalk, eendag, sal ons net soos Josef verstaan wat God se plan was, en hoe Hy mooitjies al daardie slegte dinge gebruik het om wonderlike dinge reg te kry. Die skrywer van Korintiërs sê dit baie mooi. Gaan lees gerus 1 Korintiërs 13:12. Vra gerus jou dominee meer hieromtrent.*

*Ek hoop dat, vir nou, hierdie antwoord jou sal hoop gee en jou sal laat uitsien na die dag wat God Sy planne vir ons sal wys!*

*Met liefde*
*Tannie Hantie*

*Toepaslikheid:* Die terapeut se werkswyse is in hierdie geval om by die bekende te begin: die pad wat die kind reeds met Josef en sy verhaal geloop het. Daar word egter nie net by die verhaal gebly nie, maar dit word in verband gebring met ander dele uit die Skrif (Ou en Nuwe Testament) ten einde 'n oorsig te bied oor God se antwoord op hierdie vraag.

*Effektiwiteit:* Die kind word betrokke gemaak by haar geloofsgemeenskap, deur te vra dat sy met die leraar oor iets gesels. Dit is veral belangrik, aangesien terapie gestaak word, en die kind se geloofsgemeenskap as ondersteuningstelsel in 'n groot mate die gaping kan vul wat by die kind mag ontstaan weens die verlies van die vertrouensverhouding wat met die terapeut opgebou is.

Verder word veral in die antwoord gefokus op hoop. Dit is werklik moeilik vir enigiemand, waarskynlik nog meer 'n kind, om in moeilike omstandighede die oë op God gevestig te hou. Dit is dus belangrik dat, alhoewel ons nie altyd God se weë verstaan nie, die wete dat God

wel in beheer van, en betrokke is by ons lewens, van jongs af deel uitmaak van die Christen se leefwêreld.

### 6.3.3 Maak van keuses

Die storie van die Suid-Afrikaanse gemeenskap

> *Moorde het so algemeen soos aanrandings geword. Daarom is dit van die uiterste belang dat moraliteit in Suid-Afrika herstel word...*
>
> *Baie mense probeer nou nog hul sosiaal afwykende gedrag regverdig deur te sê hulle is produkte van die verdrukkende apartheidstelsel.*
>
> *Die realiteit is dat daar 'n geslag of twee is wat ondersteuningstrukture in die gemeenskap nodig het om hulle in die nuwe konteks te help funksioneer.*
>
> *Die verslag praat met lof van dié jong mense se 'roeping om die geskiedenis te verander' maar sê daar moet dalk nou in minder militaristiese en meer sielkundige terme gedink word aan die aflegging van die rol as gewese deelnemers aan die struggle.* (Jackson, 2000:13)

Die probleem wat die Suid-Afrikaanse gemeenskap op hierdie stadium in die oë staar, blyk uit hierdie koerantberig: *morele verval.* Hier word duidelik gevra na verandering van 'n dominante verhaal van geweld en morele verval, en die persepsie van slagoffer wees, na 'n

verhaal van gemeenskapslede wat op verantwoordelike wyse hul samelewing positief beïnvloed.

Die eksterne verhaal wat die weg aanwys

*Doel:* Om aan kinders in die Suid-Afrikaanse samelewing 'n persoon aan te bied waarmee hulle kan identifiseer.

*Toepaslikheid:* Josef se status as 'slagoffer' van sy omstandighede word gebruik om as voorbeeld te dien van korrekte optrede wat goeie gevolge het. Die feit dat daar geen aanduiding is dat Josef agter sy omstandighede skuil nie, toon aan dat hy verantwoordelikheid vir homself en sy dade aanvaar, in plaas daarvan om verskonings te soek (vgl. Seamands, 1995:161-177).

*Effektiwiteit:* Frowe (1998:55) meen dat, in ag genome hoeveel tyd en energie kinders afstaan aan redenasie, aangeneem kan word dat hulle baie goed is hiermee. Dit is egter nie die geval nie, maar Frowe (1998:57) meen dat hierdie vermoë aangeleer kan word deur kinders aan te moedig om self redes, hoe goed of sleg ook al, te gee vir enige mening wat na vore kom. Hierdeur kan hul redenasievermoë nie net verbeter word nie, maar kry hulle ook insig in die verskillende wyses waarop idees gevorm en onderhou word. Die kind leer dus om ander se standpunte en insigte raak te sien, terwyl kreatiewe denke geoefen word.

Frowe (1998:56) stel dus voor dat op die volgende skaal met redes geoefen kan word:

| Onmoontlik | Moontlik | Waarskynlik | Definitief |
| --- | --- | --- | --- |
| Dit sou nie die rede kon wees nie. | Alhoewel dit die rede kan wees, is dit onwaarskynlik. | Dit blyk die rede te wees. | Dit is beslis die rede. |

Die verhaal van Josef kan dus aan groepe kinders voorgehou word, met geleentheid om kommentaar te lewer op sy eie of ander karakters se optrede, motiewe te ondersoek en alternatiewe vir optredes te ondersoek - veral ook met die oog op gevolge. Lotter (2000:232) bespreek onder andere die gebruik van *versoeningsverhale* as een van die metodes waarop versoeningsimbole in die Suid-Afrikaanse samelewing na vore kan kom. Dit is dan ook in hierdie konteks wat Malan (1983) die Josef novelle gebruik in 'n boek getiteld *Josef en Boesak: 'n Studie in Versoening*, terwyl van Wyk (1998:41) ook die moontlikheid van hierdie verhaal as versoeningsverhaal raaksien. Vosloo en van Rensburg (1999:81) se kommentaar op Genesis 45:1-28 is dan ook dat, wanneer die mens hierdie groter visie het van 'n God wat selfs onreg tot heil van ander mense kan gebruik, maak die lewe weer sin.

Die terapeut kan byvoorbeeld, met die hulp van kerke, by skole se Lewensvaardigheid Opleiding betrokke raak, waar die verhaal van Josef stuk vir stuk aan leerlinge voorgehou kan word, waarna die verhaal bespreek word aan die hand van gekose vrae. Kinders kan self ook betrokke raak, en eie inisiatief gebruik in die vertel van die verhaal. Marieta Louw, 'n 11-jarige vriendin van die navorser, het byvoorbeeld vir die doel van die navorsing, papierpoppies op velle

papier geteken, en pypskoonmakers aan die agterkant vasgemaak, sodat 'n poppespel van die verhaal opgevoer kan word (Bylaag 5).

Voorbeeld:

Lees Genesis 37:12-36 voor, of laat van die leerlinge 'n rollespel hieroor doen. Deel hulle in klein groepies op om die volgende vrae te beantwoord:

1. Hoe sou jy die broers se gevoelens teenoor Josef beskryf, en is hierdie gevoelens geregverdig? (Daar kan selfs 'n 'hofsaak' in die klas gehou word om verskillende standpunte te verdedig)
2. Wat kon Josef doen om die situasie waarin hy beland het te vermy?
3. Hoe sou dit voel om alleen in 'n put te sit?
4. Hoe sou jy, as jy Josef was, kon keer dat jy paniekerig raak in die put? (Skryf alle opsies neer, bespreek voordele en nadele van elke keuse)
5. Wat kon Jakob gedoen het om hierdie situasie te vermy? Was dit sy skuld?
6. Hoe moet dit voel om verkoop te word?

Hierdie vrae kan dan in konteks van ons eie samelewing, en eie belewenisse gebring word, met verdere vrae, byvoorbeeld:

1. Is daar in jou gemeenskap mense wat negatief oor jou voel? Is hul gevoelens geregverdig, verdien jy dit? Kan dit wees dat hulle gevoelens oor jou deur ander geskep is?

2. Wat kan jy doen om te verseker dat mense positief sal voel oor jou? Kan jy help om ander se negatiewe idees (persepsies) oor iemand anders te verander? Hoe sou jy te werk gaan om iemand anders te help om verkeerde persepsies oor 'n ander persoon reg te stel?
3. Wat is die verskil tussen alleen wees en eensaam wees? Hoe kan jy 'Mnr. Eensaam' uitoorlê? (dus eksternalisering, vgl. 3.3.2.2)
4. Slaan Paniek ooit in jou lewe toe? Wat probeer hy vir jou van jouself vertel? Hoe kan jy hom verjaag?
5. Doen jou ouers ook soms goed wat jou benadeel? Wat kan jy daaraan doen? Moet jy steeds jou ouers respekteer as hulle foute maak?
6. Is jy al ooit deur iemand verneder/verraai? Hoe laat dit jou voel? Hoe moet 'n mens dit hanteer?
7. Wat kan jy uit die optrede van die karakters in Josef se verhaal leer?

Laasgenoemde vrae kan ook individueel beantwoord word deur 'n 'Lewensboek' (Stutterheim, 1993:48) wat elke kind kry om te gebruik in die klas. Hierdie boek kan met die terapeut gedeel word, indien die kind dit so verkies. Dit skep dus geleentheid om individueel te werk, indien die kind sou wou.

## 6.4 Paradigma vir gebruik van die Josef-verhaal in berading

### 6.4.1 Individuele berading

Pretorius (1997:7 ev) bied 'n uiteensetting vir die gebruik van die Josef novelle in individuele berading aan, wat vir daardie spesifieke

doel in agt dele ingedeel word. Let op dat, alhoewel hierdie navorsingstuk nie tot dusver gebeure in Josef se lewe voor Genesis 37 bespreek word nie, dit hier voorkom. Wat egter nie duidelik in Pretorius se werkstuk na vore kom nie, is *In 'n vreemdeling se* huis. Die uiteensetting sien in tabelvorm as volg daar uit:

| **Deel:** | **Gebruiksmoontlikheid** |
|---|---|
| 'n Bedorwe kind sonder ma | Die dood van 'n ouer<br>Verhoudings tussen broers en susters<br>Verhouding tussen ouer en kind<br>Voortrekkery in die gesin<br>Die hersaamgestelde gesin |
| 'n Dromer | Die kind se eie drome<br>Hoe ander voel oor die kind se ideale<br>Om te spog met jouself |
| 'n Ontvoering | Verwerping deur gesinslede<br>Eensaamheid<br>Angs<br>Leuens in die gesin<br>Mishandeling |
| Onskuldig in die tronk | Gehoorsaamheid in moeilike omstandighede<br>Geloof in God<br>Seksuele teistering<br>Vals beskuldigings<br>Onregverdige behandeling |
| 'n Helper, selfs in die tronk | Gehoorsaamheid, al gaan dit |

| | |
|---|---|
| | sleg<br>Hulpvaardigheid<br>Hantering van moeilike omstandighede<br>Geduld |
| Uit die tronk, in die paleis | Hulp kom slegs van God af, alleen kom die mens nie reg nie<br>Verantwoordelike optrede<br>Verantwoordelike optrede lei tot groter verantwoordelikhede<br>Goddelike wysheid |
| Vergewing | Vergewing<br>God se plan werk altyd<br>Hulpvaardigheid<br>Drome word soms waar |
| Self 'n pa | Probleme kan oorkom word<br>Die lewe bestaan nie net uit swaarkry nie<br>Alles wat gebeur, is deel van God se plan<br>God weet die beste |

6.4.2 Gebruik by lewensvaardigheidsopvoeding

Moontlike vrae en onderwerpe tydens groepbesprekings kan soos volg daar uitsien:

| **Genesis** | **Onderwerp** | **Moontlike vrae en onderwerpe** |
|---|---|---|
| 37:2 | Josef dra stories aan | Wanneer is dit reg om te verklik?<br>Guns wen deur ander te benadeel |
| 37:3 | Jakob gee vir Josef spesiale klere | Is dit verkeerd om spesiaal te voel?<br>As grootmense iemand voortrek ... |
| 37:4/5 | Josef se broers hou nie van hom nie | Is dit verkeerd om nie van iemand te hou nie?<br>Hoe voel dit om uitgesluit te word?<br>My houding teenoor stiefbroers en –susters |
| 37:6-9 | Josef se drome | Is drome nuttig?<br>Versigtig wat jy vertel, en hoe jy dit vertel |
| 37:14 | Josef soek sy broers op | Gehoorsaamheid teenoor ouers<br>'n Positiewe houding, ook teenoor mense waarvan jy nie hou nie |
| 37:24 | Josef in die put | Eensaamheid |

| | | |
|---|---|---|
| | | Paniek<br>Onsekerheid |
| 37:28 | Josef se broers verkoop hom | Oorkom vernedering |
| 37:36 | Potifar koop vir Josef | Om 'n ander mens te moet gehoorsaam |
| 39:2 | Die Here was by Josef | My enigste troos |
| 39:4 | Josef word hoof van die huishouding | Eienskappe wat sukses verseker<br>Verantwoordelikheid |
| 39:7 | Potifar se vrou maak 'n voorstel | Wat om te doen in so geval<br>Is molestering my skuld? |
| 39:8/9 | Josef weier om te sondig | Die regte keuse vs. die maklike keuse<br>Gehoorsaamheid aan God<br>Respek vir ander |
| 39:20 | Josef onskuldig in die tronk | Onskuldig gestraf |
| 39:21 | Die Here was by Josef | My enigste troos ... |
| 39:22 | Josef in beheer van die gevangenis | Verantwoordelikheid vir eie dade<br>Bring in alle omstandighede jou kant |
| 39:23 | Die Here was by Josef | My enigste troos ... |
| 40:7 | Josef sien ander se sorge raak | Wat ek vir ander kan beteken |

| | | |
|---|---|---|
| | | Mag ek my omstandighede as verskoning voorhou? |
| 40:8 | Josef lê drome uit | Gebruik van talente<br>Met God se hulp ... |
| 40:14 | Josef vra 'n guns | Hulp van ander |
| 40:23 | ... en word teleur gestel | Moet op aardse prinse nie vertrou nie<br>Hoe verwerk 'n mens teleurstelling? |
| 41:14 | Josef ontmoet die Farao | My optrede teenoor meerderes |
| 41:25 | Josef vertel die Farao van God se wil | Getuienis lewer<br>Gebruik van talente |
| 41:33 | Josef gee wyse raad | Wysheid: waar kry ek dit, en hoe gebruik ek dit<br>Gebruik van talente |
| 41:41 | Josef in beheer van Egipte | Hantering van mag<br>Leierseienskappe |
| 41:45 | Josef trou met Asenat | Wanneer ek eendag trou ...<br>Verantwoordelike verhoudings met die teenoorgestelde geslag |
| 41:50 | Josef word pa | Verantwoordelik vir ander<br>Hoe moet 'n ouer optree? |
| 42:7 | Josef herken sy broers | Skok<br>Hereniging (veral pleegsorg) |

| | | |
|---|---|---|
| 42:14 | Josef toets sy broers die eerste keer | Hantering van wantroue |
| 42:24 | Josef huil | Herkenning van emosies<br>Hantering van emosies |
| 42:25 | Josef gee graan en geld | Vrygewigheid<br>Verantwoordelike gebruik van geld en goed |
| 43:16 | Josef nooi Benjamin en die ander broers vir ete | Goeie gesindheid<br>Gesinsverhouding<br>Goeie maniere |
| 43:30 | Josef huil weer | Emosionele groei<br>Hantering van pyn |
| 45:3 | Josef vertel wie hy is | Herken wie jy is<br>Identiteit |
| 45:5 | Josef vergewe, en verklaar dat God se wil geskied | Vergifnis<br>Geloof en vertroue |
| 45:9 | Josef nooi Jakob en sy broers om na hom toe te kom | Goeie gesindheid<br>Sorgsaamheid<br>Versoening |
| 46:25 | Josef sien sy pa weer | Wat is vreugde?<br>Hereniging |
| 47:25 | Josef, die redder van lewens | Om die goeie te doen<br>Hantering van verantwoordelikheid |
| 49:22 | Josef, 'n boom wat vrugte dra | Wie God wil hê ek moet wees<br>Christelike optrede |
| 50:7 | Josef begrawe sy pa | Rousmart |

| | | |
|---|---|---|
| 50:19 | Josef vergeld nie die kwaad nie | Sekerheid oor vergifnis<br>Vergelding |
| 50:26 | Josef sterf | As ek sou sterf ... |

## 6.4 Samevatting

Die moontlikhede vir gebruik van die Josef-verhaal blyk legio te wees. Gevallestudies toon aan dat die gebruik van hierdie verhaal in sekere gevalle die kind op intellektuele, emosionele en geestelike vlak by terapie betrokke kan hou, terwyl die werkswyse op die kind se vlak bly. Sy eie verstaan en interpretasie van die verhaal word deel van sy lewens- en wêreldbeskouing.

# HOOFSTUK 7

## Gevolgtrekking

### 7.1 Inleiding

Die moderne Christelike lektuur begin al hoe meer die voorbeeld van Christus navolg in Sy verduideliking van konsepte aan die mens. Die gebruik van gelykenisse, of dan verhale, kom dus al meer na vore.

Die psigologie skenk ook al hoe meer aandag aan die waarde van die beradene se lewensverhaal ten einde hom op hierdie wyse van sy probleem te skei, nuwe perspektiewe rondom die probleem te ontwikkel en sodoende nuwe hanteringsmeganismes te skep.

In die Reformatoriese tradisie lê die waarde van hierdie *narratiewe metode* juis daarin om aan te toon hoe die spoor van God se vernuwingsproses in 'n persoon se lewe gevolg word. Derhalwe kan narratiewe terapie met enkele aanpassings in die Pastorale praktyk gebruik word.

Eksterne verhale word ook spesifiek geskep ten einde insig of gedragsverandering te bewerkstellig. Dit is juis veral hier waar Christus se metode vir die Pastorale praktyk met kinders van nut is. In hierdie konteks kan Bybelverhale spesifiek gebruik word om kinders te leer hoe om na die Woord van God te luister, dit in ag te neem en te gehoorsaam. Veral beskou in die lig van die

aanleer van 'n gesonde selfbeeld, ten einde nader aan die Skepper te beweeg, as einddoel van terapie met die kind.

Die Christen terapeut het egter nie net ten doel om kinders by te staan in die hantering van hul probleme nie, maar ook om met geestelike groei in die proses van beproewing te help. Die kind se verhaal rondom sy lewe en probleme behoort in terapie in lyn met die Woord van God te loop. Op hierdie wyse kan die einddoel, naamlik 'n lewende verhouding met God, bereik word.

Die Bybelverhaal wat gebruik word, behoort 'n verband te toon met die kind se eie lewensomstandighede, wat die verhaal van Josef 'n moontlike keuse maak. Josef ervaar talle probleme waarmee die kind in die moderne samelewing identifiseer, byvoorbeeld konflikhantering, eensaamheid, seksuele teistering en vergifnis. Josef dien dan ook as Ou Testamentiese tipe van Christus.

Integrasie van die verskillende aspekte van verhale vind dus plaas en alhoewel slegs die verhaal van Josef uitgesonder is vir gebruik in hierdie studie, is dit steeds in konteks van die Openbaringsgeskiedenis, en in lyn met die Skrif.

Die metode wat vir ondersoek gebruik is, is soos volg:

- Die teoretiese grondslag in die Reformatoriese tradisie wat as riglyn vir die terapeut se mensbeskouing kan dien, is onder die loep geneem. Daar is spesifiek verwys na die kind.
- Narratiewe terapie, en aanpassings vir die gebruik daarvan in terapie met kinders, is ondersoek.

- Daar is aandag geskenk aan Bybelse riglyne vir die gebruik van narratiewe terapie, en die wyse waarop dit in die praktyk van toepassing gemaak kan word.
- Redes vir die uitsondering van die Josef-verhaal vir gebruik in terapie, is aangevoer.
- Inligting rondom narratiewe terapie en Skrifgebruik wat ingesamel is, is geintegreer en deur praktiese voorbeelde geillustreer.

## 7.2 'n Bybels-Reformatoriese mensbeskouing

Alhoewel die Skrif nie oor 'n volledige mensbeskouing beskik nie, kom 'n aantal beginsels na vore wat as grondslag vir 'n mensbeskouing kan dien. Dit is juis die feit dat die mens na die beeld van God geskape is, wat die mens van die res van die skepping onderskei. As persoonlike wese het die mens die vermoë om te dink, te voel en besluite te neem, terwyl hy ook morele keuses kan maak en geestelike groei of verval toon.

Alhoewel daar verskillende menings bestaan rondom die betekenis van die mens as beeld van God, is die mens in hierdie studie vanuit die Calvinistiese verbondsbeskouing, as verbondswese, bespreek.

Die mens is bespreek in konteks van die volgende verhoudings waarin hy staan:

- In verhouding tot God
- In verhouding tot sy medemens
- In verhouding tot homself
- In verhouding tot die natuur

➢ In verhouding tot kultuur

Vervolgens is opgelet na die mens se *denke en gevoelens*, ten einde ook spesifiek te let op die verwoording daarvan. Deur versigtig te luister na wat 'n persoon vertel, kan sy denkwyse en lewensbeskouing na vore kom.

Aangesien God in Sy voorsienigheid ruimte laat vir menslike verantwoordelikheid, was dit belangrik om ook te let op *besluitneming en morele keuses*. Die Skrif trek dan ook dikwels 'n verband tussen kennis van God en gehoorsaamheid aan God.

*Sonde* het tot gevolg dat die mens nie meer as beeld van God optree nie, wat die noodsaaklikheid daarvan aantoon om God bo alles anders in die lewe van die mens te plaas. Die mens se gewete maak hom van sonde bewus, en oortuig hom van sy behoefte aan *vergifnis*. Hierdie vergifnis lei daartoe dat 'n mens as verloste leef, en op grond hiervan in staat is om teen probleme te stry.

Deur vergifnis word die mens se posisie teenoor God *herstel*, wat koninklike diensbaarheid teenoor ander en die skepping veronderstel. Hierdie geroepenheid laat die mens toe om volledig erns te maak met die wêreld en sy moontlikhede in die lig van die voleinding.

Aangesien God ook kinders by Sy verbond met die mensdom insluit, toon dit aan dat ook hulle ingesluit is by die spesiale verhouding wat Hy met die mens wil handhaaf.

## 7.3 Terapeut en die verhaal van die beradene in narratiewe terapie

Die *terapeut* in narratiewe poog om die mens aan *the roads less travelled* voor te stel. In hierdie opset behoort die houding van die terapeut die simpatieke en vergewingsgesinde gesindheid van Christus te weerspieël. Terselfdertyd behoort 'n houding van skerp kyk en soeke na die waarheid teenwoordig te wees.

Die terapeut behoort dus deur sy gedrag 'n beeld te skep wat die kind in sy gedagtes met 'n vertrouensverhouding kan vereenselwig. Hy dien dan ook as voorbeeld vir die kind. Selfs in die leidende rol wat die terapeut in terapie speel, behoort hy eerder as gespreksgenoot, en nie kenner nie, op te tree.

Elke persoon het 'n kernstorie wat rondom basiese konsepte van die lewe soos huwelik, geld, seks, dissipline, werk, ensovoorts bestaan. In nuwe situasies word vanuit hierdie kernstorie nuwe verhale gekonstrueer. Dit het tot gevolg dat 'n verhaal van nood wat aan die terapeut vertel word, nooit geisoleerd is nie, maar dat lyne na gebeure in die persoon se lewe ter sprake is. Die proses waardeur die kernstorie van 'n noodstorie herskep word, ten einde 'n nuwe verhaal te skep, word in ses stappe gedeel, naamlik:

- Die skryf van 'n probleem-bevryde storie
- Bevryding van die dominerende invloed van die probleem
- God wat Homself aan die mens skenk
- Die mens se nuwe verstaan van sy lewe en die konstruksie van 'n sinvolle lewe
- Reaksie, soos deur God gevra
- Getuig van en vier van God se verlossingsdade

## 7.4 Gebruik van die eksterne verhaal, van toepassing op die kind

Die eksterne narratief beskik oor die vermoë om die lewe na te aap, 'n wêreld te skep wat baie soos ons eie is, om gebeure en situasies oor te vertel en om mense te skep wat ons kan verstaan en met wie ons kan identifiseer. Hierdie eienskap lei daartoe dat die kind maklik met karakters in die eksterne verhaal kan identifiseer en die situasies op sy eie lewe van toepassing kan maak. Dit laat toe dat die kind se gevoel van isolasie tydens probleme plek maak vir 'n gevoel van gedeelde ondervinding.

Drie tipes eksterne verhale is in hierdie studie bespreek, naamlik:

- metafore
- stories/mites
- die Bybelverhaal

Redes waarom die terapeut self die metafoor in terapie met die kind ontwikkel, eerder as om die nuwe neiging waarvolgens die beradene self die metafoor skep, te volg, is aangevoer. Die feit dat die terapeut eerder die kind se leefwêreld moet betree as andersom, het gelei tot 'n bespreking van die ontwikkelingsvlak van die middelkinderjare kind, terwyl persoonlikheid ook aangeraak is.

## 7.5 Genesis 37, 39 tot 50 as besondere fokus

Die verhaal van Josef word in sy geheel beskou, en nie in afsonderlike dele nie. Die verhaal spreek in en deur homself, terwyl dit ook oor 'n duidelike tema beskik, wat op weldeurdagte wyse uitgebou is.

Alhoewel die term *novelle* nie in die Hebreeuse Bybel voorkom nie, is die verhaal vir die doel van hierdie studie op grond van literêre eienskappe (gebruik van dialoog, herhaling, ironie en weglating) as novelle geklassifiseer. Die verhaal word dan ook soos 'n moderne novelle gelees, waar 'n wêreld eie aan die verhaal geskep word ten einde vorm te gee aan vrae rondom mense se waardes en geloof: in verhouding met die leser se eie wêreld.

Die feit dat die verhale oor die patriarge steeds diep ingebed is in die westerse samelewing, toon aan dat dit oor die vermoë beskik om die verbeelding van die moderne leser aan te gryp wanneer hy daarmee in aanraking kom. Daar is ook gemerk dat historisiteit, aldan nie, van die Josef-verhaal nie noodwendig probleme skep nie, aangesien die mate van vryheid en gladde verloop van die verhaal juis die verhaal kenmerk: geen versteuring as gevolg van detail vind plaas nie.

Hierdie novelle is veral belangrik as karakterstudie wat aantoon hoe interaksie tussen mense plaasvind en deur interaksie verander wanneer hulle in situasies geplaas word waar gevaar en spanning voorkom. Die betekenis van die narratief is egter nie staties nie, maar ontwikkel oor 'n tydperk (onder andere na gelang van die leser se omstandighede).

Die feit dat God nooit Sy gelowiges in die steek laat nie en teleurstellings gebruik word om die mens tot iets beters te lei, kom ook sterk in die novelle na vore. Josef, as persoon, word nie net deur teoloë as 'n tipe van Christus beskou nie, maar staan ook onder Jode, Christene en Moslems in hul onderskeie tradisies bekend as 'n voortreflike persoon.

Yahweh self is dan ook die samebindende faktor tussen die onderlinge verhale van die patriarge (waaronder ook die verhaal van Josef, as seun van Jakob) onderling. Alhoewel mense nie noodwendig beheer het oor die situasies waarin hulle geplaas word nie (soos die geval met Josef is), word aangetoon hoe God in die lewens van mense geleenthede skep wat aangegryp kan word. Die novelle toon ook ooreenkomste met die verskillende siklusse van die verhale van die patriarge, waar God keer op keer in moeilike omstandighede optree en red.

Aangesien die jong kind kan identifiseer met die gebeure in Josef se lewe, kan Josef se houding en emosies op so wyse met die kind bespreek word, dat die kind die positiewe agterhou. Juis die feit dat Josef se eie emosies nie breedvoerig bespreek word nie, gee die kind geleentheid om sy eie gedagtes en gevoelens na vore te laat kom, deur dit op Josef te projekteer.

Die kind raak ook deur die gebruik van die verhaal vertroud met die Woord van God, terwyl hy ook deur praktiese toepassing leer hoe om antwoorde op lewensvrae by God te soek. Omdat die verhaal oor die karaktereienskappe van 'n goeie storie beskik (waaronder avontuur, stryd tussen goed en kwaad, verstaanbare karakters, uitstekende woordspel en 'n goeie spanningslyn), kan 'n terapeut met genoegsame kennis van die kind se voorkeure en verbeeldingskrag, kinders se aandag by die verhaal hou.

## 7.6 Toepassing van Genesis 37, 39 tot 50

Dit is belangrik om in ag te neem dat die gebruik van die Bybelverhaal in terapie nie op sy eie kan staan nie, maar in konteks van die gesin en geloofsgemeenskap, as deel van geloofsvorming, plaas te vind.

In hierdie studie is deur gevallestudies en praktiese toepassing aangetoon hoe die verhaal van Josef tydens 'n aanvangsonderhoud, individuele terapie en ook vir gebruik in groepe toepaslik is.

Te alle tye is gelet op die *doel* van die gebruik van die verhaal in spesifieke situasies, terwyl die *toepaslikheid* en *effektiwiteit* ook bespreek is. Uit hierdie bespreking van gevallestudies blyk dit dat die Josef-verhaal wel toepaslik is vir gebruik in narratiewe terapie met kinders.

## 7.7 Finale gevolgtrekking

1. Die mens staan in 'n besondere verhouding tot God, wat die strekking van alle ander verhoudings in die mens se lewe bepaal. Dit is dus noodsaaklik dat ook kinders gelei moet word om op verantwoordelike wyse sy lewe tot God te verbind.
2. Aangesien die gebruik van stories reeds vir eeue 'n natuurlike manier van kommunikasie is, kan narratiewe terapie, met enkele wysigings van sekulêre modelle, suksesvol gebruik word in terapie met die kind.
3. Christus self gebruik metafore om konsepte aan die mens oor te dra, daarom behoort die ontwikkeling van eksterne verhale by die proses van narratiewe terapie met die kind ingesluit te word.

4. Aangesien die Christen terapeut nie net ten doel het om kinders by te staan in die hantering van probleme nie, maar ook betrokke is by geloofsgroei, moet veral na die Woord van God gelet word vir gebruik as eksterne verhaal.
5. Die verhaal van Josef, weens talle redes wat in hierdie studie bespreek is, kan met gemak in terapeutiese situasies met die kind gebruik word. Onder die belangrikste redes is die wyse waarop God mense en gebeure (goed of sleg) gebruik om Sy doel te gebruik, terwyl die onbesproke karakter van Josef as held, 'n navolgingswaardige voorbeeld vir enige kind kan wees.

Daar kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat die Bybel self riglyne en narratiewe verskaf wat deur die Christen terapeut met die kind gebruik kan word in terapie, en dat modelle vir hierdie doel saamgestel kan word.

## 7.8 Voorstelle vir verdere studie

1. Praktiese gebruike van Skrifverhale vir Pastorale Berading.
2. Praktiese gebruik van Bybel-speletjies vir Pastorale Berading.
3. Pastorale Praktyk en ontwikkelingsfases.

**BRONNELYS**

ADAMS, J.E. 1973. The Christian Counselor's Manual: The Practice of Nouthetic Counseling. Grand Rapids, Mi.: Zondervan.

ANON. 1996. Ons glo ... die drie Formuliere van die Eenheid en Ekumeniese Belydenisse. 3de druk. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.

ASHBROOK, J.B. 1996. Brain Processes and Pastoral Counseling. The Journal of Pastoral Care, 50(2):141-149, Summer.

BEUKES, M.J. 1983. Kategese: 'n Handleiding vir kategete. Pretoria: Kital.

BURGER, H. 1999. Jesus se stories vir die lewe. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

BIBLE. 1996. Hebrew-Greek key study Bible: New International Version. Chattanooga, Tenn.: AMG Publishers.

BIGGER, S. 1994. Creating the Old Testament: The Emergence of the Hebrew Bible. Oxford: Broadman Press.

BLOMBERG, C.L. 1992. The New American commentary: Matthew. Nashville, Tenn.: Broadman Press.

BOTHA, M.E. 1993. Metateoretiese perspektiewe op die Sosiale Wetenskappe. Potchefstroom: PU vir CHO. (Reeks A: Geesteswetenskappe nr. 73.)

BOYD, P.E. & BRUCE, G.A. 1990. Christian and other philosophies of life. Pietermaritzburg: Centaur Publications.

BRUGGEMAN, P. 1996. Een heden zonder gistern of morgen. Die afnemende betekenis van de 'grote verhalen'. Rondom het Woord, 38(1):5-9.

BURGER, C. & SIMPSON, N. 1996. Poorte vir die Genade. Kaapstad: Lux Verbi.

BYBEL. 1993. Die Bybel in Praktyk. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

CANDLISH, R.S. 1972. Expositions of Genesis. Wilmington, Del.: Sovereign Grace Publishers.

CANDLISH, R.S. 1996. Studies in Genesis. (*In* Logos Library Systems.) [CD-ROM.]

CILLIERS, A. 1998. God skryf 'n storie. Kaapstad: Lux Verbi.

COATS, G.W. 1976. From Canaan to Egypt: Structural and Theological Context for the Joseph story. Washington, Dc.: The Catholic Biblical Association of America. (Catholic Biblical Quarterly Monograph Series 4.)

COETZEE, J.C. 1990. Die Skrif en die wetenskap: hermeneutiese reëls. (*In* Die Skrif en wetenskap. Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO, reeks J, studiestuk 22, Potchefstroom: PU vir CHO. p. 1-14.)

CRABB, L. 1997. Understanding who you are: What your relationships tell you about yourself. Colorado Springs, Colo.: Navpress Publishing Group.

CRAM, R.H. 1996. Knowing God: Children, Play and Paradox. Religious Education, 91(1):55-73.

DE BEER, V. 2000. Verbale gesprek vandie navorser met biliotekaresse van die kinderboekafdeling: Openbare Biblioteek Potchefstroom. Potchefstroom. (Aantekeninge beskikbaar.)

DEIST, F. 1991. Verhinder hulle nie: godsdiensondderig aan laerskoolkinders. Pretoria: Van Schaik.

DE VRIES, J. 1996. In de brokstukken van het bestaan een lijn ontdekken. Oog voor het lewensverhaal. Rondom het Woord, 38(1):10-13.

DE WOLFF, I. & VAN DOORN, G. 1975. 2de druk. De Geschiedenis der Godsopenbaring. In hoofdlijnen Beschreven. Entschede: Uitgeverij: J. Boersma B.V. [CD-ROM.]

DIETRICH, W. 1989. Die Josephserzällung als Novelle und Geschichtschreibung: zugleich ein beitrag zur Pentateugfrage. Neukirchen-Vluyn: Neukircherer Verlag. (Biblisch-theologische Studien, 14.)

DU TOIT, M. 1992. Stories vir kinders. (*In* STEENBERG, D. & DU PLESSIS, H. Skryfateljee: gesprekke oor skryfwerk. Pretoria: van Schaik. p. 69-73.)

EBERHARDT, T. 1996. Storytelling and Pastoral Care. The Journal of Pastoral Care, 50(1):23-31, Spring.

EZZO, G. & EZZO, A. 1997. Growing Kids God's way. Biblical Ethics for parenting. 4th ed. Chatsworth, Ca.: Micah 6:8.

FAINSILBER, L. & ORTONY, A. 1987. Metaphoral uses of language in the expression of emotions. Metaphor and Symbolic Activity, 2(4):239-250.

FRANCE, R.T. 1990. Tyndale New Testament commentaries: Matthew. Grand Rapids, Mi.: Eerdmans Publishing Company.

FLOOR, L. 1990. Die Skrif en die wetenskap: is die Skrif die kenbron? (*In* Die Skrif en wetenskap. Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO, reeks J, studiestuk 22, Potchefstroom: PU vir CHO. p. 15-32.)

FOURIE, D. 1998. Ontgin jou brein. Pretoria: van Schaik.

FREEDMAN, J. & COMBS, G. 1996. Narrative Therapy. The Social construction of preferred realities. Evanston, Ill.: Evanston Family Therapy Centre.

FROWE, I. 1998. Arguing. (*In* ANDREWS, R. Ed. Narrative and Argument. Mitton Keynes: Open University Press. p. 55-63.)

FUNG, Y.W. 1999. A portrayal of Joseph in Genesis: The problematic nature of his claims to knowing God's instructions. Sheffield: University of Cheffield. (Thesis – Ph.D.)

FURGESON, S.B. & WRIGHT, D.F. 1988. New Dictionary of Theology. Mowbray: Protestant Book Centre.

GAARNER, J. 1998. Sophie's World. London: Phoenix.

GANDOLFO, G. 1999. Emily, the cat and the Christmas star. (*In* MORGAN, A. Once upon a time: Narrative therapy with children and their families. Adelaide: Dulwich Centre Publications. p. 69-79.)

GILES, J.E. 1986. The Story of the self, the self of the Story. Religion and Intellectual Life, (4)1: 105-112, Fall.

GOLEMAN, D. 1998. Working with Emotional Intelligence. London: Bloomsbury Publishing.

GOODWICK, B. 1988. The Character of Joseph: Reconsidered. Journal of Psychology and Judaism, (12):215-219.

GUNN, D.M. & FEWELL, D.N. 1993. Narrative in the Hebrew Bible. New York: Oxford University Press.

HABERMAS, R. 1993. Does Peter Pan corrupt our children? Christianity Today, March.

HAMMOND, T.C. 1990. In understanding be men: A handbook of Christian doctrine. 6st ed. Mowbray: Protestant Book Centre.

HARTMAN, A. 1995. Niemand mag weet nie. Kaapstad: Lux Verbi.

HELBERG, J.L. 1983. Verklaring en prediking van die Ou Testament. Potchefstroom: PTP.

HELBERG, J.L. 1986. God en ons: Perspektiewe uit die Ou Testament. Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.

HEYNS, J.A. 1984. Dogmatiek. 3de druk. Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.

HOLBERT, J. 1995. Joseph and the surprising Choice of God. Perkins Journal, (38)33-42.

HOWARD, D.M. 1997. An Introduction to the Old Testament Historical Books. (*In* Logos Library Systems.) [CD-ROM.]

HUNTLEY, J. 1999. A Narrative Approach to working with students who have learning difficulties. (*In* MORGAN, A. Once upon a time ... Narrative therapy with children and their families. Adelaide: Dulwich Centre Publications. p. 37-49.)

HUMPREYS, W.L. 1988. Joseph and his family: A literary Study. Colombia, SC.: University of South Carolina Press.

HYMANS, D. 1996. The Symbolic Dimentions of pretent play: Implications for the education of young children in the church. Religious Education, 86(2):227-233, Spring.

JACKSON, N. 2000. Wat kom na die struggle? Jonges soek nuwe rolle. Beeld: 13, Julie 28.

JOHNSON, L.T. 1986. The Writings of the New Testament: An Interpretation. Philidelphia: Fortress Press.

JOY, M. 1999. Shame on who? Consulting with children who have experienced sexual abuse. (*In* MORGAN, A. Once upon a time ... Narrative therapy with children and their families. Adelaide: Dulwich Centre Publications. p. 145-172.)

KARLEEN, P.S. 1987. The handbook to Bible Study. (*In* Logos Library Systems.) [CD-ROM.]

KEIRSEY, D. 1998. Please understand me II. Del Mar, Ca.: Premetheus Nemesis Book Company.

KITCHEN, K.A. 1994. Genesis 12-50 in the Near Eastern World. (*In* HESS, R.S., WENHAM, G.J. & SHATTERTHWAITE, P.E. ed. 2nd. ed. He swore an oath: Biblical Themes from Genesis 12-50. Grand Rapids, Mi.: Baker Book House. p. 67-92.)

KRESS, G. 1998. Texture and meaning. (*In* ANDREWS, R. Ed. Narrative and argument. Mitton Keynes: Open University Press.

LANDRETH, G.L. 1991. Play Therapy: The Art of the Relationship. Bristol, Pa.: Accelerated Development.

LANKTON, C.H. & LANKTON, S.R. 1989. Tales of enchantment: goal-oriented methapors for adults and children in therapy. New York: Brunner/mazel Inc.

LESTER, A.D. 1985. Pastoral Care with children in crisis. Philadelphia: The Westminster Press.

LEUPOLD, H.C. 1972. Exposition of Genesis. London: Evangelical Press.

LION-CACHET, F.N. 1987. In die werkswinkel van die Ou Testamentiese eksegese. Potchefstroom: PU vir CHO.

LOBOVITS, D., EPSTON, D & FREEDMAN, J. 2000. About Narrative Therapy with Children. [Web:] *http://www.narrativeapproaches.com.narrative_therapy.html* [date of access: 15/03/2000]

LOHANN, C. 1986. Kinderlektuur: 'n Gids vir ouers, onderwysers, skrywers en illustreerders. Pretoria: HAUM Opvoedkundige Uitgewers.

LOTTER, G.A. 1993. Die werk van die Heilige Gees in die gelowiges volgens 2 Korintiërs. (Th.D proefskrif – PU vir CHO.)

LOTTER, G.A. 2000. Versoening en moontlike versoeningsimbole in die hedendaagse Suid-Afrika. Koers, 65(2):223-235.

LOUW, D.A. red. 1992. Menslike Ontwikkeling. 2de uitg. Pretoria: HAUM-Tersiêr.

LOUW, D.J. 1997. Pastoraat as vertolking en ontmoeting. 2de uitg. Kaapstad: Lux Verbi.

LOUW, J.P. & NIDA, E.A. 1989. Greek-English Lexicon of the New Testament based on semantic domains, vol. 1. New York: United Bible Societies.

LYNESS, K. & THOMAS, V. 1995. Fitting a square peg in a square hole: Using metaphor in narrative therapy. Contemporary Family Therapy, 17(1):127-142.

MALAN, M. 1983. Josef en Boesak: 'n studie in Versoening. Kaapstad: Saayman & Weber.

McNEILL, J.T. ed. 1950. Calvin: Institutes of the Christian Religion 1 & 2. Philadelphia: Westminster Press.

MARRA, R. 2000. Story, Silence and Spirit: The Crisis of the First-person Pronouns. [Web:] *http://www.iona.edu/academic/arts_sci/org/narrative/marra.htm* [date of access: 13/03/2000]

MATTHEE, D. 1992. Eienskappe van 'n goeie storie; navorsing vir 'n goeie storie. (*In* STEENBERG, D. & DU PLESSIS, H. Skryfateljee: gesprekke oor skryfwerk. Pretoria: van Schaik. P. 24-30.)

MOBERLY, P.W.L. 1992. Genesis 12-50. Sheffield: JSOT Press. (Old Testament Guides Series.)

MORGAN, A. 1998. Conversations of ability. (*In* WHITE, C. & DENBOROUGH, D. Introducing Narrative Therapy: A collection of practice-based writings. Adelaide: Dulwich Centre Publications. p. 33-46.)

MORGAN, A. 1999. Packing your bags for school. (*In* MORGAN, A. Once upon a time ... Narrative therapy with children and their families. Adelaide: Dulwich Centre Publications. p. 81-108.)

MONTELEONE, R. 2000. The Integrity of a Narrative Path: Circles of Possibilities. [Web:] http://www.iona.edu/academic/arts_sci/org/narrative/monteleone.htm [date of access: 15/03/2000]

MüLLER, J. 1996. Om tot verhaal te kom: Pastorale Gesinsterapie. Pretoria: RGN Uitgewers.

NIEHOFF, M. 1992. The figure of Joseph in Post-Biblcical Jewish literature. Leiden: E.J. Brill.

NOSWORTHY, S. & LANE, K. 1998. How we learnt that scratching can really be self-abuse: Co-research with young people. (*In* WHITE, C. & DENBOROUGH, D. Introducing Narrative Therapy. Adelaide: Dulwich Centre Publications. p. 179-193.)

OPPENHEIMER, H. 1994. Finding and following: Talking with children about God. London: SCM.

ORTLUND, A. 1995. Children are wet cement. Grand Rapids, Mi.: Spire.

PACKER, J.I. 1993. Concise Theology: a guide to historic Christian beliefs. (*In* Logos Library Systems.)

PIETERSE, H. 1993. Praktiese Teologie as kommunikatiewe handelingsteorie. Pretoria: RGN Uitgewers.

PERRY, L. 1999. There's a garden – somewhere. (*In* MORGAN, A. Once upon a time ... Narrative therapy with children and their families. Adelaide: Dulwich Centre Publications. p. 53-66.)

PICHTHALL, M.M. 1997. The Glorius Qur'an. Delhi: Kutub Khana Ishaat-Ul-Islam.

PFEIFFER, C.F. 1996. Wycliffe Bible Encyclopoedia. (*In* Logos Library Systems.) [CD-ROM.]

PRAKST, G. 1990. Make your words work: Proven techniques for effective writing – fiction and non-fiction. Cincinati, Oh.: Writers Digest Books.

PRETORIUS (néé De Beer), J.P., 1997. Josef – 'n Voorbeeld vir die getraumatiseerde kind (Beradingsmodel vir kinders uit die Ou Testament). (Referaat ingelewer vir die vak BYB 731 vir die Graad BA Honns Bybelkunde aand ie PU vir CHO op 21 Mei 1997.) Potchefstroom. 17p. (Ongepubliseer.)

PRINS, J.M.G. 1991. Kategese en geloofsoordrag deur sosialisering. Ned.Geref.Teologiese Tydskrif, (32)2:250-259.

PRINS, J.M.G. 1993. Vertrekpunte en riglyne vir vernuwing van die kategese. Ned.Geref.Teologiese Tydskrif, (34)1:81-93.

PRINS, J.M.G. 1995. Die vernuwing van die kategese in die Ned Geref Kerk: die sprong van teorie na praktyk. Ned.Geref.Teologiese Tydskrif, (36)1:24-35.

ROTH, S. & EPSTON, D. 1999. Framework for a White/Epston type interview. [Web:] *http://narrativeapproaches.com/white_interview.html* [date of access: 15/03/2000]

ROUX, C. 1994. Teaching the Bible to little children. Scriptura, 49:10-23.

ROUX, J.P. & KOTZE, D.J. 1997. Die Koinoniale konstruksie van 'n toerustingsprogram vir Narratiewe Pastorale Sorg. Acta Theologica, 1:51-73.

SEAMANDS, D.A. 1995. If Only: Moving beyond blame to belief. Vereeniging: Christian Art Publishing.

SMALLEY, G. & TRENT, J. 1991. The language of love. Colorado Springs, Colo.: Focus on the Family Publishing.

SNYMAN, L. 1983. Die kind se literatuur. Durbanville: Die Kinderpers.

STEELE, P. 1994. The Giant Panda. London: Kingfisher.

STEENBERG, E. 1989. Fantasie en die kinderboek – 'n Kernhandleiding. Pretoria: HAUM Literêr.

STOVER, E.D. & STOVER, M. 1994. Biblical Storytelling as a form of Child Therapy. Journal of Psychology and Christianity, 13(1):28-36.

STROM, R.D., BERNARD, H.W. & STROM, S.K. 1989. Human Development and Learning. New York: Human Sciences Press.

STROUP, G.W. 1981. The promise of narrative theology. London: SCM Press.

STUTTERHEIM, E. 1993. Kindgesentreerde maatskaplikewerkdienslewering (MWK 311). Potchefstroom: PU vir CHO. 122p.

SOMPER, J. 1994. Die Piramide-komplot. Pretoria: Daan Retief/Kennis Onbeperk.

SWEENEY, D.S. & LANDRETH, G. 1993. Healing a child's spirit through pretent play: A Scriptural approach to treating children. Journal of Psychology and Christianity, 13(1):28-36.

SWEENEY, D.S. 1997. Counseling Children through the world of Play. Wheaton, Ill.: Tyndale House.

VAN DEN BERG, J.A. 1998. Metaforiese Pastorale Gesinsterapie. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Proefskrif – Ph.D.)

VAN DER WALT, B.J. 1997. Being Human in a Christian Perspective. Potchefstroom: PU for CHE. (Series F2: Brochures of the Institute for Reformational Studies, nr. 68).

VAN DER WALT, B.J. 1999. Visie op die Werklikheid: Die bevrydende krag van 'n Christelike lewensbeskouing en filosofie. Potchefstroom: PU vir CHO (Reeks F3: Versamelwerke van die Instituut vir Reformatoriese Studie, nr. 48).

VAN DER WALT, E.J. 2000. Quoting Sources 2nd ed. Potchefstroom: PU for CHO. (Scientific Skills Series.)

VAN HEERDEN, P.R. 1996. Heilsrealisering van 'n Narratiewe Diakonale Pastoraat. Bloemfontein: Universiteit vand ie Oranje-Vrystaat. (Proefskrif - Ph.D.)

VAN HEERDEN, P.R. & KOTZE, D.S. 1997. Die Pastorale gesprek binne 'n narratiewe diakonale pastoraat. Acta Theologica, 17(1):81-98.

VAN WYK, J.H. 1996. Antropologie en pastoraat: 'n teologiese verkenning. In die Skriflig, 30(1):21-36, Maart.

VAN WYK, S. 1998. Maak God die vere of die voël? Josef se verhaal. Kaapstad: Lux Verbi. ('n Bybelstudie-Reeks vir groepe of individue.)

VARDY, P. 1990. The Puzzle of God. London: Collins Religious Division.

VENTER, C.J.H. 1987. Skrifperspektiewe en Skrifgegewens t.o.v. die psigiese lewe. Potchefstroom: PU vir CHO (Departement Wetenskapsleer, werkswinkelstuk no. 9).

VENTER, C.J.H. 1996. Uitkringende liefdesbetoon. Pretoria: RGN Uitgewery. (RGN studies in Praktiese Teologie.)

VERMEULEN, P.J. 1999. Pastorale dimensies van sekere gelykenisse in die Ou Testament. Potchefstroom: PU vir CHO.
(Proefskrif -Ph. D.)

VOSLOO, R. 1999. Prente van 'n passie. Kaapstad: Lux Verbi.

VOSLOO, W. 1986. Meer as net 'n storie. Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.

VOSLOO, W., VAN RENSBURG, F. & VELTHUYSEN, G. 1991. Wat die Bybel sê (Deel 1). Pretoria: van der Walt.

VOSLOO, W. & VAN RENSBURG, F. 1999. Die Bybellennium eenvolumekommentaar. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

WENHAM, G.J. 1994. The face at the bottom of the well: Hidden Agendas of the Pentateuchal Commentator. (*In* HESS, R.S., WENHAM, G.J. & SHATTERTHWAITE, P.E. ed. 2nd ed. He swore an oath: Biblical themes from Genesis 12-50. Grand Rapids, Mi.: Baker Book House. p. 185-209.)

WESTERMAN, C. 1986. Genesis II. Een praktische bijbelverklaring. Kampen: Uitgeversmaatskappij J.H. Kok.

WHITE, E.G. 1958. The Story of the Patriarchs and Prophets. Boise, Id.: Pacific Press Pubishing Association.

WHITE, C. & DENBOROUGH, D. 1998. Companions on a journey. (*In* WHITE, C. & DENBOROUGH, D. Introducing Narrative Therapy: A collection of practice-based writings. Adelaide: Dulwich Centre Publications. p. 1-16.)

WHITE, M. 1995. Re-authoring lives: interviews and essays. Adelaide: Dulwich Centre Publications.

WHITE, M. 1998. Some notes by Michael White. (*In* WHITE, C. & DENBOROUGH, D. Introducing Narrative Therapy: A collection of practice-based writings. Adelaide: Dulwich Centre Publications. p. 218-229.)

WILDAWSKY, A. 1993. Assimilation versus separation: Josep the Administrator and the Politics of Religion in Biblical Israel. London: Transaction.

WOLTERS, A.M. 1992. Die Skepping Herwin: Bybelse Grondslae vir 'n Reformatoriese Lewensbeskouing. Potchefstroom: PU vir CHO.

WOLVAART, J.F. & ZUCK, R.B. 1985. The Bible Knowledge commentary: an exposition of the Scriptures. (*In* Logos Library Systems.) [CD-ROM.]

WOOLFE, S. & HAMPTON, S. 1984. About Literature. South Melbourne: MacMillan Company of Australia.

WOOLLEY, C. 1991. Writing for children. New York: Plume.

ZERFASS, R. 1974. Praktische Theologie als Handlungswissenshaft. Praktische Theologie heute. Munchen: Kaiser/Grunewald.

# BYLAE

# Bylaag 1

# Die reis wat 'n lewe verander het

Het daar al iets in jou lewe gebeur wat jou hele lewe verander het? Lyk jou lewe dalk nou heeltemal anders as wat jy gedink het dit sou wees?

Josef was op die bodem van die put waarin sy broers hom gegooi het. Sy broers het nie geantwoord wanneer hy roep nie. Sy hande en voete het in die modder gegly soos wat hy probeer het om uit te klim. Daar was geen manier om uit te kom nie. Josef was in diep moeilikheid.

Nou, as Josef op daardie tydstip gedink het dinge lyk sleg, het hy 'n fout gemaak. Dit was AAKLIG! Want Reuben, die enigste broer wat vir Josef wou red – was weg. Miskien na 'n oop veld waar hy besig was om na die vee te kyk. Josef was alleen in die put. En die ander broers wou hom doodmaak.

ENIGIETS kon gebeur! En iets het.
Iets wat Josef se hele lewe verander het.

Dit het gebeur terwyl die broers besig was om te eet. Eers was dit net 'n kolletjie op die horison. Toe hoor hulle ... Dit was 'n karavaan met handelaars. Kamele en donkies gelaai met bondels goedere om in Egipte te gaan verkoop.

"Dit is handelaars!" het die broers gesê. "Hulle is op pad Egipte toe om goeters te gaan verkoop..."

VERKOOP! Hoekom nie vir JOSEF verkoop nie?

"Kom ons verkoop hom aan die handelaars," het hulle gesê. "Dan is dit nie nodig om hom dood te maak nie. En ons hoef die ou dromer nooit weer te sien nie. Dit is nogal 'n lekker manier om 'n bietjie geld te verdien ook!"

Hulle het vir Josef uit die put uit getrek en vir die handelaars geskree om te stop.

"Wil julle dalk 'n seun koop?" het hulle gevra. "Hy is groot en sterk en sal 'n goeie slaaf wees."

"Hmmm," het die handelaars gesê terwyl hulle Josef van nader beskou het, en "hummmmm" toe hulle sien hoe lank en sterk hy was. "Hy lyk nogal goed. Ons sal julle twintig stukke silwer vir hom gee."

En die broers het arme Josef daar en dan verkoop asof hy 'n stuk brood was. Hulle het hom agterna gekyk toe hy saam met die karavaan wegbeweeg. Hy het kleiner en kleiner geword. Toe was hy weg.

Daar was niks oor van Josef se pragtige rok nie.

Toe Reuben terugkom en uitvind Josef is weg, was hy VERSKRIK. Hy het sy klere geskeur en vir sy broers geskree: "Josef is WEG! Hoe kan ek vir pa in die oë kyk? Wat gaan ek DOEN."


Daar was net een ding waaraan die broers kon dink om te doen. Hulle het Josef se rok gevat. En dierebloed daaraan gesmeer. En die rok geskeur. En dit in die sand gerol.

"Ons sal vir pa vertel dat ons Josef se rok opgetel het," het hulle gedink," en hy sal dink dat 'n wilde dier vir Josef doodgemaak het."


En dit is wat hulle toe gedoen het.

"Wel," het hulle gedink. "Dit is die laaste sien van Josef."


Maar dit was nie. Hulle het een ding vergeet. Hulle het God vergeet. God het nog steeds vir Josef opgepas. En daar was wonderlike avonture wat vir hom voorgelê het.




Is daar iets wat jy kan doen wanneer jy so eensaam is as wat Josef seker gevoel het? Is dit moontlik om goed te voel oor die toekoms as daar skielik, sonder dat jy iets verkeerd gedoen het of dit verwag, iets sleg in jou lewe gebeur?



*Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir die wat Hom liefhet ...*
(Romeine 8:28)




Vader, soms maak die lewe net nie vir ons sin nie, al die lekker en goeie dinge wat U vir ons gee word weggesteek onder seerkry en alleen wees. Help asseblief dat ons steeds wanneer die lewe nie lekker is nie, op U bly vertrou, en herinner ons elke dag dat U nog steeds in beheer bly. Help ons om te bly glo dat alles sal uitwerk soos wat U wil hê dit moet. Amen.



Genesis 37:25-30

© Saamgestel deur Hantie Pretorius
ginooskoo@mweb.co.za

# Bylaag 2



-L se lewenspad
Ons bly by ouma + oupa
My pa slaan my ma, sy sê kyk wat doen hy omdat jy hom tart
Peep you
5-6
pee!
ie lekker
et
erF!
6 my pa gaan dood.
17-12
Die Here is by you
4 - 5
eina
My ma sê ek was baie stout.
Ek is gebore Klerksdorp

# Bylaag 3


# Keirsey vrae vir onder 12

*Skryf die kind se antwoorde op die volgende vrae neer. Gebruik dit as verwysingsraamwerk om persoonlikheid te bepaal. Hierdie is slegs 'n verwysingsraamwerk om die gesprek aan die gang te kry, gebruik verdere vrae om sekerheid oor die kind se behoeftes en voorkeure te verkry.*

1. As jy eendag groot is, wat wil jy word? Hoekom?
2. Wat is jou gunsteling speelding? Hoekom?
3. As jy enige speelding kan kry, selfs een wat dalk nie bestaan nie, wat sou dit wees? Hoekom?
4. Wat is jou gunsteling storie op televisie? Hoekom?
5. Wat is die mooiste storie wat jy al ooit *gehoor* het? Hoekom?
6. Vertel my van boeke.
7. Vertel my van sport.
8. Vertel my van skool.
9. Vertel my van jou maats.
10. Vertel my van die heel lekkerste ding in die lewe.

Vrae is saamgestel met die Keirsey persoonlikheidsanalise as agtergrond en verwysingsraamwerk, dit behoort nie in konteks van ander persoonlikheidsteorieë gebruik te word nie.

# Bylaag 4


JALOERS
MONA
BESLUITLOOS
TLHAKANE
DOM
SEMATLA
BANG
TSHABA
ELLENDIG
KHUTSAFETSE
AFKEUREND
GA KE BATLE
WOEDEND
AGGRESSIEF
BLY

# Bylaag 5

